

PROTOTIPIESE AFRIKAANSE

TABOEWOORDE

deur

Mart-Mari van der Merwe

16002360

'n Verhandeling voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad Magister Artium in

Afrikaans

aan die

Departement Afrikaans

Fakulteit Geesteswetenskappe

Universiteit van Pretoria

Studieleier: Suléne Pilon

Medestudieleier: Gerhard van Huyssteen

Oktober 2022

“[Afrikaans druis om ons heen in ’n magtige vloekrivier.]”

- Antjie Krog in *Taalgenoot* (Sommer 2021)

Verklaring

Die outeur, wie se naam op die titelblad van hierdie verhandeling verskyn, het die toepaslike goedkeuring by die navorsingsetiekkomitee ontvang vir die navorsing wat in hierdie verhandeling beskryf word.

Die outeur verklaar dat sy die etiese standaarde, soos uiteengesit in die Universiteit van Pretoria se etiese kode vir navorsers en die beleidsriglyne vir verantwoordelike navorsing, nagekom het.

Declaration

The author, whose name appears on the title page of this thesis, has obtained, for the research described in this work, the applicable research ethics approval.

The author declares that she has observed the ethical standards required in terms of the University of Pretoria's Code of ethics for researchers and the Policy guidelines for responsible research.

Vooraf

Ek het in Maart 2020, te midde van wêreldwye onsekerhede en ingrypende veranderinge in ons daaglikse bestaan, hierdie studie begin. Nodeloos om te sê was daar heelwat uitdagings wat oorkom moes word, iets wat 'n haas onbegonne taak sou wees sou wees op my eie. Ek betuig dus graag my innige dank aan die volgende persone wat die paadjie makliker en selfs lekker gemaak het:

- My studieleier, Suléne Pilon. Dit was 'n wonderlike voorreg om hierdie projek onder jou leiding aan te kon pak. Baie dankie dat jy vir drie jaar lank jou besonderse taalkennis met my gedeel het en ook vir die talle ure wat jy saam met my gesit het om die data vir my verteerbaar te maak. Dankie veral vir jou volgehoue bemoediging en jou vertroue in my, waarsonder hierdie verhandeling 'n chaotiese poeletjie taboewoorde sou wees.
- My medestudieleier, Gerhard van Huyssteen. Baie dankie dat ek deel kon wees van jou dinamiese vloekprojek. Meer nog, baie dankie vir jou onvervangbare insette in my studie en jou noukeurige, baie waardevolle kommentaar en aanbevelings. Ek is bly en dankbaar dat ek soveel by jou kon leer.
- Jaco du Toit van CText. Baie dankie dat jy die frekwensiedata vir my korpusondersoek onttrek het, en dat jy dit in 'n hanteerbare formaat vir my gestuur het.
- My broer, Lukas van der Merwe. Duisend dankies, boetie, dat jy ure voor die rekenaar gesit het om vir my sommetjies te maak (sonder om ooit moedeloos te word as ek weer iets wil verander).
- Stefan van Zyl. Dankie dat jy groot gedeeltes van hierdie verhandeling krities gelees het, en dankie ook vir hulp met die taalversorging.
- My ouers, Marietjie en Schalk van der Merwe. Dankie dat julle ou Afrikaanse kinderboeke uit hulle bêreplekke gehaal het toe ek begin lees het. Dankie dat julle die gevolge daarvan met grasie gedra het, en dat ek steeds 'n pakplek vir my boeke by

julle huis het. Julle liefdevolle onderskraging is mateloos en onvervangbaar en ek is julle ewig dankbaar daarvoor.

- Alex Gregan. Baie dankie vir die ure wat jy sommer net hier was terwyl ek gewerk het. Veral ook dankie vir die ure wat jy my uit my studeerkamer gesleep het na die buitewêreld waar dinge hardloop en groei en waai en drup en klink.
- Al die familie en vriende wat ek nie by die naam genoem het nie. Julle meelewende ondersteuning en opregte belangstelling sal my altyd bybly.

Laastens wil ek in die besonder my dank uitspreek teenoor die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns en die Universiteit van Pretoria. Beide instansies se finansiële ondersteuning in die vorm van nagraadse beurse het my studie moontlik gemaak. Enige uitsprake of gevolgtrekkings wat in hierdie studie gemaak word, is egter my eie en kan nie aan hierdie instansies toegeskryf word nie.

Abstract

Prototypical Afrikaans taboo words

In any linguistic community certain conventions arise that regulate the language use of the members within that community to a certain degree. These conventions readily pertain to linguistic taboos, specifically in terms of taboo words. One of the regulatory bodies that plays an active part in the upkeep of these conventions in a South African context, is the Film and Publications Board (FPB). The FPB is responsible for the classification of, amongst other things, strong language in films and other publications. However, to date there are no scientific evidence or research that informs this classification procedure, and therefore this study explores the potential of this field.

An obvious first step in the direction of empirically based classification guidelines is the identification of the lexical items that need to be classified, and subsequently the focus in this study is set on prototypical Afrikaans taboo words: The central taboo words that are most frequently used and are also easily recalled by the Afrikaans speaking community. However, no methodological guidelines for the identification of said lexical items were found in the literature, and therefore the first objective of this study was to define the concepts **taboo word** and **prototypical** in order to develop an operational methodology. On completion of the literature review in line with the aforementioned objective, a specific research question was asked: Which Afrikaans taboo words can be empirically identified as the 50 most prototypical Afrikaans taboo words?

Four subquestions were formulated to test for some properties of prototypes as assumed in Prototype Theory (Rosch 1975a):

- i. Which 50 Afrikaans taboo words are produced first by Afrikaans-speaking respondents as a response to the task of writing down as many Afrikaans taboo words as they can think of in two minutes, in the order in which they think of the words?

- ii. Which 50 Afrikaans taboo words are most frequently produced as a response to written hypothetical situations?
- iii. Which 50 Afrikaans taboo words have the highest usage frequency in selected Afrikaans corpora?
- iv. Which 50 Afrikaans taboo words are judged by respondents to be the best examples of the taboo-word category in a goodness-of-example questionnaire?

To answer the first subquestion, an online questionnaire was deployed on the website vloek.co.za. The results of this questionnaire were processed and ranked to reflect both the frequency of occurrence and position within a respondent's answer. Finally, a ranked list of 50 taboo words based on these results was drawn up.

The second subquestion deals with the 50 taboo words used most often as a response to hypothetical situations. A second online questionnaire was deployed on vloek.co.za and respondents were asked to give a cursing response to 14 hypothetical emotional scenarios. The data was processed and a ranked list of 50 taboo words was again drawn up.

A corpus investigation was conducted to answer the third subquestion. Two Afrikaans corpora, namely the NWU/Kommentaarkorpus 2.0 and the NWU/Lapa-korpus 1.5, were used in the investigation. After completion of the corpus investigation, a ranked list was once again drawn up to reflect the 50 most prototypical Afrikaans taboo words based on frequency of occurrence in the corpora.

The fourth subquestion was answered with the help of a third online questionnaire in the form of a goodness-of-example grading task. The results reflect how the respondents perceive the specific taboo words with reference to their place in the taboo-word category. These results were used to compile a fourth ranked list of 50 prototypical Afrikaans taboo words.

The results of the four investigations conducted in this study cannot simply be unified, given the fact that different types of tasks were given. The first investigation, however, is posited as the most methodologically sound. Therefore, the results from the first investigation are

presented as the top 50 most prototypical Afrikaans words based on the data collected in this study. The 50 most prototypical Afrikaans taboo words are: *fok, poes, bliksem, doos, kak, donder, kont, moer, naai, fokken, fokker, hoer, etter, poephol, piel, drol, slet, fokkit, fokkof, jissus, moerskont, naaier, teef, blerrie, shit, stront, ma se poes, befok, tos, k¹-woord, hol, fokkol, god, jirre, fok tog, gat, pis, wetter, fuck, tril, dêmmit, fokkop, skyt, asshole, moerse, ballas, bitch, werfetter, bekak* and *spyker*.

Keywords:

Afrikaans, categorisation, Prototype Theory, prototypical Afrikaans taboo words, swearword research, taboo words.

Opsomming

Prototipiese Afrikaanse taboewoorde

In enige taalgemeenskap ontstaan daar sekere konvensies wat lede van die taalgemeenskap se taalgebruik tot 'n meerdere of mindere mate reguleer. 'n Aspek van taalgebruik wat by uitstek aan hierdie regulering onderwerp word, is taaltaboes, en spesifiek taboewoorde. Een van die liggame wat 'n praktiese rol ten opsigte van hierdie regulasie in die (Suid-)Afrikaanse konteks speel, is die Film- en Publikasieraad (FPR), wat verantwoordelik is vir die klassifikasie van onder andere sterk taalgebruik in films en ander publikasies. Daar is egter tot op hede geen empiries begronde navorsing waarop hierdie klassifikasie berus nie, en dus word dié navorsingsveld in hierdie studie verken.

'n Eerste stap in die rigting van empiries begronde klassifikasieriglyne is uiteraard die identifisering van die leksikale items wat geklassifiseer moet word, en vervolgens is die fokus in die studie ingestel op prototipiese Afrikaanse taboewoorde, oftewel daardie taboewoorde wat die meeste gebruik word en die maklikste opgeroep word in die Afrikaanssprekende gemeenskap. In die vakliteratuur is daar egter geen metodologiese riglyne vir die identifisering van sodanige leksikale items gevind nie, en dus was die eerste doelstelling van hierdie studie om die konsepte **taboewoord** en **prototipies** te omskryf met die oog op die metodologiese operasionalisering daarvan. Na afloop van die literatuurondersoek ter uitvoering van voorgenoemde doelstelling, is 'n spesifieke navorsingsvraag gevra: Watter Afrikaanse taboewoorde kan empiries geïdentifiseer word as die 50 prototopiesste Afrikaanse taboewoorde?

Vier subvrae is voorts geformuleer om te toets vir enkele eienskappe van prototipes soos veronderstel word in die prototipeteorie (Rosch 1975a):

- i. Watter 50 Afrikaanse taboewoorde word sonder kontekstualisering eerste en die frekwentste deur Afrikaanssprekende respondente skriftelik geproduseer?

- ii. Watter 50 Afrikaanse taboewoorde word met kontekstualisering die frekwentste deur Afrikaanssprekende respondente skriftelik geproduseer?
- iii. Watter 50 Afrikaanse taboewoorde kom die frekwentste in korpora voor?
- iv. Watter 50 Afrikaanse taboewoorde word in 'n goedheid-van-voorbeeld-vraelys deur Afrikaanssprekende respondente beoordeel as die beste voorbeelde van taboewoorde?

Om die eerste subvraag te beantwoord, is 'n eerste ondersoek uitgevoer met behulp van 'n aanlyn vraelys. Die resultate van die vraelys is verwerk en uiteindelik is 'n ranglys van 50 taboewoorde op grond van hierdie resultate opgestel.

Die tweede subvraag handel oor die 50 taboewoorde wat die meeste gebruik is as respons op hipotetiese situasies. In die tweede ondersoek is respondente gevra om 'n vloekreaksie op 14 emosionele scenario's te gee. Hierdie data is verwerk en vervolgens is 'n tweede ranglys van 50 taboewoorde opgestel.

'n Korpusondersoek is uitgevoer om die derde subvraag te beantwoord. Ná afloop van die korpusondersoek is daar weereens 'n ranglys opgestel wat 'n refleksie is van die 50 prototipiesste Afrikaanse taboewoorde op grond van voorkomsvrekwensie in korpora.

Die vierde subvraag is beantwoord met behulp van 'n goedheid-van-voorbeeld-vraelys wat aanlyn gepubliseer word. Na aanleiding van die resultate is 'n vierde ranglys van 50 Afrikaanse taboewoorde opgestel. Hierdie ranglys toon aan watter Afrikaanse taboewoorde die respondente as die beste voorbeelde van Afrikaanse taboewoorde beskou.

Uiteindelik is tot die gevolgtrekking gekom dat die verskillende ondersoeke se resultate nie verenig kan word nie. Die eerste ondersoek se metode is uitgesonder as die betroubaarste metode wat in hierdie studie gebruik is om prototipiese taboewoorde mee te identifiseer. Derhalwe dien die eerste ondersoek se top 50 as die antwoord op die hoofnavorsingsvraag. Die 50 prototipiesste Afrikaanse taboewoorde is: *fok, poes, bliksem, doos, kak, donder, kont,*

moer, naai, fokken, fokker, hoer, etter, poephol, piel, drol, slet, fokkit, fokkof, jissus, moerskont, naaier, teef, blerrie, shit, stront, ma se poes, befok, tos, k¹-woord, hol, fokkol, god, jirre, fok tog, gat, pis, wetter, fuck, tril, dêmmit, fokkop, skyt, asshole, moerse, ballas, bitch, werfetter, bekak en spyker.

Sleuteltermes:

Afrikaans, prototipe, prototipeteorie, prototipiese Afrikaanse taboewoorde, taboewoorde, vloeknavorsing.

Inhoudsopgawe

VERKLARING	I
DECLARATION.....	I
VOORAF	II
ABSTRACT	IV
PROTOTYPICAL AFRIKAANS TABOO WORDS	IV
OPSOMMING.....	VII
PROTOTIPIESE AFRIKAANSE TABOEWOORDE	VII
LYS VAN TABELLE.....	XIII
LYS VAN FIGURE.....	XIV
1. INLEIDING	1
1.1 KONTEKSTUALISERING	1
1.2 VOORLOPIGE DEFINISIE VAN “TABOEWOORD”	3
1.3 PROBLEEMSTELLING	6
1.4 NAVORSINGSVRAE.....	10
1.5 DOELSTELLINGS.....	11
1.6 METODOLOGIE	11
1.7 HOOFSTUKINDELING	14
2. DIE KONSEPTE “TABOEWOORD” EN “PROTOTIPIES”	16
2.1 INLEIDING	16
2.2 “TABOEWOORD” GEDEFINIEER	16
2.2.1 Internasionale literatuur.....	18
2.2.2 Afrikaanse literatuur	19
2.2.3 Struikelblokke vir navorsing oor taboeoorde.....	31
2.2.4 Gevolgtrekking.....	42

2.3 “PROTOTIPIES” GEDEFINIEER	46
2.3.1 Wat is ’n prototipe?	47
2.3.2 Maatstawwe vir die identifisering van prototipes	49
2.4 SAMEVATTING	54
3. PROTOTIPIESE AFRIKAANSE TABOEWOORDE	57
3.1 INLEIDING	57
3.2 ONDERSOEK 1	57
3.2.1 Metode	58
3.2.2 Bespreking	66
3.3 ONDERSOEK 2	69
3.3.1 Metode	69
3.3.2 Bespreking	75
3.4 ONDERSOEK 3	77
3.4.1 Metode	77
3.4.2 Bespreking	84
3.5 PRODUKSIEONDERSOEKE: VERENIGING	87
3.6 ONDERSOEK 4	91
3.6.1 Metode	91
3.6.2 Bespreking	98
3.7 VERGELYKINGS	106
3.7.1 Algemene vergelykings	106
3.7.2 Vergelykings van metodes	109
3.7.3 Vergelyking van ranglyste	112
3.8 SAMEVATTING	121
4. SLOT	123
4.1 SAMEVATTING	123
4.2 TOEKOMSTIGE NAVORSING	129

4.2.1 Prototipisiteit.....	130
4.2.2 Afrikaanse taboewoorde.....	130
BRONNELYS.....	132
BYLAAG A	142
BYLAAG B	145

Lys van tabelle

Tabel 1: Eienskappe van prototipisiteit	55
Tabel 2: Onderzoek 1 (voorkomingsfrekwensies en prototipisiteitstellings)	62
Tabel 3: Eerste posisies	65
Tabel 4: Korpusportaal (Omvattend) en Korpusportaal (Eksklusief)	68
Tabel 5: Onderzoek 2 (voorkomingsfrekwensies)	73
Tabel 6: Steekproefvoorbeelde van rassistiese terme	81
Tabel 7: Onderzoek 3.....	82
Tabel 8: Produksieprototipes.....	87
Tabel 9: Items wat ontbreek uit die produksieprototipes	90
Tabel 10: Kontrole-items	94
Tabel 11: Onderzoek 3 (rou GVV-tellings).....	95
Tabel 12: Mediaanwaardes	99
Tabel 13: Moduswaardes.....	99
Tabel 14: Betekenisklusters	102
Tabel 15: Onderzoek 4 (verenigde GVV-tellings)	103
Tabel 16: Produksieprototipes en GVV-tellings	107
Tabel 17: Aantal items en range in onderskeie ondersoeke	113
Tabel 18: RBO-waardes ($p = 0.9$)	116
Tabel 19: RBO-waardes ($p = 0.979658$).....	117
Tabel 20: Antwoorde op die navorsingsvrae	127

Lys van figure

Figuur 1: Onderzoek 1	66
Figuur 2: Onderzoek 2	75
Figuur 3: Onderzoek 3	84
Figuur 4: Onderzoek 4	105

1. Inleiding

1.1 Kontekstualisering

“Laat net een *donner lag*” (Van Nierop 2016:168). Hierdie woorde deur die akteur Jamie Uys in *Lord oom Piet* (1962) is volgens Van Nierop (2016:168) ’n mylpaal in die Afrikaanse filmgeskiedenis vanweë een rede: Uys het in ’n film gevloek. Gegewe die konserwatiewe gees wat die Afrikaanse gemeenskap se taalgebruik (in films en publikasies) in die verlede aan bande gelê het, is ’n vloekuiting in ’n film beslis ’n mylpaal. Die Afrikaanse literatuurgeskiedenis is deurspek van voorbeelde waar sensuur op grond van taalgebruik gelei het tot die verbod op ’n publikasie. Vergelyk byvoorbeeld *Magersfontein, O Magersfontein!* deur Etienne le Roux wat in 1977 verbied is onder andere as gevolg van die “oormatige ydelike gebruik van die naam van die Here” (Feinauer 1981:40).

Die huidige taallandskap lyk vandag anders, alhoewel publikasies steeds geklassifiseer word in terme van taalgebruik (en ander aspekte wat nie hier ter sprake is nie). Ingevolge die Wet op Films en Publikasies (RSA 1996) berus die verantwoordelikheid vir die toekenning van ouderdomsbepelings en ander klassifikasies van publikasies by die Film- en Publikasieraad (voortaan die FPR). So byvoorbeeld is ’n groep van 37 klassifiseerders in Oktober 2020 aangestel om die klassifikasie van films en publikasies vir die volgende vier jaar namens die FPR te hanteer (FPR 2021:26). Hierdie groep is veronderstel om demografies (met betrekking tot ras, ouderdom en biologiese geslag) redelik verteenwoordigend van die volwasse Suid-Afrikaanse publiek te wees (kyk FPR s.a.a). Daar word wel nie aangedui hoe die taalverspreiding in hierdie groep lyk nie, en aangesien taalgebruik een van die klassifikasie-elemente is, sou hierdie faktor ook ’n belangrike oorweging kon wees by die keuring van klassifiseerders.

Volgens die FPR se webtuiste kan die Suid-Afrikaanse publiek jaarliks kommentaar lewer op die klassifikasieriglyne wat hulle daarstel, en derhalwe voer hulle aan dat die riglyne die openbare opinie weerspieël (FPR s.a.a). Benewens die publiek se kommentaar neem die FPR

ook internasionale navorsing en riglyne in ag om te verseker dat die klassifikasies in voeling is met die res van die wêreld (vergelyk byvoorbeeld FPR 2021:22).

Soos reeds genoem, is taalgebruik een van die elemente waarop klassifikasie berus. Vloek (en die ervaring daarvan) is egter 'n besonder konteksgebonde verskynsel wat deur 'n legio veranderlikes beïnvloed word (soos ouderdom, biologiese geslag, kultuur, sosiale status, geografiese gebied, ensovoorts). Daar sou dus verwag kon word dat die riglyne vir hierdie baie komplekse klassifikasie-element volledig en gedetailleerd sal wees. Die riglyne van die huidige klassifikasiesistiem vir Suid-Afrikaanse films ten opsigte van taalgebruik in enige van die land se amptelike tale is egter nogal vaag en oop vir interpretasie (FPR 2022:10):

- (i) The use of strong language must be considered in the allocation of an appropriate age restriction; and
- (ii) Regardless of the level of age restriction, the public must be alerted to the occurrence of strong language of a mild, moderate, strong or very strong impact.

Op die FPR se offisiële webtuiste word aangedui dat die letter “L” (of in Afrikaans dan “T” vir “Taal”) gebruik word om die aanwesigheid van sterk taalgebruik (soos vloekwoorde) in 'n publikasie aan te toon (FPR s.a.b). Hulle dui vier kategorieë aan waaronder sterk taalgebruik kan ressorteer (FPR 2022:10):

- gematigde taboewaarde¹;
- redelike taboewaarde;
- sterk taboewaarde; en
- baie sterk taboewaarde.

¹ Die woord “taboewaarde” is hier gebruik as operasionalisering van “impact” (kyk FPR 2022:10) binne die konteks van vloeknavorsing, aangesien “taboewaarde” tipies gebruik word om te verwys na die potensiële impak van taboewoorde (kyk byvoorbeeld Jay 1992:161).

Dienooreenkomstig is die taboewaarde van die taalgebruik die beslissende faktor vir die klassifikasie van taalgebruik. Twee ander aspekte, te wete voorkomsvrekwensie en die intensie om 'n ander persoon te beledig of te skend, word ook in berekening gebring wanneer daar besluit word watter ouderdomsbepanking aan 'n publikasie toegeken moet word (kyk FPR s.a.b). Vir elke ouderdomsbepanking word daar duidelik gestel watter kategorie (gematigde taboewaarde, redelike taboewaarde, sterk taboewaarde of baie sterk taboewaarde) van taboetaalgebruik in 'n publikasie aanwesig mag wees. As 'n klassifikasie se ouderdomsbepanking byvoorbeeld "13" is, geld die volgende riglyn in verband met die taalgebruik: "[content] may contain only scenes of implied, verbal or actual moderate impact language" (FPR 2022:18). Tog word daar nie duidelik gestel watter woorde in watter kategorieë hoort nie, en die tekort aan duidelike riglyne mag hierdie klassifikasie aan die subjektiwiteit van individuele klassifiseerders onderwerp.

Benewens die klassifikasie-element "L" is "P" (vir "Prejudice") of "V" (vir "Vooroordeel") ook relevant om hier te noem. Die FPR sluit nie godslasterlike taalgebruik onder "T" in nie, maar eerder onder "V" (FPR 2022:25). Tans toon "V" vir "Vooroordeel" enige taalgebruik of handeling aan wat diskriminerend teenoor 'n spesifieke groep mense (soos 'n godsdienstgroep of 'n kultuurgroep) kan wees (vergelyk FPR 2022:25). Hier is die riglyne ten opsigte van die taalgebruik dus redelik duidelik. Daar is egter steeds geen aanduiding van watter woorde gemerk moet word nie. Wanneer daar in ag geneem word dat talige taboes die element is wat, naas geweld, die gereeldste aangedui word in films (vergelyk FPR 2018:28), is dit kommerwekkend dat daar geen riglyne vir konsekwente klassifikasie is nie. Dit is teen hierdie breë agtergrond wat hierdie studie wil poog om 'n lys van prototipiese Afrikaanse taboewoorde saam te stel.

1.2 Voorlopige definisie van "taboewoord"

In die literatuur oor talige taboes is daar telkens aanduidings dat dit moeilik is om hierdie verskynsels te kategoriseer. Die Afrikaanse term **vloekwoord** kompliseer hierdie saak verder as gevolg van die feit dat dit 'n term is wat verskeie polisemiese betekenisse verwerf het (wat

dus onduidelikheid kan veroorsaak indien daar akademies oor die term besin word). Vergelyk byvoorbeeld die volgende inskrywings in die 2015-weergawe van die *Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal* (HAT; Luther et al. 2015):²

vloek¹

▣ s.nw. [**vloeke**]

1 vervloeking onder die aanroep van goddelike mag; verwensing: ◊ *Daar rus 'n vloek op elkeen wat traag is om die werk te doen wat die Here hom gegee het* (Jer. 48:10 NV).

| 'n vloek oor iets/iemand uitspreek iemand/iets vervloek.

| daar rus 'n vloek op iets gesê wanneer aanhoudende teëspoed ondervind word.

2 godslasterlike/vulgêre/kru/onbeskofte uitroep/uitdrukking; kragwoord: *Hy het 'n growwe vloek geuiter toe die taxi voor hom inry. • Die vloeke rol van sy lippe.*

3 (figuurlik) persoon/saak wat rampe/ellende veroorsaak: *Die diktator het 'n vloek vir sy volk geword. • die vloek van dronkenskap/tikgebruik.*

4 (skelwoord) woord wat 'n spreker gebruik om sy/haar afkeer van iemand te kenne te gee; vuilgoed; vloeksel; vloeksteen; ellendeling: *So 'n vloek van 'n vent. • Met so 'n vloek wil ek niks te doen hê nie. • Loop, jou vloek. ◊ Een vloek het ek nou darem lieflik op sy herrie gespeel* (C.J.M. Nienaber). ◊ *Ek sal my nie laat stuur net omdat die ander ou 'n ryk vloek is nie* (Hans du Plessis).

▣ ww. [**het gevloek**]

1 godslasterlike/vulgêre/kru/onbeskofte taal/woorde/uitroepe/uitdrukkings gebruik; kragwoorde gebruik: *vloek soos 'n viswyf/matroos • 'n vloekende soldaat. Hou tog op om so vieslik te vloek!*

2 'n vloek uitspreek oor; verwens; vervloek: *iemand vloek.*

3 lelik teen mekaar afsteek; 'n pynlike kontras vorm: *Die kleure van haar rok en hoed vloek teen mekaar. • Sy woorde en dade vloek teen mekaar.*

► vloeker ► vloekery

vloek 2 s.nw. [gewoonlik enkelvoud] > vloekskoot

vloek-woord s.nw. [**vloekwoorde**]

woord wat 'n verwensing uitspreek; godslasterlike/vulgêre/kru/onbeskofte woord; kragwoord: *growwe vloekwoorde gebruik • Hy kan nie 'n sin maak sonder om 'n vloekwoord te gebruik nie.*

² Waar daar slegs na die HAT verwys word sonder om 'n uitgawe aan te dui, word daar deurgaans na hierdie jongste (sesde) uitgawe verwys.

Vir die doel van hierdie studie gaan die term **taboewoord** voorts eerder gebruik word as **vloekwoord**³ in 'n poging om potensiële terminologiese dubbelsinnigheid te vermy.⁴ In aansluiting by Jay (2020) en Beers Fägersten (2012) se oproep word die term **taboewoord** voorlopig soos volg gedefinieer: 'n Taboewoord is enige woord wat in sommige kontekste deur verskillende mense as taboe ervaar sal word.

In navolging van die groter vloekprojek waarvan hierdie studie deel is, met die titel *Wat de Vloekwoord! Multidissiplinêre navorsing en wetenskapskommunikasie oor vloek* (WDV) word verskeie funksionele subkategorieë voorlopig ook by hierdie konseptuele kategorie ingesluit, te wete **verswerings**, **swetse**, **skelwoorde**, **lasterings**, **vervloekings** (of **verwensings**), en **beledigings**.

Die konsepte wat deur taboewoorde benoem word, vind hul oorsprong in die volgende semantiese domeine:⁵

1. Die godsdienisdomein, byvoorbeeld *jirre*
2. Die seksuele domein (liggaamsdele en gedrag), byvoorbeeld *fok*
3. Die skatologiese domein, byvoorbeeld *kak*
4. Die natuurdomein, byvoorbeeld *bliksem*
5. Die dieredomein, byvoorbeeld *teef*
6. Die andersheidsdomein, byvoorbeeld *moffie*

Bostaande dien as 'n voorlopige beskrywing van die taalverskynsel wat in hierdie studie aan bod kom. In Hoofstuk 2 sal relevante terme en konsepte aan die hand van plaaslike en internasionale vakliteratuur in veel meer detail bespreek en (her)definieer word.

³ Daarmee word **taboewoord** en **vloekwoord** wel nie gelykgestel (as sinonieme) nie.

⁴ In vraelyste gaan die term **vloekwoord** wel gebruik word, aangesien dit 'n bekender en dus ook toegankliker term vir die publiek is.

⁵ Kyk <https://vloek.co.za/>.

1.3 Probleemstelling

Om konsekwente klassifikasie deur 'n liggaam soos die FPR te verseker, moet alle Afrikaanse taboewoorde idealiter in terme van hulle taboewaardes gekategoriseer word. Daarvoor moet die taboewaardes van alle Afrikaanse taboewoorde empiries gemeet word, wat uiteraard 'n prakties onbegonne taak is. As 'n alternatief kan die taboewaardes van ten minste die belangrikste, waarskynlikste taboewoorde bepaal word. Daar kan begin word om hierdie uitdaging aan te pak deur ondersoek in te stel na prototipisiteit in die Afrikaanse taboewoordkategorie.

Prototipisiteit is 'n begrip wat sentraal in die kognitiewe wetenskappe staan en wat juis te make het met sentrale lede van 'n kategorie wat die belangrikste is en die frekwentste voorkom (vergelyk Rosch 1975a:198). In die kognitiewe linguistiek word sulke prototipes bepaal deur van onder andere werklike taalgebruiksdata gebruik te maak (vergelyk byvoorbeeld Van Huyssteen 2000:46). Internasionaal word daar ook op die terrein van vloeknavorsing algaande meer fokus geplaas op die taalgebruik, opinies en houdings van die publiek (Beers Fägersten 2000; Van Sterkenburg 2001; Ofcom 2016).

Afrikaanse vloeknavorsing het, tot op hede, nog selde genoegsame of omvattende aandag aan werklike taalgebruiksdata gegee. Lubbe (1970), Calitz (1979) en Feinauer (1981) se onderskeie studies is die vroegste omvattende studies oor Afrikaanse taboetaalverskynsels en hulle steun almal hoofsaaklik op woordeboeke en selfopgetekende voorbeelde. Dekker (1991:56), 'n Afrikaanse leksikografiese navorser, noem dat daar geen databank van taboewoorde tot sy beskikking was nie, en dat hy op woordeboeke en sy eie ervarings moes staatmaak tydens sy navorsing oor die leksikografiese hantering van die taboewoord *fok*. Van Huyssteen (1995) se skopus is beperk tot seksuele uitdrukkings, en die data word hoofsaaklik ingesamel by koshuisstudente aan die Universiteit van Pretoria. Van der Walt (2019) ondersoek wel die werklike (taboe)taalgebruik van gebruikers van die webtuiste watkykly.co.za aan die hand van 'n korpus, maar haar fokus val nie spesifiek op prototipisiteit nie. (Hierdie en ander vorige navorsing word in Hoofstuk 2 uitgebreider bespreek.)

Beide Calitz (1979) en Feinauer (1981) verwys daarna dat taboewaardes 'n saak is wat onderhewig is aan gradering en dat hierdie gradering 'n merker is van wanneer 'n woord net eenvoudig plat is, óf 'n taboewoord is. Namate die taboewaarde vermeerder, word daar dus beweeg van **plat woorde** na **vloekwoorde** (vergelyk Feinauer 1981:7). Feinauer (1981:43) noem egter dat “afstomping” teenoor taboewoorde plaasvind, en dit volg dat sommige taboewoorde se taboewaarde met verloop van tyd kan verander. Byrne (2017:27) merk in die verband op: “Swearing is a phoenix and each social change burns away old certainties and replaces them with new ones.” Die Afrikaanse taboewoorde wat tans die meeste gebruik word, en die houdings wat Afrikaanssprekendes tans teenoor taboewoorde het, kan derhalwe nie afgelei word uit navorsing van veertig jaar gelede nie.

Dit volg dan logies dat taalverandering wat konstant plaasvind, gereelde bywerking van navorsing oor talige taboes noodsaak. Dit geld by uitstek navorsing wat ten doel het om riglyne daar te stel vir die klassifikasie van publikasies. Die liggaam wat taalgebruik op die Britse TV en radio reguleer, Ofcom, voer byvoorbeeld om en by elke vyf jaar opvolgstudies uit om insigte te bekom ten opsigte van die resepsie van taboewoorde wat uitgesaai word (Ofcom 2016:9).

Internasionaal is die taboewaarde van taboewoorde een van twee hoofonderwerpe wat deur vloeknavorsers ondersoek word (die ander een is gebruiksfrekwensie; vergelyk Beers Fägersten en Stapleton 2017:2). Verskeie sosiolinguistiese metodologieë kan gebruik word om die houdings van mense teenoor taaltaboes na te vors, waarvan graderingstake een van die algemeenste metodes is (Beers Fägersten 2007:15). Jay (1992:141) doen byvoorbeeld verslag oor 'n taak waarin respondente in die vroeë 1970's woorde in 'n woordelys moes gradeer. Die 62 respondente moes 60 woorde, wat 28 neutrale (nietaboe-) woorde, 28 taboewoorde, en vier ankerwoorde (woorde verteenwoordigend van hoë en lae gebruiksfrekwensies) insluit, evalueer (Jay 1992:141).

Soortgelyk gebruik Beers Fägersten (2007:16) 'n woordelys as die eerste metode in haar ondersoek na die taboewaarde van taboewoorde. 12 taboewoorde is vir 60 respondente (universiteitstudente) in alfabetiese volgorde aangebied, met die opdrag om elke woord op 'n

skaal van 1 tot 10 te gradeer in terme van taboewaarde, waar 1 beteken die woord is glad nie taboe nie, en 10 beteken die woord is baie taboe (kyk Beers Fägersten 2007:17). Sy spesifiseer nie of die taboewaarde interpersoonlik (vir ander) of 'n intrapersoonlik (vir jouself) is nie: Die respondente is bloot gevra om die woorde se taboewaardes aan te dui. Sy verwys egter wel na die feit dat Jay sy oorspronklike (1977) metodologie aangepas het om nie net vir respondente te vra om die taboewaardes van die woorde aan te dui nie, maar om die woord te gradeer in terme van die mate waartoe die woord vir 'n betekenisvolle deel van die publiek aanstootlik sal wees (vergelyk Jay 1992:162).

Beers Fägersten (2007:16) het self ook haar metode uitgebrei deur verskeie opvolgvrae te vra. Byvoorbeeld, nadat die respondente die woordelys gegradeer het, is hulle gevra om aan te dui watter woorde hulle glad nie sal gebruik nie (wat waarskynlik 'n aanduiding kan gee van woorde wat die grootste taboewaarde het). Sy het ook oop vrae en onderhoude gebruik om kwalitatiewe data komplimenterend tot die graderings in te samel (Beers Fägersten 2007:15-17).

Dit word ook algaande duideliker dat konteks juis by hierdie tipe graderings betrek moet word vir meer betroubare resultate (vergelyk Beers Fägersten 2017:15). Tog is daar steeds beperkings op die afleidings wat gemaak kan word uit graderings van gekontekstualiseerde taboewoorde. Die belangrikste van hierdie beperkings is dat dit 'n grootskaalse ondersoek sal verg om al die moontlike kontekste waarin spesifieke woorde as minder of meer aanstootlik ervaar kan word, te identifiseer en in vraelyste aan te bied.

Rathje (2014), Dewaele (2016) en Ofcom (2016) gebruik (onder meer) soortgelyke graderingstake om taalhoudings in terme van taboewaardes te ondersoek. Beide Rathje (2014) en Dewaele (2016) se steekproefgroottes is aansienlik groter as dié van die ander studies: Rathje (2014:38) het 844 ingevulde vraelyste versamel deur met respondente kontak te maak deur middel van skole en sosiale klubs (63% van die respondente is kinders tussen die ouderdom van 13 en 14, terwyl die res van die respondente tussen 65 en 93 jaar oud is). Die graderingstaak is in die vorm van 'n woordelys aangebied, waar die respondente ses

woorde moes rangskik in volgorde van dalende taboewaarde (kyk Rathje 2014:44). Dewaele (2016:116) se data bestaan uit 2 324 voltooide aanlyn vraelyste (waarvan 'n woordelys van 30 woorde deel is), en die steekproef sluit een- en meertalige individue vanoor die wêreld in. Rathje (2014) en Dewaele (2016) se steekproewe is egter steeds nie verteenwoordigend van die totale populasie nie, aangesien Rathje (2014) geen respondente tussen 14 en 64 het nie, en Dewaele (2016) se respondente wêreldwyd verspreid en nie noodwendig moedertaalsprekers van Engels is nie (die studie behels Engelse taboewoorde). Ofcom (2016) implementeer verskeie metodologieë, waarvan een die gebruik vanaanlyn vraelyste behels. 127 respondente moes oor 'n tydperk van vyf dae 150 items (30 items per dag) evalueer in terme van taboewaardes, in die konteks van die openbare uitsaaiwese.

In hierdie voorbeelde van internasionale studies oor taboewoorde is die fokus telkens op die bepaling van die woorde met die hoogste taboewaardes, eerder as wat dit is om prototipiese taboewoorde te identifiseer. Hierdie gebrek is waarskynlik aan twee aspekte te wyte: Eensyds bestaan daar nie wye eenstemmigheid die konsep "taboewoord" nie; andersyds bestaan daar ook geen metodologiese riglyne om die prototipiese taboewoorde mee te bepaal nie.

Die sentrale probleem wat dus in hierdie studie aangepak word, is dat daar nóg in enige van die tale wat ondersoek is (Nederlands en Engels), nóg in Afrikaans 'n lys van taboewoorde bestaan wat volgens prototipisiteit gerangskik is (byvoorbeeld 'n lys van die 50 prototipiese taboewoorde). Dié probleem is nie net navorsingswaardig nie, maar het ook praktiese implikasies vir 'n liggaam soos die FPR in (aangesien hulle hierdie taalverskynsels moet klassifiseer).

1.4 Navorsingsvrae

Die oorhoofse navorsingsvraag wat in hierdie studie gevra word, is wat die prototipiesste Afrikaanse taboewoorde is en hoe dit bepaal kan word. Om die skopus van hierdie studie in te perk, word die vraag tot die 50 prototipiesste Afrikaanse taboewoorde beperk.⁶

Om hierdie vraag te kan beantwoord, is daar egter twee belangrike konsepte wat eers deeglik gedefinieer en geoperasionaliseer moet word, by name “taboewoord” en “prototipies”. Die spesifieke navorsingsvrae kan dus voorts as volg geformuleer word:

1. Hoe moet die konsepte “taboewoord” en “prototipies” gedefinieer word om sodoende ’n operasionele metodologie te kan ontwerp vir die identifisering van die prototipiesste Afrikaanse taboewoorde?
2. Watter 50 Afrikaanse taboewoorde kan empiries geïdentifiseer word as die prototipiesste Afrikaanse taboewoorde?

Onder die tweede navorsingsvraag word vier subvrae gevra:

- i. Watter 50 Afrikaanse taboewoorde word **sonder** kontekstualisering **eerste** en die **frekwentste** deur Afrikaanssprekende respondente skriftelik geproduseer?
- ii. Watter 50 Afrikaanse taboewoorde word **met** kontekstualisering die **frekwentste** deur Afrikaanssprekende respondente skriftelik geproduseer?
- iii. Watter 50 Afrikaanse taboewoorde kom die **frekwentste** in korpora voor?
- iv. Watter 50 Afrikaanse taboewoorde word in ’n goedheid-van-voorbeeld-vraelys deur Afrikaanssprekende respondente beoordeel as die **beste** voorbeelde van taboewoorde?

⁶ In Afdeling 3.7.3 word bevestig dat 50 ’n sinvolle aantal taboewoorde is om te ondersoek in terme van prototipisiteit.

1.5 Doelstellings

Na aanleiding hierdie navorsingsvrae, is die oorhoofse doelstelling van hierdie navorsing om 'n lys te maak van die 50 prototipiesste Afrikaanse taboewoorde. Die spesifieke doelstellings is om:

1. die konsepte “taboewoord” en “prototipies” te definieer met die oog op die metodologiese operasionalisering daarvan (met ander woorde, om te weet wát om te identifiseer, en wat om nié te identifiseer nie); en
2. die 50 prototipiesste Afrikaanse taboewoorde empiries te identifiseer.

Die subdoelstellings van (2) is om die volgende lyste saam te stel:

- i. 50 Afrikaanse taboewoorde wat sonder kontekstualisering eerste en die frekwentste skriftelik geproduseer word deur Afrikaanssprekende respondente.
- ii. 50 Afrikaanse taboewoorde wat met kontekstualisering die frekwentste deur Afrikaanssprekende respondente skriftelik geproduseer word.
- iii. 50 Afrikaanse taboewoorde wat die frekwentste in korpora voorkom.
- iv. 50 Afrikaanse taboewoorde wat in 'n goedheid-van-voorbeeld-vraelys deur Afrikaanssprekende respondente as die beste voorbeelde van taboewoorde beoordeel word.

1.6 Metodologie

Die navorsingsontwerp wat in hierdie studie gevolg is, is 'n gemengde metodologie waarby beide kwantitatiewe en kwalitatiewe metodes betrek word. Ten einde die eerste navorsingsvraag te beantwoord, is 'n omvattende maar gefokusde literatuurstudie in Hoofstuk 2 uitgevoer. Die fokus was telkens op die metodologiese operasionalisering van die doelstellings gestel by Afdeling 1.5.

Om die tweede navorsingsvraag en subvrae te beantwoord te beantwoord, is vier verskillende ondersoek ontwerpe: vir duidelikheid word telkens na Onderzoek 1, Onderzoek 2, Onderzoek

3 en Onderzoek 4 verwys. Twee oorhoofse tipes ondersoeke word gebruik: Die eerste drie ondersoeke is produksieondersoeke (waarin taboewoorde op een of ander wyse deur respondente geproduseer word), en die vierde ondersoek is 'n persepsieondersoek (wat die houdings van respondente teenoor gegewe taboewoorde ondersoek). Die onderskeie metodes word breedvoerig in Hoofstuk 4 toegelig, maar kan soos volg opgesom word:

1. Onderzoek 1 is gebaseer op 'n aanlyn vraelys wat op vloek.co.za⁷ gepubliseer is. Respondente het een opdrag gekry: "Tik in twee minute soveel Afrikaanse taboewoorde as wat jy kan". Hierdie data is in MS Excel verwerk om die taboewoorde wat deur respondente geproduseer is, te bepunt op grond van enersyds die chronologiese posisies wat die woorde in respondente se lysie beklee, en andersyds die totale voorkomsvrekwensie van die taboewoord in die datastel. 'n Ranglys van die top-50-taboewoorde is opgestel.

2. Onderzoek 2 is ook uitgevoer met behulp van 'n aanlyn vraelys op vloek.co.za. In hierdie vraelys is hipotetiese scenario's geskets, en die opdrag is aan respondente gegee om telkens op 'n scenario te reageer met 'n vloekreaksie. Die resultate is weereens in MS Excel verwerk om uiteindelik 'n ranglys van die top-50-taboewoorde op te stel.

3. Onderzoek 3 het 'n korpusondersoek behels. Voorkomsvrekwensies van taboewoorde is uit twee korpora geneem, by name die NWU/Kommentaarkorpus 2.0 (VivA 2021b) en NWU/Lapa-korpus 1.5 (VivA 2021a). Hierdie data is in MS Excel verwerk om na die topresultate volgens hoogste voorkomsvrekwensie te kyk, en vervolgens is 'n ranglys van die top-50-taboewoorde weereens opgestel.

4. Onderzoek 4 is uitgevoer deur middel van 'n goedheid-van-voorbeeld-vraelys wat geskoei is op Rosch (1975a) se bekende "goodness-of-example ratings". Hierdie

⁷ WDV se webtuiste, vloek.co.za, is gebruik vir die publikasie van vraelyste. Hierdie projek word kortliks in Hoofstuk 2 (Afdeling 2.2.2.7) bespreek.

vraelys is weereens op vloek.co.za gepubliseer. Die data is in MS Excel verwerk en in 'n ranglys van die top-50-taboewoorde gerangskik.

Aangesien Onderzoek 1, 2 en 4 uitgevoer is met behulp van aanlyn vraelyste wat op vloek.co.za gepubliseer is, is die respondente min of meer verteenwoordigend van dieselfde demografie. Gebruikers registreer eenmalig op vloek.co.za deur 23 demografiese vrae te beantwoord voordat enige vraelyste ingevul kan word. Die registrasieproses samel, in navolging van verskeie internasionale vloeknavorsers, die volgende demografiese inligting in (kyk Eiselen en Van Huyssteen 2021:2):

- Ouderdom
- Geslag
- Gender
- Ras
- Lengte
- Hoogste kwalifikasie
- Inkomstegroep
- Geloofsoortuigings
- Politieke sienings
- Wêreldsiening

Geen van hierdie gegewens word in hierdie studie gebruik nie, maar is beslis belangrike veranderlikes wat in verdere navorsing benut kan word. Wat wel hier van belang is, is Eiselen en Van Huyssteen (2021:3) se veronderstelling dat daar verskeie kenmerke is wat die geregistreerde respondente deel, naamlik dat hulle:

- geredelike toegang tot 'n rekenaar of 'n selfoon met internettoegang het;
- sosiale media gebruik;
- belangstel in taal, en spesifiek in taboetaal;
- waarskynlik minder aanstoot neem wanneer hulle aan hierdie woorde blootgestel word; en
- hulleself dus as redelik liberaal beskou.

Hierdie studie is nie gefokus op 'n spesifieke variëteit van Afrikaans nie, en die respondente is derhalwe nie demografies verteenwoordigend van 'n breë groep van Afrikaanssprekendes nie. 'n Soortgelyke studie sou dus uitgevoer kon word om die prototipiesste taboewoorde van byvoorbeeld Kaapse of Namakwalandse sprekers vas te stel (en daardie resultate behoort hipoteties gesproke te verskil van dié in die huidige studie).

Dit is verder ook belangrik om te noem dat die respondente die vraelyste volgens hulle eie voorkeur kon beantwoord of nie (kyk ook Eiselen en Van Huyssteen 2021:3), wat beteken dat die steekproefgroep nie vir al die vraelyste dieselfde is nie. Dit beteken uiteraard ook dat daar nie in hierdie studie aanspraak gemaak kan word op statistiese verteenwoordiging nie (kyk Van Huyssteen en Eiselen 2021:1143). Vanweë die sensitiewe aard van die navorsingsonderwerp is dit uit die aard van die saak ook belangrik om nie van die waarnemersparadoks (Labov 1972:209) te vergeet nie: Ons kan aanneem dat die waargenome realiteit van eksperimente (soos die invul van vraelyste) na alle waarskynlikheid nie 'n perfekte weerspieëling van respondente se geleefde ervarings is nie (vergelyk ook Mouton en Marais 1990:88 en Jay 2020:40).

Die studie is goedgekeur deur die Universiteit van Pretoria se navorsingsetiekkomitee (verwysingsnommer: HUM017/0920). WDV, die groter projek waarvan hierdie studie deel is, het ook etiekklaring by die Noordwes-Universiteit verkry (NWU-00632-19-A7). Die resultate van die aanlyn vraelyste is geanonimiseer voordat die navorser begin het om die data te analiseer. Hierdie geanonimiseerde data is by vloek.co.za beskikbaar vir ander navorsers.

1.7 Hoofstukindeling

Die navorsing in hierdie verhandeling is gedoen deur twee navorsingsvelde te kombineer: navorsing oor talige taboes, en die prototipeteorie soos wat dit in die kognitiewe linguïstiek (KL) gebruik word. In Hoofstuk 2 word 'n oorsig gegee van relevante vloeknavorsing, met 'n fokus op die aard van Afrikaanse taboetaal, ten einde presies te bepaal watter leksikale items as **taboewoorde** gereken kan word al dan nie. In dieselfde hoofstuk kom die prototipeteorie

aan bod met 'n fokus op die definiëring en metodologiese operasionalisering van die konsep “prototipies”. Uiteindelik word die vier ondersoeke (soos genoem in Afdeling 1.6) uiteengesit en in detail in Hoofstuk 3 bespreek. 'n Samevatting en gevolgtrekking word in Hoofstuk 4 aangebied, gevolg deur voorstelle vir toekomstige navorsing.

2. Die konsepte “taboewoord” en “prototipies”

2.1 Inleiding

’n Literatuurondersoek word in hierdie hoofstuk uitgevoer om die relevante konsepte te omskryf sodat daar ’n uitvoerbare metodologiese raamwerk geskep kan word vir die identifisering van die prototipiesste Afrikaanse taboewoorde. Vervolgens word die konsep “taboewoord” in Afdeling 2.2 gedefinieer deur op plaaslike en internasionale navorsing oor taboewoorde te steun. In Afdeling 2.3 word die konsep “prototipies” gedefinieer deur ondersoek in te stel na prototipekategorieë en -kenmerke. Uiteindelik volg daar ’n samevatting van die hoofstuk in Afdeling 2.4, tesame met ’n opsomming van bruikbare metodes wat gevolg kan word om die oorhoofse doelstelling in hierdie studie te bereik, naamlik om die 50 prototipiesste Afrikaanse taboewoorde empiries te identifiseer.

2.2 “Taboewoord” gedefinieer

In enige sosiale konteks waarby meer as een persoon betrokke is, ontstaan daar ’n stel gedragskodes wat reguleer hoe die lede van die groep met mekaar omgaan. Hierdie gedragskodes is ook van toepassing op alledaagse taalgebruik (Allan en Burrige 2006:1). Dit volg dat sekere woorde en uitdrukkings taboe is in sekere omstandighede. Volgens Allan en Burrige (2006:1) is taboes sosiale konstruksie wat in plek is om individue te weerhou daarvan om fisieke of geestelike ongemak of besering te veroorsaak. Om in te pas by die groep, leer ons om selfsensuur toe te pas: Ons leer, deur middel van ervaring, wanneer om mooi te praat, wanneer om polities korrekte taal te gebruik, wanneer om akademiese terme te gebruik, en natuurlik ook watter taalgebruik in watter kontekste aanstoot kan gee of onbeleefd sal wees (Allan en Burrige 2006:1).

Op ’n heel basiese vlak kan ’n taboe dus vergelyk word met ’n reël wat nie oortree moet word nie. Die vraag bly egter: Waar kom ’n taboe se krag vandaan, en wat maak dat hele gemeenskappe taboes onderhou? Die eenvoudige antwoord is dat gedrag wat as taboe beskou word, letterlik skade in die gemeenskap kan aanrig (kyk ook Afdeling 2.2.2.1). Die lede

van die gemeenskap wat hierdie letterlike skade wil vryspring, moet dus nie die taboe oortree nie. Volgens Allan (2018:1) word taboes deur die potensiële skadelikheid daarvan gemotiveer: Menslike ontlasting en bloedskande is byvoorbeeld taboe omdat daar wetenskaplike bewyse is vir die skadelikheid daarvan.

Daar is reeds in Afdeling 1.3 genoem dat vloek 'n konteksgebonde verskynsel is, en dit geld ook enige ander gedrag wat taboe is. Allan en Burrige (2006:10) voer aan dat geen taboe oral, in elke situasie, taboe is nie, aangesien selfs doodslag in sommige kontekste as aanvaarbaar geag kan word (byvoorbeeld in die geval van selfverdediging). 'n Taboe plaas 'n beperking op 'n spesifieke persoon se interaksie met 'n individu of 'n groep, maar dit geld nie in alle gevalle nie (Allen 2018:1): In sommige kulture word vroue byvoorbeeld verbied om sekere aksies uit te voer (soos om 'n aanbiddingsplek binne te gaan), maar dieselfde aksie kan heeltemal aanvaarbaar wees wanneer dit deur 'n man uitgevoer word. Net so is daar ook talige gedrag wat in sommige kontekste taboe is, maar in ander kontekste aanvaarbaar is. Taalgebruik wat taboe is vir 'n Afrikaanssprekende in Suid-Afrika, kan vir iemand buite daardie konteks geen taboewaarde besit nie (vergelyk byvoorbeeld die Nederlandse *poes* en die Afrikaanse *poes*; kyk Van der Walt 2019:74).

In hierdie afdeling word ondersoek ingestel na die aard van talige taboes in samehang met die eerste doelstelling (met die oog op die ontwerp van 'n uitvoerbare metodologie vir hierdie studie). Eerstens kom 'n oorsig van die internasionale vloekliteratuur (Afdeling 2.2.1) aan bod met die doel om vas te stel hoe talige taboes internasionaal gedefinieer word.

Volgende, in Afdeling 2.2.2, word 'n oorsig gegee oor Afrikaanse navorsing oor taboewoorde, ten einde vas te stel hoe hierdie verskynsel tot op hede gedefinieer en beskryf is in die Afrikaanse linguïstiek. Aangesien 'n gepaste metodologie ontwikkel moet word vir die identifisering van prototipiese taboewoorde, word etlike struikelblokke met betrekking tot die empiriese ondersoek van taboewoorde in Afdeling 2.2.3 bespreek. Uiteindelik word die voorlopige definisie van **taboewoord** (kyk Afdeling 1.2) effens aangepas in die gevolgtrekking in Afdeling 2.2.4.

2.2.1 Internasionale literatuur

Soos reeds in Afdeling 1.3 genoem, is daar aanduidings in die internasionale vloekliteratuur dat dit nie 'n eenvoudige taak is om talige taboes te definieer en te kategoriseer nie. Rathje (2014:39-42) definieer byvoorbeeld nie self eksplisiet wat sy onder “swearing” verstaan nie, maar gebruik vraelyste om by respondente uit te vind watter woorde hulle as sodanig beskou. Sy vind dan ook dat respondente uit verskillende ouderdomsgroepe, geografiese streke en geslagte verskillende woorde as taboewoorde beskou (Rathje 2014:42). Dit is dus belangrik om in gedagte te hou dat dieselfde woorde in verskillende kontekste verskillende taboewaardes kan hê.

Van Sterkenburg (2001:70) betoog dat “[w]oorden met een hoge emotionele waarde [...] [veelal het geschiktst zijn] om mee te vloeken. Het vloekgeslacht werd en wordt daarom ontleend aan het heilige, het verbodene, het obscene, het vulgaire en het aanstootgevende”. Jay (2018:78) is ook van mening dat affek 'n belangrike aspek is wat vloekwoorde van ander woorde onderskei. Hy maak hierdie beskouing eksplisiet in sy meer onlangse definisie: “Swearing is the use of offensive emotional speech to express our feelings and convey them to others” (Jay 2020:39).

Beers Fägersten (2012:5) voer aan dat 'n “persistent variation of labels” en 'n “interchangeability of terms” kenmerkend is aan vloeknavorsing en volgens haar ten alle koste vermy moet word. Sy stel vervolgens dat vloek eerder 'n tipe taalgebruik is as wat dit spesifieke woorde behels (Beers Fägersten 2012:16). Sy beperk tog vir praktiese redes (en om subjektiwiteit te vermy) haar skopus van taboewoorde (“swearing” of “swear words”) tot nege “[core] swear words”, te wete *ass*, *bastard*, *bitch*, *cunt*, *damn*, *dick*, *fuck*, *hell*, *shit* en hulle afleidings. Sy trek 'n parallel tussen “core” en “frequency” (Beers Fägersten 2012:16), en derhalwe is die taboewoorde wat sy bestudeer daardie taboewoorde wat die hoogste gebruiksfrekwensie het.

Jay (2020:37) sluit aan by Beers Fägersten (2012) deur navorsers aan te moedig om so spesifiek as moontlik te wees ten opsigte van 'n navorsingsfokus. Jay (2020:39) tref 'n verband tussen **vloek** en **taboewoorde**: “The question of categories addresses the nature of the words under study but does not address the question of how and why people use taboo words in public, that is, why they are swearing”. Vir Jay (2020:37-38) is **taboewoord** 'n kategorie met verskillende (maar wel oorvleuelende) subkategorieë, te wete laster; obscene (onbetaamlike) woorde; informele taal; seksuele woorde (vir liggaamsdele en gedrag); beledigings (“name calling”); skatologiese woorde; rassistiese, gender- of etniese beledigings (“slurs”); en vulgêre taalgebruik. Hy noem ook dat hierdie kategorisering van taboewoorde oor die algemeen op twee verskillende maniere kan geskied, naamlik op grond van semantiese inhoud, die strukturele benadering; of op grond van funksie, die funksionele benadering (Jay 2020:39). Hierdie onderskeid blyk egter nie duidelik uit sy eie verdeling nie, aangesien seksuele en skatologiese woorde byvoorbeeld semantiese kategorieë is, terwyl beledigings en informele taal funksionele kategorieë is.

2.2.2 Afrikaanse literatuur

In hierdie afdeling sal die bestaande Afrikaanse navorsing oor taaltaboes kortliks en in chronologiese volgorde beskryf word. Aangesien van die outeurs beide die terme **vloekwoord** en **taboewoord** gebruik, word die terme bespreek soos wat hulle in die oorspronklike navorsing gebruik word, met die oog op 'n gevolgtrekking (in Afdeling 2.2.4) na afloop van die bespreking om die terme met die voorlopige definisie (soos in Afdeling 1.2 uiteengesit) van hierdie studie te versoen.

2.2.2.1 Lubbe (1970)

Versagtende of eufemistiese taalgebruik kan in enige talige konteks ingespan word, maar is veral nuttig wanneer taboewoorde liefs vermy moet word. Lubbe (1970) skryf vir die eerste keer oor eufemismes in Afrikaans. Hy dui aan hoe taaltaboes in verskillende taalgroepe en kulture ontstaan het omdat daar letterlik geglo is dat woorde (en veral die name van heersers, gode, godsdienstige rituele, diere en sake te make met die dood) magiese kragte het (Lubbe

1970:1-39). Om die magiese invloed van die gebruik van sodanige name vry te spring, het dit gebruiklik geword om ander woorde in die plek van die magiese woorde te gebruik. Volgens Lubbe (1970:37) het hierdie verskynsel gelei daartoe dat heelparty woorde en uitdrukkings verlore gegaan het, en dat sekere “teen die klankreëls-ingaande wysigings” aan woorde aangebring is. Deur een klank in ’n woord “te vervang of te verander, word die aanstootlike of gevaarlike kragte in die woord verswak of getemper”, maar die betekenis van die woord bly onveranderd en verstaanbaar vir ander lede van die taalgemeenskap (Lubbe 1970:37).

Lubbe (1970:43) dui aan dat hierdie “heilige vrees vir woorde” nog steeds een van die redes is waarom eufemismes in hedendaagse taalgebruik voorkom. ’n Tweede rede vir die gebruik van eufemismes, is om te voorkom dat ’n spreker die toehoorder onnodig aanstoot gee (Lubbe 1970:43-44). ’n Spreker wil meestal ’n goeie indruk maak, en eufemismes kan dit derdens ook vir ’n spreker moontlik maak om die waarheid oor taboe-onderwerpe aan ’n hoorder mee te deel sonder om fatsoenlikheid in te boet (Lubbe 1970:45).

Op grond van die redes vir die gebruik van eufemismes wat hier bo genoem is, identifiseer Lubbe (1970:43-45) drie tipes eufemismes, te wete 1) eufemismes as gevolg van bygeloof of vrees (byvoorbeeld *gits* in plaas van *God*), 2) eufemismes van fyngevoeligheid en beleefdheid (byvoorbeeld *vrydenker* in plaas van *ateïs* of *ongelowige*), en 3) eufemismes van fatsoenlikheid (byvoorbeeld *liefde maak* in plaas van *seks hê*). Hy stel dit egter duidelik dat daar soms meer as een rede kan wees waarom ’n eufemisme gebruik word, en dat dieselfde eufemisme dus as meerdere tipes gekategoriseer kan word. Eufemismes vir geslagsiektes kan byvoorbeeld as tipe 2 en/of 3 gekategoriseer word (Lubbe 1970:51).

Alle gevalle waar ’n woord in die plek van ’n taboewoord gebruik word, kan egter nie as eufemisme beskou word nie, aangesien daar ook ander redes vir die gebruik van sulke versagtende, “nie-regstreekse uitdrukkings” is (Lubbe 1970:53). Sodanige redes sluit in beskeidenheid, die strewe na oorspronklikheid, en die sug om te skerts of te spot (Lubbe 1970:54).

Die metodes wat taalgebruikers aanwend om eufemismes te vorm, word ook deeglik bespreek (Lubbe 1970:45-62). Hierdie metodes sluit in:

- verswyging (byvoorbeeld *vlieg in jou ...*),
- vervorming of verminking (byvoorbeeld *hene* in plaas van *Here*),
- afkorting (byvoorbeeld *WDF* in plaas van *wat de fok*),
- vervanging van die woord met een uit wetenskaplike vaktaal (byvoorbeeld *urineer* in plaas van *pis*),
- die gebruik van vreemde woorde (byvoorbeeld *fellatio* in plaas van *orale seks*),
- die gebruik van vae woorde (byvoorbeeld *vêr heen wees* in plaas van *swanger wees*),
- die gebruik van vriendelik klinkende name (byvoorbeeld *ou Niek* in plaas van *satan*)
- die aanwending van litotes of negatiewe beskrywing (byvoorbeeld *oneerlik* in plaas van *skelm*),
- die gebruik van 'n woord of sin in 'n betekenis wat die teenoorgestelde is van die gewone (byvoorbeeld *hy sit op die troon* om te verwys na iemand wat die toilet besoek),
- die gebruik van die verkleinwoord (byvoorbeeld *kakkies* in plaas van *kak*);
- deur die toevoeging van *-a* aan die einde van woorde (byvoorbeeld *gatta* in plaas van *gat*),
- deur die toevoeging van die suffiks *-erig* aan die einde van woorde (byvoorbeeld *kakkerig* in plaas van *kak*),
- die gebruik van *ou* as 'n adjektief (byvoorbeeld *jy is 'n ou skelm* in plaas van *jy is 'n skelm*),
- die gebruik van dinamiese wisseling, toonwisseling, duur- of tempowisseling (byvoorbeeld *jou skelm* uitgespreek as uitskeluiting en as troeteluiting), en
- gelaatsuitdrukkinge (byvoorbeeld *jou skelm* gesê met 'n vriendelike glimlag).

2.2.2.2 Calitz (1979)

Calitz (1979) ondersoek en beskryf die aard, gebruik en voorkoms van **spot** en **skerts, skel, vloek** en **verwens** in sy doktorsale proefskrif. Hy gaan te werk deur elkeen van die verskynsels (as vier afsonderlike kategorieë⁸) te omskryf en in samehang met die “maatskaplike aspek” (Calitz 1979:iv) te bespreek. Met “maatskaplike aspek” bedoel hy die samelewing en sosiale konteks waarin vloekwoorde gebruik word. In die besonder behels die maatskaplike aspek emosies, sosiale herkoms en status, dialek (of geografiese herkoms), feitelike kennis en individue se wêreldbeskouings (Calitz 1979:1).

Hy poog derhalwe om die “bedoelde gesindhede [wat uiting vind in voorgenoemde taboeverskynsels] en gedragsvorme [binne die konteks van die sosiale samelewing en kultuur] te karakteriseer” (Calitz 1979:1) deur middel van ’n sosiolinguistiese ondersoek. Die talige werklikheid waarin Calitz (1979) homself (as ’n wit, manlike lid van die Afrikaanse gemeenskap in die laat sewentigerjare) bevind het, word gekenmerk deur “taalpreutsheid” en “beleefdheidsoorwegings” (Calitz 1979:5-6). Uiteraard is daar houdings en oortuigings wat nie in sy proefskrif verreken word nie, bloot omdat die Afrikaanssprekende gemeenskap nie homogeen van aard is nie. In die samevatting van sy proefskrif kom hy tot die gevolgtrekking dat al die verskynsels “basiese gedragsvorme en -patrone” is wat menslike houdings teenoor iets of iemand in die samelewing reflekteer en verder ook dat die houdings wat gereflekteer word, altyd ’n negatiewe polariteit het (vergelyk Calitz 1979:110). Hierdie negatiewe houdings wissel van “effense kritiek tot felle vyandiggesindheid” (Calitz 1979:110). Een van die vrae wat dan oor Calitz (1979) se beskouing gevra kan word, is of dit steeds vandag waar is dat alle taboewoorde altyd negatief gebruik word en of die huidige talige realiteit nie ’n meer genuanseerde antwoord op hierdie vraag sal hê nie.

Hy steun deurlopend in sy betoog hoofsaaklik op woordeboeke vir definisies van die verskynsels wat hy ondersoek (soos die *Van Dale* en die *Handwoordeboek vir die Afrikaanse*

⁸ In teenstelling hiermee word sodanige verwante kategorieë in hierdie studie as subkategorieë van die kategorie **taboewoord** beskou.

Taal; kyk Calitz 1979:1). Op grond van die genoemde definisies identifiseer hy dan vier talige gedragsvorme wat aanstoot kan gee, te wete spot, skel, vloek en verwens.

Onder **spot** word **skerts** ook bespreek, en Calitz (1979) onderskei tussen hierdie twee verskynsels op grond van die intensie van die spreker: **Spot** dui op onvriendelikheid; terwyl **skerts** iets is wat in 'n vriendelike luim gedoen word ('n "grapperigheid", Calitz 1979:1). Calitz (1979:25) noem dat **spot** veral voorkom in die vorm van naamgewing wat 'n spesifieke kenmerk van animata ('n persoon of 'n dier) of inanimata uitlig. Voorbeelde wat hy bespreek, is *rooinek* (Calitz 1979:41) vir 'n Brit, *donderpadda* (Calitz 1979:42) vir 'n motorfiets en *satansgaffel* (Calitz 1979:42), 'n spotnaam vir 'n vurk.

Skel verwys onder andere na die gebruik van rassistiese woorde of, wat Calitz (1979:52) noem, "etniese benaminge". Ander voorbeelde sluit in kru woorde wat 'n persoonlike aanval op iemand loods, byvoorbeeld *swernoot* en *maaifoedie*. Soos in die geval van spottende taalgebruik, dien niemenslike domeine soos diere, insekte, groente, vrugte en gebruiksartikels meestal as die semantiese brondomein vir skelwoorde (Calitz 1979:52). **Skel** is volgens Calitz (1979:53) ook verwant aan **laster**, gegewe dat dit iemand se goeie naam kan skend. **Skel** vervul ook 'n referensiële funksie, omdat dit, soos **spot**, op 'n persoon gemik word (vergelyk Calitz 1979:53).

Vloek behels vir Calitz (1979:77) "godslasterlike taal, lasterlike uitroepe, kragwoorde en vervloeking, verwensing". Hy beskou hierdie taaltaboes as instrumente waarmee 'n persoon iets kan vermag (in reaksie op intense "hartstogte"; vergelyk Calitz 1979:79-80), en dus besit vloek 'n magiese element. Dienooreenkomstig word een van drie bonatuurlike domeine gebruik wanneer daar gevloek word, te wete Christene se goddelike domein, die Bose en die

natuurelemente (Calitz 1979:79). Calitz (1979:79) stel vervolgens vier kategorieë⁹ vir **vloek** voor:¹⁰

1. Die name vir die Christelike opperwese, byvoorbeeld *God, Here* en *Jesus*.
2. Bybelname, byvoorbeeld *Jeremia* en *Jesaja*.
3. Die name van bonatuurlike of helse magte, byvoorbeeld *duiwel*.
4. Die name van natuurvorme en -verskynsels (inanimata), byvoorbeeld *hemel, hel, donder* en *bliksem*.

Die laaste verskynsel wat Calitz bespreek, is **verwensing** (oftewel **vervloeking**). **Verwensings** is uitings waarin 'n ander persoon kwaad toegewens word as gevolg van “onberedeneerde haat en woede” (Calitz 1979:3). Die Bose is in hierdie geval gereeld die domein wat as 'n semantiese bron dien vir verwensings en voorbeelde sluit in *Gaan bars!* en *Loop na die duiwel!*. Calitz (1979:107) noem dat hierdie uitdrukkings ook baie ru en plat kan wees, soos wat die geval is in byvoorbeeld *Gaan kak/skyt*.

Die taalverskynsels wat Calitz (1979) bespreek, kan almal gebruik word om 'n boodskap oor te dra. Die belangrikste funksie van taal is kommunikasie (Calitz 1979:13), en spesifiek die oordrag van betekenis tussen spreker en hoorder (versoenbaar met Jakobson se kommunikasiemodel; vergelyk Lyons 1977:37). Alle leksikale items (taboewoorde inkluis) kan 'n referensiële funksie vervul (kyk Calitz 1979:13). Daar kan byvoorbeeld met 'n taboewoord soos *doos* verwys word na 'n spesifieke persoon. Taboewoorde kan egter ook ekspressief funksioneer (Calitz 1979:107) onder andere wanneer dit gebruik word vir emosionele ontlading, byvoorbeeld wanneer iemand in frustrasie uitroep: *Fok!* Vroeër verwys Calitz (1979:13) ook na Montagu (1968:7) wat, met verwysing na vloek, aanvoer dat die verligting van “sensuspanning” een van die “opvallendste” funksies van taal is. Hierdie kommunikatiewe

⁹ Calitz (1979) en Feinauer (1981) gebruik die term **kategorie** deurgaans vir beide domeine en kategorieë (wat te verstane is, aangesien **domeine** 'n term is wat eers later in Afrikaanse linguistiek gebruiklik geword het).

¹⁰ Alhoewel Mohr (2013:13) aandui dat die historiese oorsprong van vloekwoorde baie met die godsdienstdomein saamhang, kom Calitz (1979) se kategorisering baie ideologies gedrewe voor.

funksies is nie onderling uitsluitend nie, en veral by taboewoorde is daar waarskynlik meestal 'n ekspressie-element ('n element van affek) betrokke wanneer dit geuiter word.

2.2.2.3 Feinauer (1981)

Feinauer (1981) se bydrae tot Afrikaanse vloeknavorsing is 'n omvattende wetenskaplike beskrywing van die linguistiese gedrag van vloekwoorde. Die grammatikale optrede van vloekwoorde, met 'n spesifieke fokus op die morfologiese en sintaktiese eienskappe daarvan, is die sentrale fokus van hierdie studie.¹¹ Feinauer (1981:6) raadpleeg, nes Calitz (1979), verskeie woordeboeke vir definisies van die verskynsels wat sy bespreek. Feinauer (1981:5) voer aan dat alle vloekwoorde taboe is, maar dat nie alle woorde met 'n taboewaarde 'n vloekwoord is nie. Sy beskou vloekwoorde as “[s]legs die woorde waarvan die taboewaarde so hoog is dat swetse (bastervloekwoorde) daarvoor gevorm word” (Feinauer 1981:7). So is *bleddie* byvoorbeeld volgens Feinauer (1981:7) 'n lid van die kategorie **vloekwoord**, aangesien daar vir dié woord ook die **bastervloekwoord** of **swets** *bloemen* is.

Kragwoorde, **verwensings** en **uitskelwoorde** kan byvoorbeeld volgens haar óf 'n vloekwoord wees, óf slegs “plat of skelwoorde” (Feinauer 1981:7), met taboewaarde as die bepalende faktor. Anders gestel: As 'n woord gebruik word as 'n kragwoord, of om iemand te verwens of uit te skel, is die woord nie noodwendig 'n vloekwoord nie. Dit blyk dus dat Feinauer (1981) die term **vloekwoord** reserveer vir spesifieke leksikale items, en dat funksionele kategorieë soos **kragwoord**, **verwensing** en **skelwoord** slegs aan die kategorie **vloekwoord** behoort, indien daar 'n hoog genoeg taboewaarde aan die spesifieke leksikale item toegeken is.

Uiteindelik stel sy (Feinauer 1981:8-9) vier “vloekkategorieë” vir **vloekwoorde** voor, naamlik:

1. Enkele benaminge uit die weerterminologie
2. Buitekonteksgebruikte godsdiensoorde

¹¹ Aangesien die grammatikale en sintaktiese aspekte nie vir die hierdie studie relevant is nie, word daar net op Feinauer (1981) se semantiese en funksionele kategorisering gefokus.

3. Obsene woorde vir “laer” liggaamsdele, -prosesse en -produkte
4. Woorde deur gebruikers aan ’n ander taal ontleen, wel wetende dat anderstalige gebruikers die oorspronklike woord as vloekwoord gebruik

Hierdie kategorieë is almal gebaseer op semantiese domeine wat in die Afrikaanse gemeenskap taboe is om oor te praat (met die uitsondering van die weerterminologie, wat eintlik ook oorspronklik tot die godsdienstdomein behoort, soos wat Feinauer (1981:9) self aandui wanneer sy verwys na die verhouding tussen *donder* as ’n **vloekwoord** en die Oudsaksiese god *Donar*). Derhalwe kan afgelei word dat Feinauer (1981) se kategorisering hier semanties van aard is, eerder as funksioneel.

Feinauer (1981:30) neem egter wel die funksionele aspek van **vloek** onder die loep deur te dui op drie faktore wat aanleiding sal gee tot die gebruik van ’n vloekwoord, en verder uit te brei oor die spesifieke funksies wat hierdie uitings dan vervul. Volgens Feinauer (1981:30) is daar drie situasies waarin ’n spreker geredelik sal vloek:

1. wanneer ’n spreker iemand met woorde wil aanval;
2. wanneer ’n spreker van ’n emosionele las ontslae wil raak; en
3. wanneer ’n spreker “sy spraak wil verlewendig” (Feinauer 1981:30).

Die eerste funksie van vloek is dus, volgens Feinauer (1981:30), om as ’n aanvalsmiddel te dien. ’n Spesifieke woord word ingespan met die doel om iemand anders seer te maak. In hierdie funksie word die vloekwoord dikwels saam met ’n persoonlike voornaamwoord gebruik, byvoorbeeld *Jou lae bliksem!* en *Sy gat!* (Feinauer 1981:31). Tweedens sal iemand vloek om uiting te gee aan frustrasie te wyte aan ’n psigiese of fisiese ongemak (Feinauer 1981:32). Dikwels word hier ’n eerstepersoonsvoornaamwoord gebruik saam met die vloekwoord, byvoorbeeld *My bliksem!*, of die vloekwoord tree as ’n uitroep op, byvoorbeeld *God!* of *Dêmm!* (Feinauer 1981:33-34).

Die derde funksie van vloekwoorde is ’n drieledige sosiale funksie: Die vloekwoord word gebruik om ’n “samehorigheidsgevoel te skep” (Feinauer 1981:34), om krag aan ’n stelling te verleen, of om bewustelik die sosiale norme te oorskry. Hierdie funksie van vloek is volgens

Feinauer (1981:36) gewoontevormend sodat die woorde later “bloot as stopwoorde dien” (Feinauer 1981:37).

2.2.2.4 Dekker (1991)

Die leksikografiese hantering van woorde wat as aanstootlik beskou word, word deur Dekker (1991) gekritiseer. Hy toon byvoorbeeld aan hoe daar in woordeboeke weggeskram word van die realistiese hantering van die sogenaamde “substandaard” (Dekker 1991:58) leksikale item *fok* (Dekker 1991:55). In aansluiting by Calitz (1979), beskou Dekker (1991:3) taboewoorde as “sosiolinguistiese geweld”; ’n sienswyse wat heel waarskynlik ’n bydraende faktor is tot die onbevredigende leksikografiese beskrywings van taboewoorde. Deur gebruik te maak van sy eie ervaring as ’n “manspersoon uit ’n gemiddeld beskaafde Afrikaanse milieu” (Dekker 1991:56), stel hy ’n alternatiewe (meer lewensgetroue) definisie vir *fok* voor. Dekker (1991:56) gebruik die etikette **vulgêr**, **vloek** en **skeltaal** in die definisies wat hy voorstel.

Die funksie van die woord, en die intensie van die spreker (met ander woorde, die sosiale konteks waarin die woord gebruik word), blyk vir Dekker (1991) van onderskeidende belang te wees: Hy toon aan dat *stront* in die sin *Hy is ’n regte ou stront!* (Dekker 1991:59) ’n voorbeeld van skeltaal is omdat ’n beledigende funksie vervul word, maar dat die tussenwerpsel *Stront!*, ’n voorbeeld van ’n vloek is aangesien die leksikale item hier emosionele ontlading bewerkstellig. Die etikette **vloek** en **skeltaal** is volgens Dekker (1991:59) stilisties funksionele etikette (vergelyk ook Van Huyssteen 1998:69), terwyl **vulgêr** sosiostilisties is, omdat die etiket ’n merker van die leksikale item se sosiolinguistiese status as onvanpas in “beskaafde” geselskap is (vergelyk Dekker 1991:59). Uiteindelik word daar in die artikel ook ’n beroep gedoen op leksikograwe om “van die werklikheid [uit te gaan]” (Dekker 1991:55) in die hantering van sodanige leksikale items.

2.2.2.5 Van Huyssteen (1995, 1996, 1998)

Van Huyssteen (1995) bied ’n kognitief pragmatiese perspektief op Afrikaanse taboewoorde en uitdrukkings uit die seksuele domein. Hy ondersoek eerstens die grammatikale gedrag van Afrikaanse seksuele uitdrukkings, en dui aan dat die seksuele leksikon uitgebrei word met

behulp van “klankverandering, morfologiese bouprosesse, funksiewisseling en betekenisuitbreiding” (Van Huyssteen 1995:89). Die rol van metaforiek en metonimie in die kognitiewe kategoriseringstruktuur word spesifiek beklemtoon. Die kognitiewe perspektief word ontgin om ook aan te toon hoe die menslike denkprosesse rondom seksuele uitdrukkings grootliks kultuurgebonde is, soos byvoorbeeld die manier waarop seksuele metafore seksisme onderhou (vergelyk Van Huyssteen 1996). Laastens word die belangrike rol van konteks in die produksie en persepsie van seksuele uitdrukkings uitgewys (Van Huyssteen 1995:90).

Van Huyssteen (1998) brei uit op Dekker (1991) se ondersoek na die leksikale hantering van taboewoorde deur die leksikale hantering van seksuele uitdrukkings in woordeboeke onder die loep te neem. Drie vrae word gevra (Van Huyssteen 1998:64):

1. Is die leksikografiese hantering van seksuele uitdrukkings ’n refleksie van die talige werklikheid?
2. Word die belangrikste betekenisonderskeidings van seksuele uitdrukkings akkuraat aangetoon?
3. Word taboe- leksikale items voldoende toegelig met inligting wat die gebruiker pragmaties kan lei?

Die antwoorde op hierdie vrae lei Van Huyssteen (1998:70) om tot die gevolgtrekking te kom dat die “huidige leksikografiese hantering van seksuele uitdrukkings in Afrikaans [alles behalwe bevredigend is]”. Die taboeaard van leksikale items wat na die seksuele domein verwys, veroorsaak dat hierdie items óf nie in woordeboeke opgeneem word nie, óf nie “normatief” (Van Huyssteen 1998:63) opgeneem word nie (met verwysing na leksikografiese praktyke soos etikettering, ensovoorts). Van Huyssteen (1998:64) beklemtoon die belang van konteks vir betekenisonderskeidings by leksikale items wat na die seksuele domein verwys, en toon aan dat geen van die woordeboeke wat by die studie betrek word, *doos* se semantiese netwerk op ’n lewensgetroue wyse weergee nie (die dominante betekenisonderskeiding, “vroulike geslagsdele”, word nie as sodanig aangedui nie; vergelyk Van Huyssteen 1998:69).

Die twee groepe etikette wat ook deur Dekker (1991) genoem is, naamlik sosiostilistiese etikette en stilisties funksionele etikette, maak volgens Van Huyssteen (1998:69) voorsiening

daarvoor dat leksikale items enersyds gemerk kan word as **eufemisties, figuurlik, ironies, skertsend, neerhalend, kwetsend, vloek, skel** en **kragwoord** (ook **rassisties** en **seksisties**; vergelyk Dekker 1991:60), en andersyds as **gemeensaam, geselstaal, omgangstaal, studentetaal, kindertaal, sleng, onfyn** en **plat**. Hierdie etikette kan, in ooreenstemming met Van Huyssteen (1998) se tweede vraag, die gebruikers van die woordeboek lei om seksuele uitdrukkings in die regte kontekste te gebruik (of nie te gebruik nie).

2.2.2.6 Van der Walt (2019)

Van der Walt (2019:1) ondersoek 'n unieke Afrikaanse variëteit, naamlik *Zefrikaans*, soos dit voorkom en gebruik word op die webtuiste watkykky.co.za (voortaan WKJ). Een van die verskynsels wat sy as kenmerkend van hierdie sogenaamde “kommin” (Van der Walt 2019:2) variëteit beskryf, is die gereelde gebruik van taboewoorde (Van der Walt 2019:31).

Van der Walt (2019:68) steun op verskeie kundiges, onder andere Van Huyssteen (1998) en Dekker (1991), en definieer **taboewoorde**¹² as woorde waarvan die semantiese inhoud seksueel en skatologies van aard is. Taboewoorde word vervolgens ook beskryf as “problematies vir leksikograwe” (Van der Walt 2019:68). Sy voer aan dat taboewoorde “semanties geklassifiseer kan word [volgens leksikografiese etikette]” (Van der Walt 2019:72). Sy verwys na ses stilistiese etikette wat in die *HAT* (die 2009-weergawe) gebruik word om taboewoorde te organiseer by name **onfyn woorde, kragwoorde, plat woorde, vulgêre woorde, obsene woorde** en **kwetsende woorde** (Van der Walt 2019:72-73).

Van der Walt (2019) bespreek verder ook Feinauer (1981) se beskrywing van hierdie terme aangesien die woorde wat onder hierdie terme geklassifiseer kan word in verskeie kringe as **zef** beskou word. Die laaste term, **kwetsende woorde**, lig sy slegs toe met 'n beskrywing uit die *HAT* (Odendal en Gouws 2009): “[T]aalgebruik wat aanstoot kan gee om bv. rassistiese,

¹² Van der Walt (2019:69) stel taboewoorde gelyk aan **vloekwoorde**.

seksistiese of godsdienstige redes”, wat nie in ’n “eerbiedige konteks” (Van der Walt 2019:74) gebruik word nie.

Van der Walt (2019) dui aan dat die WKJ-taalgemeenskap juis taboes aanwend om “te rebelleer teen preutse konvensies en om ’n duidelike zef identiteit aan te toon” (Van der Walt 2019:74). Obsene woorde word byvoorbeeld “roekeloos” (Van der Walt 2019:74) ingespan, terwyl Feinauer (1981:19) obsene woorde beskou as ’n totale sosiale taboe (met ander woorde, die gebruik daarvan sal lei tot sosiale uitsluiting). Van der Walt (2019) beklemtoon deurgaans die feit dat “preutse konvensies” (Van der Walt 2019:71) oortree word deur die gebruik van taboewoorde, en dat dit as ’n merker van kulturele en sosiale identiteit dien, selfs in ’n “abstrakte” gemeenskap wat slegs aanlyn bestaan. Sodanige gebruik van taboewoorde kan gesien word as ’n funksie van taboewoorde om die identiteit van ’n groep te vorm (kyk ook Smith en Mackie 2005:428).

Van der Walt (2019:74) beklemtoon verder ’n diskrepansie ten opsigte van kategorisering in Afrikaans, deur te noem dat woorde wat Feinauer (1981) as **obseen** kategoriseer, spesifiek *kak, gat, stront, hol, pis, moer, skyt* in die *HAT* (Odendal en Gouws 2000) anders gemerk word. Die *HAT* (2015) merk *kak* as **vulgêr**, *hol, pis, skyt* en *stront* word as **plat** gemerk, en *gat* as **onfyn**. Van der Walt (2019:74) steun egter op die *HAT* se 2000-uitgawe, terwyl Feinauer (1981) uiteraard nog nie toegang tot daardie uitgawe van die *HAT* gehad het nie (sy steun op die 1979-uitgawe, kyk Feinauer 1981:4). In die nuutste (2015) weergawe van die *HAT* (soos deurgaans gebruik in hierdie studie, tensy anders vermeld word) word *gat* byvoorbeeld as **plat** gemerk. Hieruit kan afgelei word dat daar steeds ruimte is om die Afrikaanse kategorisering van taboewoorde te ondersoek (spesifiek hier op semantiese en funksionele vlak).

In haar samevatting oor die voorkoms van taboewoorde (oor ’n tydperk van 17 jaar vanaf 2000 tot 2017) in die WKJ-korpus bevind Van der Walt (2019:138) dat **vulgêre woorde** en **plat woorde** die meeste deur die WKJ-taalgemeenskap gebruik word. Van der Walt (2019:138-

139) dui ook aan dat **kwetsende woorde** en **obsene woorde** konsekwent gebruik word (alhoewel teen 'n laer frekwensie).

2.2.2.7 Wat de Vloekwoord! (2019 –)

'n Grootskaalse multidissiplinêre navorsingsprojek getiteld *Wat de Vloekwoord?! Multidissiplinêre navorsing en wetenskapskommunikasie oor vloek* (WDV), is in 2019 deur Gerhard van Huyssteen geloods met die doel om die navorsingsgapings oor taboetaal en taboeverskynsels in Afrikaans aan te vul (Van Huyssteen 2021:1). Hierdie navorsingsprojek, met “sy primêre wortels in die digitale geesteswetenskappe” (Van Huyssteen en Eiselen 2021:1134) word bedryf vanaf 'n webtuiste, vloek.co.za, en lewer reeds enkele publikasies op, wat in hierdie afdeling kortliks bespreek word.

Van Huyssteen (2021:1) bied 'n oorsig oor WDV as 'n projek wat taboetaal op verskeie terreine wil ontgin. In Van Huyssteen en Eiselen (2021) word die term **vloekwoord** word gedefinieer as 'n “hiperoniem om ander verskynsels en/of sinonieme in te sluit, waaronder **swets**, **skel**, **(gods)laster** en **vuil taal**” (Van Huyssteen en Eiselen 2021:1131, my eie beklemtoning). Eiselen en Van Huyssteen (2021:1) bespreek die faktore wat van statistiese belang is vir die analise van data soos versamel deur aanlyn meningspeilings. Die totstandkoming van hierdie vloekprojek (WDV) is juis ook 'n aanduiding van die potensiaal van hierdie rigting vir navorsing in Afrikaans – potensiaal wat hierdie studie ook ontgin.

2.2.3 Struikelblokke vir navorsing oor taboewoorde

Bloot uit die voorafgaande (Afdeling 2.2) is daar aanduidings dat navorsing (en juis dan empiriese navorsing) oor taboewoorde voor etlike uitdagings te staan kan kom (veral as dit kom by die kategorisering van hierdie verskynsel). Die feit dat daar moontlike slaggate vir vloeknavorsers is, word beklemtoon deur Jay (2020) in 'n artikel getiteld “Ten issues facing taboo word scholars”. In hierdie afdeling word drie struikelblokke bespreek wat Jay (2020:38, 42, 48) ook noem, te wete die verskillende interpretasies van taboewoorde; die invloed van konteks; en die invloed van emosie. Hierdie potensiele struikelblokke is dan uiteraard

belangrike gegewens om in ag te neem by die ontwerp van 'n metodologie om sentrale taboewoorde mee te identifiseer.

2.2.3.1 Interpretasies van taboes en taboewaardes verskil

Jay (1981:30) noem spesifiek dat taboewoorde verskeie interpretasies kan hê. Op 'n basiese leksikale vlak is daar byvoorbeeld velerlei situasies waarin iemand die woord *kak* letterlik of figuurlik kan gebruik. Wanneer daar slegs een konteks in 'n eksperimentele vraelys betrek word, kan daar allermins 'n betroubare taboewaarde aan *kak* toegeken word op grond van 'n gradering van die woord in daardie een konteks (vergelyk ook Feinauer 1981:17). Korpusvoorbeelde vir *donder* kan hier ook dien ter illustrasie; vergelyk byvoorbeeld die volgende trefslae (VivA 2022a):

- (i) “Sy gebed laat nie die *donder* en blitse bedaar nie”
- (ii) “[J]ou klein *donder*”

Alhoewel beide gevalle van *donder* hier selfstandige naamwoorde is, aktiveer (i) die letterlike betekenis van *donder*, terwyl (ii) figuurlik geïnterpreteer moet word.

Benewens die meerduidige semantiese inligting wat 'n woord (of uitdrukking) kan oordra, kan sintaksis en grammatika ook 'n rol speel (vergelyk Jay 1992:163-164). Die woord *kak* kan byvoorbeeld as 'n werkwoord en as 'n naamwoord funksioneer, en dit kan ook 'n invloed hê op die respondent se interpretasie van die woord.¹³ Lubbe (1970:37), Feinauer (1981:180) en Bergen (2016:29) noem dat selfs fonologiese klankkombinasies en die ortografiese realisering van taboewoorde 'n rol by die oordrag van betekenis deur middel van taboewoorde speel. Bergen (2016:29) noem spesifiek die onheilige, “profane”, sogenaamde “vierletterwoorde” in hierdie konteks.

¹³ In “Die hond *kak* op die gras” en “Jou werk is *kak*” ontlok *kak* moontlik verskillende reaksies, met die gevolg dat die gradering van *kak* se taboewaarde moontlik heelwat sal verskil. Aangesien daar selfs vir 'n tyd lank in die hoofstroom (verkeerdelik) aanvaar is dat taboewoorde nooit letterlik bedoel word nie (kyk Dewaele 2016:113), is dit voorsienbaar dat heelparty taboewoorde, as gevolg van meerduidige letterlike én figuurlike betekenis, se taboewaardes op 'n spektrum sal lê.

Moontlik die belangrikste faktor wat die interpretasie van 'n taboewoord (en wat 'n taboewoord is) beïnvloed, is die feit dat alle woorde nie altyd vir almal dieselfde taboewaarde het nie. Beers Fägersten (2012:8) beskryf dit soos volg: “The greater the potential to offend, the likelier the word is to be considered a swear word.” Taboewoorde se krag lê dus in die taboewaarde (en aanstootlikheidspotensiaal) daarvan. Uiteraard beteken die etikettering van taboewoorde as “taboe” noodwendig dat taboewaardes ter sprake is (met ander woorde, die feit dat 'n taboewoord 'n taboewaarde besit, is waarskynlik die belangrikste kategoriekenmerk van hierdie leksikale kategorie). Derhalwe is dit nodig om vas te stel wat taboewoorde wel taboe maak.

Dit is op hierdie stadium nodig om, ter wille van volledigheid, die begrip **taboewaarde** meer presies te omskryf. Jay (1992:161) onderskei tussen **aanstootlikheidswaarde** (“offensiveness”) en skadelikheidswaarde (“offendedness”):

Offensiveness is related to the concept of taboo in that the more offensive a word is, the more likely it is to be taboo ... Offendedness is a reaction to a word by a person who hears or reads the word.

Die **aanstootlikheidswaarde** van 'n woord is dus die mate waartoe die woord onvanpas (taboe) is in sekere situasies in die teenwoordigheid van sekere persone (Jay 2018:81). Die **skadelikheidswaarde** is die potensiële emosionele skade wat 'n persoon ervaar by die aanhoor van 'n taboewoord. Die data waarmee daar byvoorbeeld in die vloekprojek (WDV) gewerk word, bestaan uit self-gerapporteerde menings van respondente. Hierdie respondente kan slegs aandui hoe aanstootlik hulle *dink* die woord is (vir hulself of vir ander). Die data is daarom nie noodwendig 'n bron van werklike skadelikheidswaarde nie: Dit is byvoorbeeld, volgens Jay (1992:169), nodig om nielinguistiese metodologieë aan te wend om werklike aanstootlikheid te kan meet, omdat die tipe “papier-en-pen”-metode wat hy self gevolg het, nie noodwendig met die werklikheid ooreenstem nie (met ander woorde, mense se werklike vloekreaksies sal waargeneem moet word). Neurowetenskaplike breinskanderingsmetodologieë soos fMRI-metings is nodig om in 'n werklike vloekepisode die

ontvanger van 'n taboewoord se reaksie te kan evalueer. Sodoende kan beraam word wat die “skade” is wat die woord veroorsaak het. Jay (2018:88) voer wel aan dat volwassenes oorwegend goeie beoordelaars van die aanstootlikheidswaardes van woorde is.

Aangesien daar nie in hierdie studie gepoog gaan word om taboewoorde te gradeer in terme van aanstootlikheids- of skadelikheidswaardes nie, word hierdie onderskeid nie in die verhandeling getref nie. Die konsep taboewaarde sal in hierdie studie gebruik word om te verwys na die mate van “krag” wat 'n taboewoord besit. Uiteraard is die konsepte **taboewaarde** en **aanstootlikheid** baie nou verweef, aangesien die feit dat die woord taboe is, bydra tot die aanstootlikheid daarvan, en ook andersom (vergelyk ook Jay 2018:88, waar die terme “inappropriateness” en “offensiveness” gebruik word om dieselfde gegewe te meet en beide dus hier vergelykbaar is met **taboewaarde**).

Voorts word verskeie kontekstuele elemente in Afdeling 2.2.3.2 bespreek wat navorsers oor taboewoorde in ag moet neem. Aangesien die emotiewe waarde van taboewoorde telkens deur navorsers beklemtoon word (Beers Fägersten 2012:11), word daar in Afdeling 2.2.3.3 spesifiek aandag aan emosie as 'n ekstralinguistiese kontekstuele faktor gegee. Benewens die kontekstuele faktore, speel die semantiese inhoud ook noodwendig 'n rol om 'n woord taboe te maak, alhoewel Beers Fägersten (2012:13) aanvoer dat die semantiese rol van taboewoorde nie noemenswaardig is in vergelyking met die sosiale rol daarvan nie. Die semantiese inhoud word egter nie hier bespreek nie, maar relevante aspekte daarvan is reeds in Afdeling 2.2.2 genoem en bespreek aan die hand van Afrikaanse navorsing oor taboewoorde.

2.2.3.2 Taboewoorde is konteksafhanklik

A usage event [is] defined as embracing an expression's full contextual understanding, a portion of which can be identified as its linguistic meaning. A key factor in meaning is the interaction of the speaker and hearer, each engaged in assessing what the other knows, intends, and is currently attending to (Langacker 2008:465).

Langacker (2008:49) beklemtoon die belangrike rol van konteks in die oordrag van betekenis (hier met betrekking tot die boodskap van 'n talige uiting) deur middel van enige linguïstiese gegewe, nie net vir 'n vloekuiting nie. Konteks is ook iets waaraan vloeknavorsers (vergelyk Ofcom 2016) pertinent aandag moet gee, aangesien die kontekstuele faktore 'n beduidende invloed het op die taboewaarde van 'n taboewoord.

Enige gespreksituasie is van talige en buitetalige faktore afhanklik vir die oordrag van betekenis en die totstandkoming van begrip (vergelyk Van Niekerk en Olivier 2017:329). In die geval van taboewoorde is dit nie net die semantiese inhoud wat deur konteks beïnvloed word nie, maar veral ook die taboewaarde van talige taboes. Sonder uitsondering lig elkeen van die outeurs wat later in hierdie literatuuroorsig bespreek word, die belang van konteks uit vir die verstaan en toekenning van 'n taboewaarde vir taboewoorde.

Calitz (1979:1-3) noem dat verskeie sosiokulturele en sociolinguïstiese faktore taalgebruik “beheer”, onder andere die gesindheid of **houding** waarmee 'n uiting gemaak (byvoorbeeld die intensie om iemand te kwets) of ervaar word, die tipe **diskoers** ('n grappie teenoor 'n formele toespraak), die onderwerp van die gesprek, die milieu (die sosiale omgewing), die nering (beroep) van die **gespreksgenote** (aangesien dit die verhouding tussen die gespreksgenote beïnvloed) en die **gespreksmedium**. Feinauer (1981:3) haal Combrink (1972),¹⁴ by wie konteks sentraal in sy definisie van taboewoorde staan, aan: “'n Taboe woord is 'n woord wat nie totaal verbied is nie, maar 'n woord wat onsêbaar en/of onskryfbaar is onder *bepaalde omstandighede* en/of deur 'n bepaalde persoon” (my eie kursivering).

Dit blyk dus dat daar sekere kontekste is waarin taboewoorde geredeliker voorkom (Dekker 1991:56; Van der Walt 2019), en ook dat die bepaalde konteks die “[onsêbaarheid]” (Calitz 1979:3) van 'n taboewoord beïnvloed. Sonder kontekstuele verwagtinge en konvensies van talige gedrag sou niks taboe wees nie, aangesien daar geen oorspronklike rede sou wees vir woorde om as taboe gemerk te word nie (as niemand oorspronklik beswaar aangeteken het

¹⁴ Feinauer (1981) verwys na 'n ongepubliseerde manuskrip van Combrink (1972).

teen die gebruik van 'n spesifieke woord nie). Derhalwe is dit nodig om die relevante kontekstuele faktore reeds in hierdie hoofstuk, waarin die aard van taboewoorde, en spesifiek Afrikaanse taboewoorde, onder die loep geneem word, te verken. Die kontekstuele faktore (afgelei uit die voorafgaande) wat van belang is vir begrip in 'n gespreksituasie, is die volgende:

- Tyd en ruimte
- Situasietype
- Gespreksonderwerp
- Gespreksmedium
- Gespreksgenote
- Houding
- Diskoersomgewing

Die voorgenoemde algemene kontekstuele faktore speel 'n rol wanneer enige alledaagse kommunikasie plaasvind. Hierdie kontekstuele faktore is verder ook vergelykbaar met Langacker (2008) se vier kontekstuele dimensies, te wete die **fisiese dimensie**, die **sosiale dimensie**, die **kulturele dimensie** en die **linguistiese dimensie**. Die tydruimtelike faktor hou verband met die fisiese dimensie, terwyl houding, gespreksgenote en gespreksmedium beide die sosiale en kulturele dimensies betrek. Die diskoersomgewing kan verstaan word in samehang met die linguistiese dimensie, spesifiek met verwysing na talige kennis¹⁵ (vergelyk Langacker 2008:465). Die gespreksonderwerp (wat verband hou met ensiklopediese kennis) kan ook tegelykertyd, of afsonderlik, die sosiale en kulturele dimensies betrek. Die onderskeid tussen konnotatiewe en denotatiewe betekenis hou ook hiermee verband, aangesien sodanige onderskeid afhanklik is van sosiokulturele kennis (kyk ook Jay 1981:30). Soos wat Langacker (2008:49) aandui, is die grense tussen hierdie faktore (en dimensies) allermins stabiel, en is daar 'n wisselwerkende en samewerkende proses om betekenis tot stand te

¹⁵ "Talige kennis" hou onder andere in dat daar 'n begrip is van taalkonvensies met betrekking tot die spesifieke taal wat gepraat word, soos byvoorbeeld dat 'n spreker van Afrikaans weet dat *fok* in sekere kontekste taboe sal wees.

bring. In die geval van 'n vloekuiting kan hierdie proses geredelik lei tot, of ontstaan uit, emosie. In elke nuwe gespreksituasie sal hierdie wisselwerking, en die meegaande emosies, uiteraard verskil. Die pragmatiese kenmerke van taal is dan ook veral relevant, aangesien dit gaan om spesifieke taalgebruiksituasies (vergelyk Van Niekerk en Olivier 2017:329).

Soos genoem, oorvleuel die kontekstuele dimensies wat Langacker (2008) noem, te wete die fisiese, sosiale, kulturele en linguistiese dimensies, grotendeels met die faktore wat Calitz (1979) beklemtoon. Vervolgens word elk van die bostaande faktore kortliks toegelig. Die onmiddellike **tydruimtelike** gegewens van die gespreksituasie het noodwendig 'n invloed op die gebruik en ervaring van enige talige uitings (Van Niekerk en Olivier 2017:331). 'n Uiting soos *Fok jou!* kan moontlik anders ervaar word in 'n religieuse of akademiese ruimte as op straat (vergelyk ook die volgende stelling deur Langacker (2008:465): “[You] hear more and better swear words in the locker room than in church.”).

Die tweede kontekstuele faktor is die **situasietipe** (formeel of informeel; Van Huyssteen 1995:60), waar die verhouding tussen spreker en hoorder veral relevant is (vergelyk ook Van Niekerk en Olivier 2017:331). Die afstand in sosiale status tussen 'n student en 'n dosent (of werkgewer en werknemer) kan byvoorbeeld 'n rol speel in die woordkeuses wat beide partye maak ('n student sal miskien nie maklik vloek in die teenwoordigheid van 'n dosent nie).

In 'n kerklike (of ander godsdienstige) ruimte is die gespreksituasie waarskynlik uiters formeel. Hiermee saam hang die **gespreksonderwerp**: Net soos wat persone hulle taalgebruik aanpas vir 'n akademiese onderwerp deur vakspesifieke terme te gebruik, pas hulle ook hulle taalgebruik aan vir formeler onderwerpe (akademiese gesprekke, onderhandelinge oor werksgeleenthede, ensovoorts) deur taboewoorde te vermy. Insgelyks is die teenoorgestelde weer waar vir informeler onderwerpe, aangesien taboewoorde waarskynlik meer geredelik gebruik word in gesprekke tussen studente wat byvoorbeeld handel oor toetse en take vir 'n moeilike module.

Verbandhoudend tot die tyd en ruimte, situasietipe, en gespreksonderwerp noem Dekker (1991:56) twee spesifieke kontekste waar Afrikaanse taboewoorde algemeen (ten tyde van sy navorsing) voorkom, naamlik by universiteite en binne 'n militêre konteks. Van der Walt (2019) betrek spesifiek 'n aanlyn konteks waar die **gespreksmedium**, rekenaarbemiddelde kommunikasie, 'n beduidende rol speel by talige gedrag (vergelyk Van der Walt 2019:19). In 'n informele gespreksituasie, soos op die universiteitsgronde tussen studente, of in 'n gesprek op sosiale media tussen vriende, word taboewoorde vryliker gebruik as in formele situasies.

Houding betrek die illokutiewe intensie van die spreker en die perlokutiewe effek wat die taaluiting op die hoorder het (vergelyk ook “psigologiese konteks”; Van Huyssteen 1995:67). Dit is voor die hand liggend dat die intensie van die persoon wat 'n taboewoord gebruik, 'n noemenswaardige invloed sal hê op die ervaring van daardie woord. Indien 'n vriend grappenderwys na jou idee as 'n *kak idee* verwys, sal dit waarskynlik minder aanstoot gee as wat dit sou indien die vriend dit onvriendelik bedoel het. Een manier waarop die aanhoorder tussen die verskillende moontlike bedoelings van die vriend sou kon onderskei, is deur middel van intonasie, wat die afwisseling van stemtoon, pouse en aksent insluit (Calitz 1979:18).

Die volgende kontekstuele faktor hou verband met 'n persoon se verhouding tot sy/haar **gespreksgenote**, oftewel 'n spreker se posisie binne 'n sekere groep, en in verhouding tot 'n groep waarvan hy of sy nie deel is nie (vergelyk Van Huyssteen 1995:68). Enersyds het dit te make met elke persoon se behoefte aan groepsidentifikasie (Van Huyssteen 1995:70). Groepsidentifikasie sal byvoorbeeld 'n persoon lei om sy of haar taalgebruik aan te pas (byvoorbeeld deur gebruik te maak van kodewisseling, sien ook Van Huyssteen 1995:71) om deel te wees van die groep. Andersyds behels dit ook dat 'n spreker tussen registers en styl sal wissel om in te pas by 'n groep (Van Huyssteen 1995:71). Van Huyssteen (1995:71) formuleer 'n nuttige werksdefinisie vir die begrip **register**¹⁶:

¹⁶ Vergelyk ook die definisies vir **register** in Otto (2017:368) en Carstens (2011:278), wat albei versoenbaar is met dié van Van Huyssteen (1995:71), aangesien beide ook klem lê op bepaalde taalgebruikssituasies (en aktiwiteite). Van Huyssteen (1995:71) onderstreep egter verder die idee dat 'n register 'n subkode is – wat 'n sekere mate van konvensie tussen sprekers impliseer.

'n Register is 'n subkode in 'n taal, wat in 'n spesifieke situasie deur 'n bepaalde sprekersgemeenskap geselekteer word en waardeur bepaalde gepaste linguistiese strukture en leksikale items gerealiseer word.

Laastens is die **diskoersomgewing** enersyds afhanklik van die invloed van die breër teksomgewing waarin 'n uiting staan, op die interpretasie van 'n uiting (vergelyk ook “makrotekstuele konteks”; Van Huyssteen 1995:76), en dit verwys hoofsaaklik na die kennis waarmee gespreksgenote 'n uitdrukking interpreteer. Andersyds is die oorvleueling tussen die verwysingswêreld van die spreker en die hoorder bepalend vir hoeveel begrip tussen hulle gedeel kan word (vergelyk Van Huyssteen 1995:77). Daar kan byvoorbeeld maklik 'n misverstand plaasvind wanneer 'n spreker na 'n *teef* verwys sonder dat die hoorder weet die spreker het 'n vroulike hond as troeteldier.

2.2.3.3 Taboewoorde is emosiewoorde

Name a feeling, and profanity can elicit it (Bergen 2016:7).

Feinauer (1981:166) voer aan dat taboewoorde se emosiewaarde (sy gebruik “gevoelswaarde” maar verwys ook na “emosionaliteit”) die belangrikste element vir die oordrag van betekenis tydens 'n vloekuiting is. Die implikasie hiervan is dat emosie integraal tot die konsep **taboewoord** is. Die konsep **emosie** word tradisioneel as 'n komplekse verskynsel (of toestand) beskou en geredelik in verband gebring met gedagtes, fisiologiese veranderinge in jou liggaam, gevoelens, impulse en aandag (Maiese 2011:51)¹⁷. Vir die doel van hierdie studie word **emosie** op 'n basiese vlak verstaan as die effek van (of reaksie op) 'n dinamiese wisselwerking tussen jou bewussyn, jou begeertes (of drif) en jou liggaamlike reaksies (breedweg versoenbaar met 'n kognitiewe uitgangspunt; vergelyk Maiese 2011:50-53). Dit gaan hier verder ook veral oor die uitdrukking van emosie deur middel van

¹⁷ Aangesien emosie nie die hoofokus is van hierdie verhandeling nie, is daar in hierdie afdeling hoofsaaklik op 'n basiese bron oor emosie, Maiese (2011) se *Embodiment, emotion, and cognition* gesteun.

verbalisering. Hierdie onderwerp word gereeld ondersoek, soos byvoorbeeld die ondersoek deur Awasthi en Kumar (2022) wat kyk na die uitdrukking van woede deur ontevrede klante.

Montagu (1967:5) voer aan dat emosionele vokalisering deur mense aanleiding gegee het tot die ontwikkeling van taal, en dat dit dus beteken dat vloek, as 'n emosionele uiting, een van die oudste vorme van kommunikasie is. Alhoewel Montagu (1967) se stelling slegs op 'n hipotese berus, word vloek by uitstek as emotiewe gedrag beskou. Hierdie afdeling fokus op die maniere waarop emosie moontlik 'n rol kan speel by die ervaring van 'n taboewoord.

In die kognitiewe wetenskappe word die begrip **beliggaamde ervaring** verstaan as die wisselwerking tussen 'n mens se fisiese liggaam en jou omgewing – hierdie wisselwerking bepaal hoe jy die wêreld verstaan en ervaar (Maiese 2011:2). Maiese (2011:50) voer aan dat emosie spesifiek een van die fundamentele manifestasies van jou beliggaamde ervaring is, en dat jou emosionele bewussyn by uitstek beliggaamd is (Maiese 2011:51). Dit volg dan dat mense se ervarings van hulle wêreld(e) van mekaar sal verskil, wat beteken dat taboewoorde nie dieselfde emosionele uitwerking op almal sal hê nie. Iemand wat byvoorbeeld op skool geboelie is oor 'n eienskap soos rooi hare of homoseksualiteit, sal miskien 'n baie hoër taboewaarde aan woorde soos *rooikop* en *moffie koppel* as iemand anders wat nooit daardie ervaring gehad het nie.

Subjektiwiteit is dus 'n onvermydelike gegewe wat die ervaring van 'n taboewoord beïnvloed (Love 2021:741). Dienooreenkomstig sal subjektiwiteit dus noodwendig die gradering van taboewoorde (in navorsingskontekste) bemoeilik. Eenvoudig gestel, het elke persoon 'n stel unieke ervarings van die gebruik van taboewoorde in sosiale interaksies en gevolglik sal die taboewaardes van hierdie woorde van persoon tot persoon verskil. Aangesien taboewaardes 'n rol speel by wat as 'n taboewoord beskou word, kan die invloed van emosie bepaald ook 'n invloed hê op die identifisering van prototipiese taboewoorde.

In die neurowetenskappe word veral reaktiewe vloekuitroepe gegroepeer saam met ander nietalige vokaliseringe soos lag en huil, wat deur subkortikale strukture (wat belangrik is vir

emosies) beheer word (Pinker 2007:342). Volgens Jay (2000:50) word kinders gekondisioneer om sekere emosies met sekere woorde te assosieer, 'n proses waardeur die emosionele “stroombaan” in die brein geskakel word met die breinareas in die linker- en regter- serebrale kortekse waar taal beheer word. Vloek word dus nie net deur talige strukture in die brein beheer nie; daar is 'n wisselwerking tussen die subkortikale areas in die brein en die korteks (die setel van taal in die brein; vergelyk Jay 2000:45). Die implikasie hiervan is dat taboewoorde in sekere omstandighede met sigbare liggaamlike reaksies gepaard kan gaan, wat verder kan bydra tot die taboewaarde van daardie woord.

Daarbenewens word hoofsaaklik (maar nie uitsluitlik nie) negatiewe emosies, byvoorbeeld woede, met vloek geassosieer (Jay 2000:38). Taboewoorde word ekspressief aangewend (Donahoo *et al.* 2022:1) en geredelik beskou as 'n manier om verbaal aan aggressie uiting te gee (Park *et al.* 2014:27). Hierdie gedrag, naamlik die vertoon van woede of aggressie deur gebruik te maak van taboewoorde, kan dus bepaalde reaksies ontlok wat moontlik die taboewaarde van 'n taboewoord kan vergroot. 'n Taboewoord soos *donder* in die sin *Ek gaan jou donder* kan 'n groter taboewaarde hê indien dit aggressief aangewend word (teenoor die taboewaarde van 'n gefrustreerde *Ag donder* wanneer jy iets vergeet het).

Daar is reeds verwys na die feit dat die gebruik van taboewoorde soms gepaard gaan met sigbare liggaamlike reaksies. Die aanhoor van taboewoorde kan op soortgelyke wyse ook 'n fisiologiese reaksie in die aanhoorder tot gevolg hê. Hierdie reaksies kan insluit 'n vinniger pols, sweterige palms en vlak asemhaling (vergelyk Bergen 2016:7 en ook Bednarek 2009:397). Alhoewel taboewoorde (in die geval van 'n emosionele uiting) die gebruiker van die woord se emosie weergee (Crystal 2005:463), en daardie emosie dienooreenkomstig nie aan die aanhoorder toegeskryf kan word nie, is dit onwaarskynlik dat 'n intense emosie die aanhoorder onaangeraak sal laat (vergelyk Jay 2000:48). Volgens 'n ondersoek na die geestesgesondheid van verpleegpersoneel deur Stone en Hazelton (2008:211) het die taboewoorde wat in emosionele situasies deur pasiënte gebruik word byvoorbeeld 'n sterk,

onmiddellike, negatiewe reaksie op die personeel. Dit volg verder ook logies dat 'n sterker taboewoord 'n meer intense fisiese reaksie tot gevolg sal hê (kyk byvoorbeeld Byrne 2017:26).

Die mens se besondere sosiale intelligensie sluit in dat waardevolle inligting oor gespreksgenote se emosionele toestande bekombaar is uit selfs die kleinste verandering in gesigsuitdrukking of liggaamshouding (Atkinson & Adolphs 2005:153). Maiese (2011:179) bespreek mimetiese response wat voorkom omdat ons in sosiale situasies fyn oplet na ons gespreksgenote se liggame (Maiese 2011:179 noem dit "bodily attunement"). Sulke mimetiese response word tot 'n groot mate onderdruk en hoef nie noodwendig 'n spieëlbeeld van die ander persoon tot gevolg te hê nie (Maiese 2011:179), maar net soos wat 'n hand wat waai jou kan stimuleer om op dieselfde manier te groet, kan 'n woedende uitdrukking op iemand anders se gesig 'n aspek van daardie emosie tot jou bewussyn bring. Insgelyks kan 'n talige uiting wat met 'n spesifieke emosie geassosieer word (byvoorbeeld 'n **belediging** of 'n **verwensing** wat met woede geassosieer kan word) ook 'n invloed hê op die aanhoorder (vergelyk Bednarek 2009:397). Die waarneming van iemand anders se emosies (of die uitdrukking daarvan) kan dus 'n beduidende invloed hê op die potensiële taboewaarde van die taboewoord.

Samevattend is dit waarskynlik dat beide die spreker en die aanhoorder se ervaring van emosie, en die waarneembaarheid daarvan in liggaamlike reaksies soos gesigsuitdrukkings en liggaamshouding, 'n baie belangrike rol speel by die subjektiewe gradering van 'n woord se taboewaarde.

2.2.4 Gevolgtrekking

Die eerste belangrike afleiding wat gemaak is uit die oorsig oor internasionale vloekliteratuur (Afdeling 2.2.1), is dat daar tot dusver nog min eenstemmigheid oor die presiese definisies van talige taboes is. Dieselfde geld vir vloeknavorsing op eie bodem wat in chronologiese volgorde in Afdeling 2.2.2 bespreek is.

In Afdeling 2.2.1 is genoem dat taboewoorde volgens Jay (2020:39) op twee wyses gegroepeer word, te wete op grond van semantiese inligting of op grond van funksionele aspekte. Dit is duidelik uit die literatuurondersoek in Afdeling 2.2.2 dat Afrikaanse taboewoorde ook op grond van semantiese inhoud of funksie gegroepeer word. Die indeling van taboewoorde soos wat dit in woordeboeke gedoen word (deur middel van byvoorbeeld stilistiese etikettering) is ook dikwels in die Afrikaanse vloekliteratuur ondersoek. Hierdie verskillende groeperings moet wel deegliker van mekaar onderskei word ter wille van akkuraatheid.

Alhoewel die indeling van woorde in funksionele taboekategorieë allermens konsekwent gedoen word in die literatuur (soos aangetoon in die werksdefinisie in Afdeling 1.2) is daar heelwat oorvleueling in die Afrikaanse literatuur. Calitz (1979) onderskei, soos aangetoon in Afdeling 2.2.2.2, tussen **spot** en **skerts**, **skel**, **vloek** en **verwens**. Aangesien beide **spot** en **skerts** 'n beledigende aard het (vergelyk Calitz 1979:26-28), is hierdie verskynsels versoenbaar met die vloekategorie **beledigings** in die werksdefinisie.

Dekker (1991) merk die eienskappe van **skel** soos volg: “[+verraai die spreker/skrywer se oordeel oor iemand] [+karaktertekenend] en [+opset om te beledig]” (Dekker 1991:59). Hierdie kategorie word onderskei van **beledigings** op grond van 'n hoër disfemistiese waarde: Wanneer iemand **skel**, word die ergste taboewoorde toegeskryf aan 'n persoon ten einde 'n persoon se karakter werklik te skend (vergelyk ook Van Huyssteen 1995:84).

Feinauer (1981) sluit by Calitz (1979) aan deur 'n verband te trek tussen **vloek** en **godslastering**, spesifiek met betrekking tot die Christelike godsdienst. In breër terme kan **laster** vandag verstaan word as 'n funksionele vloekategorie wat enige heilige of godheid minag. Waar Feinauer (1981) egter aanvoer dat **vloek** eintlik 'n afsonderlike, oorkoepelende kategorie is waaronder lede uit ander kategorieë soos **skel** en **verwensing** ook kan ressorteer op grond van hoër taboewaardes, beskou Calitz (1979) **vloek** as 'n afsonderlike kategorie op dieselfde vlak as die ander kategorieë. Calitz (1979:78) dui aan dat die illokutiewe intensie van hierdie tipe vloek oorheersend aggressief is. Vir Feinauer (1981:33) behels dit veral 'n

psigologiese gebruik van 'n taboewoord as 'n “plaasvervanger” (Feinauer 1981:32) vir fisieke geweld.

Lubbe (1970:44) voer aan dat talige taboes deur middel van eufemisme aangepas moet word in sekere omstandighede (byvoorbeeld waar “stilsweye” oor 'n gevoelige saak nie moontlik is nie). Hierdie funksie sluit aan by die groep wat Feinauer (1981) as **swetse** identifiseer. Feinauer (1981:8) onderstreep die emosionele ontladingsfunksie van eufemistiese taboewoorde (oftewel bastervloeke of swetse) verder: “Die rede vir die vorming van swetse is die taalgebruiker se behoefte aan woorde waarmee hy sy frustrasie kan uitspreek, sonder dat hy met die skuldgevoel sit wat met die uit van verbode woorde gepaard gaan”. Die funksionele kategorie hier ter sprake, is **swets**.

Verwensings is uiteraard ook 'n funksionele kategorie wat met emosionele intensiteit saamhang, aangesien die funksie hier is om iemand kwaad toe te wens in stede daarvan om hulle gewoon te beledig (Calitz 1979:3). Die laaste vloekkategorie is **sweer**. Dit is 'n talige taboe in veral die Christelike geloof om 'n eed met God se naam af te lê (kyk Calitz 1979:82).

Ten opsigte van funksionele kategorieë word al die kategorieë wat in die werksdefinisie voorgestel word, in verskillende kombinasies genoem in die Afrikaanse vloeknavorsing wat bespreek is, alhoewel hulle nêrens almal saam (of op dieselfde organisatoriese vlak) genoem word as subkategorieë vir taboewoorde nie. Die funksionele subkategorieë van die kategorie **taboewoord** sluit dan steeds, soos gestel in Afdeling 1.2, **verswerings**, **swetse**, **skelwoorde**, **lasterings**, **vervloekings** (of **verwensings**) en **beledigings** in.

Die term **semantiese domeine** word gebruik om te verwys na taboekategorieë gebaseer op semantiese inhoud. Uit Calitz (1979) en Feinauer (1981) se navorsing kan afgelei word wat die semantiese brondomeine is wat in 1979 en 1981 die meeste aanstoot sou gee:

- Die godsdiendomein
- Die natuurdomein
- Die seksdomein
- Die skatologiese domein

Ander domeine wat voorgestel word as bronne vir die vloekleksikon, is die Ander (kyk Calitz 1979:53 en ook Van Huyssteen 1995) en diere (Calitz 1979:53). Die enigste brondomein wat tot die voorlopige definisie bygevoeg word, is siektes. Calitz (1979:105) verwys wel na die Nederlandse gebruik van die siektedomein (veral by verwensings, soos *Krijgt de pest!*), maar voer aan dat dit nie in die Afrikaanse kultuur neerslag gevind het nie. In Onderzoek 1 (wat later in Hoofstuk 3 bespreek word), word daar egter twee woorde, naamlik *pes* en *kankerkont*, genoem as Afrikaanse taboewoorde, en dus word hierdie domein wel ingesluit (alhoewel verdere navorsing ter bevestiging wel noodsaaklik is). Die semantiese domeine waaruit taboewoorde kan ontstaan, is vervolgens:

1. Die godsdienstdomein, byvoorbeeld *jirre*.
2. Die seksuele domein (liggaamsdele en gedrag), byvoorbeeld *fok*.
3. Die skatologiese domein, byvoorbeeld *kak*.
4. Die natuurdomein, byvoorbeeld *bliksem*.
5. Die dieredomein, byvoorbeeld *teef*.
6. Die andersheidsdomein, byvoorbeeld *moffie*
7. Die siektedomein, byvoorbeeld *pes*

In Afdeling 2.2.3 is daar drie aspekte bespreek wat moontlike slaggate vir navorsers oor taboewoorde kan wees. Eerstens is daar aangedui dat daar kwessies rondom die interpretasie van taboewoorde kan ontstaan, en dat hierdie kwessies nou saamhang met die taboewaardes van taboewoorde. Tweedens is die belang van konteks beklemtoon. Derdens is emosie as 'n spesifieke buitetalige kontekstuele faktor, wat 'n invloed kan hê op mense se begrip en ervaring van 'n taboewoord, bespreek.

Hierdie elemente is spesifiek van metodologiese belang by die identifisering van taboewoorde. Eerstens moet die navorser bewus wees daarvan dat individuele interpretasies van taboewaardes en wat taboewoorde is 'n rol kan speel wanneer respondente byvoorbeeld in 'n ondersoek gevra word om taboewoorde op te noem. Verder is dit duidelik dat daar aandag

aan kontekstuele elemente en emosie gegee sal moet word wanneer die metodologie vir 'n studie oor taboewoorde ontwerp word. In die lig hiervan is die definisie van die konsep wat ondersoek word, **taboewoorde**, juis gepas, aangesien beide taboewaardes en konteks daarby betrek word.

Laastens kan genoem word dat die feit dat Feinauer (1981) die taboewaarde van 'n taboewoord beskou as die merker van wanneer 'n taboewoord 'n vloekwoord is al dan nie, ook relevant is tot die definisie hier bo. Aangesien taboewaardes van taboewoorde juis nog nie in Afrikaans empiries bepaal is nie (in elk geval nie vir 'n noemenswaardige aantal taboewoorde nie), is dit sinvol om eerder 'n breë term soos **taboewoord** te gebruik. In die lig hiervan kan die voorlopige definisie soos volg aangepas word:

'n Taboewoord is enige woord wat in sommige kontekste vir verskillende mense 'n taboewaarde sal hê.¹⁸

Ten einde die volgende belangrike konsep in verband met die identifisering van sentrale Afrikaanse taboewoorde, te wete “prototipies”, te omskryf, word daar vervolgens na kategorisering soos dit in die prototipeteorie verstaan word, gekyk. Die doel daarvan is om uiteindelik 'n metodologie te ontwerp waarmee prototipiese Afrikaanse taboewoorde geïdentifiseer kan word. Hierdie prototipiese taboewoorde kan dan in verdere navorsing aan graderings in terme van hulle taboewaardes onderwerp word om uiteindelik 'n stel gegradeerde, gebruiklike taboewoorde as 'n nuttige riglyn vir die FPR te bied.

2.3 “Prototipies” gedefinieer

In geen van die internasionale of plaaslike studies wat in die voorafgaande afdeling (Afdeling 2.2.) bespreek is, is daar 'n metodologiese raamwerk vir die identifisering van die belangrikste (Afrikaanse) taboewoorde geskep nie. Die konsep “prototipies” word voorts in hierdie afdeling

¹⁸ Hierdie definisie is dan ook die basis van die rasionaal vir die vas skryf van **taboewoord**: Die woord is nie taboe nie (dit kan gesê word), maar het eerder 'n taboewaarde. Met ander woorde, “taboe” funksioneer hier nie as 'n adjektief nie (dan sou “taboe woord” wel die gepaste keuse wees), maar eerder as 'n selfstandige naamwoord.

bespreek om uiteindelik die konsep te definieer met die oog op die ontwikkeling van 'n praktiese uitvoerbare metodologie vir hierdie studie.

2.3.1 Wat is 'n prototipe?

Om te verstaan wat 'n prototipe is, is dit belangrik om die begrip kortliks te kontekstualiseer met betrekking tot een van die sleutelbeginsels van KL, naamlik die **kognitiewe verbintenis**. Die kognitiewe verbintenis hou in dat daar nie net algemene strukturele beginsels tussen verskillende vlakke van talige organisasie is nie, maar dat talige organisasie versoenbaar is met menslike kognitiewe organisasie (Evans en Green 2006:40). In KL word taal nie as 'n aparte, aangebore vermoë beskou nie, maar eerder as 'n produk van algemene kognitiewe vermoëns (Van Huyssteen 2000:41). Die kognitiewe vermoë wat in hierdie afdeling veral van belang is, is **kategorisering**, 'n "spesifieke geval van die meer algemene vermoë van vergelyking" (Van Huyssteen 2000:111).

Rosch (1975a) en haar kollegas het begin wegbeweeg van die klassieke beskouing van kategorieë (Taylor 2008:39) wat vanaf die klassieke tye ontwikkel is. Rosch (1975a:198) se bevindinge dui daarop dat die organisering van semantiese inhoud op 'n heel ander wyse plaasvind, te wete kategorisering deur middel van 'n prototipe, oftewel daardie eenheid wat sentraal staan in die kategorie (vergeelyk Evans en Green 2006:249).

Familieverwantskappe tussen lede van 'n kategorie in 'n radiale semantiese struktuur (wanneer daar sprake is van "kategorisering via prototipes", Van Huyssteen 2000:113) oorvleuel en kom in groeperings voor. Verskillende tipes kategorieë is verder verskillend gestruktureer, sodat, byvoorbeeld, die enkodering vir visuele en talige kategorieë nie dieselfde is nie (Rosch 1975a:192). 'n Lid van 'n kategorie se posisie in die kategorie is verder ook nie staties nie, omdat individuele ervarings kategorieelidmaatskap beïnvloed (Van Huyssteen 2000:114). Sentrale lede skakel deur middel van gedeelde kenmerke aan minder markante lede (Van Huyssteen 2000:115). By taboewoorde is eufemismes voorbeelde van periferiese lede: Instansiëring van sterk taboewoorde wat versag word deur middel van 'n aantal versagende metodes (vergeelyk byvoorbeeld Lubbe 1970:44 en

Van Sterkenburg 2001:75). 'n Konkrete voorbeeld waar die gedeelde kenmerke tussen twee lede van die kategorie **taboewoorde** (in terme van fonologie en ortografie) duidelik is, is *gits*, wat 'n versagting is van *god* (vergeelyk Feinauer 1981:127). Beide woorde is lede van die taboewoordkategorie, aangesien hulle verskeie eienskappe met mekaar deel (en omdat swetse, oftewel eufemistiese vloeke, in hierdie studie beskou word as 'n subkategorie van die taboewoordkategorie, kyk Afdeling 2.2.4).

Daar is reeds genoem dat individuele ervarings die posisies van kategorielede op die radiale struktuur beïnvloed. In aansluiting by hierdie ervaringsgebaseerdheid van kategorieelidmaatskap (Van Huyssteen 2000:114) voer Geeraerts (2006:10) aan dat 'n sleutelkenmerk van prototipekategorieë buigsaamheid ("flexibility") is. Dit volg logies dat prototipekategorieë wollerige, onduidelike grense het (die sogenaamde "fuzzy boundaries"; Evans en Green 2006:250). Daar kan veral noemenswaardige variasie waargeneem word by die lede wat op die periferie van die kategorie lê (Van Huyssteen 2000:114). Die randfigure van die vloekkategorie sal waarskynlik nie in hierdie studie die nodige aandag kry nie, en verdere studies sal nodig wees om die grense van hierdie kategorie beter te verken.

Dit volg natuurlik dat kategorieë nie 'n stel noodsaaklike en voldoende, kritiese kenmerke, wat enersyds voldoende is om kategorieelidmaatskap te verseker, en andersyds verpligtend is vir kategorieelidmaatskap, kan besit nie. In die geval van taboewoorde, waar konteks en konvensie 'n baie groot rol speel in die ervaring van 'n vloekuiting (vergeelyk Van Sterkenburg 2001:65) vertoon die vereistes vir kategorieelidmaatskap waarskynlik 'n groot mate van interpersoonlike variasie (gegrond op elke persoon se eie ervaringe in die wêreld). Sommige lede kan ook "totaal arbitrêr" wees (Van Huyssteen 2000:118). Vervolgens word daar ondersoek ingestel na moontlike maniere waarop prototipiese lede van 'n kategorie geïdentifiseer kan word.

2.3.2 Maatstawwe vir die identifisering van prototipes

Daar is verskeie maatstawwe van prototipisiteit waaraan lede van die kategorie gemeet kan word om die prototipes van 'n kategorie te bepaal. Hierdie maatstawwe het te make met verskeie prototipisiteitseienskappe. Lede van 'n kategorie toon byvoorbeeld variasie en besit verskillende grade van tipiese kategoriekenmerke, en lede wat hoër grade van hierdie tipiese kategoriekenmerke besit, is prototipieser as ander. Rosch (1975a:198) het hierdie effek van prototipisiteit aangetoon deur respondente te vra om aan te dui hoe 'n goeie voorbeeld 'n spesifieke geval van 'n bepaalde kategorie is ("goodness-of-example"; kyk Taylor 2008:41). Van Huyssteen (2000:113) voeg by dat die prototipiese lid se graad van markantheid en vestiging die hoogste is, wat impliseer dat die taboewoorde wat die maklikste en vinnigste herroep word (of die meeste gebruik word) deur taalgebruikers, die prototipiesste taboewoorde is. Voorts word enkele maatstawwe bespreek in samehang met metodes wat gevolg kan word om vir prototipisiteit te toets. In Tabel 1 word daar uiteindelik 'n metodologiese raamwerk vir die empiriese identifisering van die prototipiesste taboewoorde in Afrikaans uiteengesit.

2.3.2.1 Markantheid

Markantheid ("salience") is 'n belangrike maatstaf waaraan prototipisiteit gemeet kan word. Sommige lede van 'n kategorie dra, volgens Geeraerts (2006:3, 11) se beskrywing van markantheid, struktureel meer gewig, en is by implikasie prominenter voorbeelde van daardie kategorie. Rosch (1975a:194) verwoord haar navorsingsvraag in 'n ondersoek oor die verskille in strukturele gewig tussen lede van 'n kategorie soos volg:

Can subjects make meaningful judgments about internal structure – the degree to which instances are good or poor members of categories; and can a reasonable case be made that internal structure affects cognition with respect to categories?

Die bevindinge van die goedheid-van-voorbeeld-tellings wat Rosch (1975a) die respondente laat toeken het, dui daarop dat respondente nie net meer sentrale lede van 'n kategorie kan uitwys (en die taak dus betekenisvol vind, met ander woorde, hulle vind dit sinvol om te

onderskei op grond van kategorielidmaatskap) nie, maar ook dat daar baie sterk ooreenkomste is tussen die goedheid-van-voorbeeld-tellings wat deur verskillende respondente toegeken is aan die items (Rosch 1975a:198). Rosch (1975a) se metode, die gebruik van goedheid-van-voorbeeld-tellings, is dan ook een van die eerste metodes wat gebruik kan word om prototipisiteit te ondersoek, spesifiek met betrekking tot die markantheid van verskillende lede van 'n kategorie. 'n Tipiese goedheid-van-voorbeeld-ondersoek behels 'n opdrag aan respondente om 'n aantal lede van 'n spesifieke kategorie te gradeer in terme van hoe 'n goeie voorbeeld elke spesifieke item van daardie kategorie is (of anders gestel, hoe verteenwoordigend daardie kategorielid van die kategorie as geheel is; vergelyk Rosch 1975a). Uiteraard gaan dit dan hier oor persepsie, aangesien die respondent spesifieke gevalle van 'n kategorie evalueer.

Rosch (1975a) het egter nie slegs op GVV-tellings staatgemaak om gevolgtrekkings ten opsigte van intrakategoriale semantiese afstande en interne struktuur te maak nie, maar het verskeie ander ondersoeke gedoen. Rosch (1975a:198) se resultate uit die ondersoek vir GVV-tellings is, byvoorbeeld, ter verifikasie vergelyk met haar vorige studie (in 1973) omdat ses van die kategorieë wat sy getoets het, oorvleuel het met dié van die eerste ondersoeke. Die graderings vir daardie ses kategorieë het telkens ooreengestem.

Markantheid het verder ook te make met twee ander maatstawwe, aktiveringstyd en verifikasiespoed (kyk Afdeling 2.3.2.4), wat nie eksplisiet in hierdie studie gebruik gaan word nie. Die maatstawwe is wel implisiet sigbaar wanneer markante lede die vinnigste geaktiveer word deur respondente wat blootgestel word aan die kategoriernaam (Taylor 2008:41). Dit staan bekend as 'n "priming effect", oftewel stimulusvoorbereidingseffek: Een stimulus (die kategoriernaam) dien as voorbereiding vir 'n volgende stimulus (byvoorbeeld 'n vraag in 'n vraelys). Die effek hiervan is dat 'n respondent tipies "voorberei" word om op 'n sekere wyse te reageer ('n tipe "leidende [vraageffek]" wat uiteraard gewoonlik vermy moet word; Mouton en Marais 1990:91). Volgens Rosch (1975a:195) werk die stimulusvoorbereidingseffek vir die

identifisering van prototipes, omdat die voorbereidende stimulus (“prime”) ’n gedeelte van die inligting bevat wat die respondent benodig om te reageer (Rosch 1975a:195).

Hierdie voorbereidingsstegniek kan dus gebruik word om prototipiese lede van ’n kategorie te identifiseer deur die respondente bloot te stel aan die kategorie naam (die “prime”) wat van die inligting besit wat die respondente nodig het om ’n respons te gee (of ’n taak uit te voer). So byvoorbeeld kan die respondent, ná blootstelling aan die kategorie naam, die opdrag gegee word om lede van die kategorie te lys in die volgorde wat dit by die respondent opkom (Taylor 2008:41). Respondente sal byvoorbeeld *kat* en *hond* lys as lede van die kategorie *troeteldier* voordat hulle *perd* of *vark* noem. Dit volg dus dat respondente op ’n soortgelyke wyse prototipieser lede van die kategorie taboewoord eerste sal opnoem wanneer hulle met ’n soortgelyke produksieopdrag gevra word om al die taboewoorde waaraan hulle kan dink, neer te skryf.

2.3.2.2 Vestiging: Eenheidstatus by individu

Verwant aan markantheid is **vestiging**. Vestiging is ’n proses wat gefasiliteer word deur outomatisering, ’n algemene kognitiewe vermoë waardeur ’n struktuur (soos ’n leksikale item) deur herhaling deur individue aangeleer word (Langacker 2008:16). Van Huyssteen (2000:125) noem dat daar ’n verband bestaan tussen die graad van vestiging van ’n leksikale item en prototipisiteit. Langacker (2008:21) onderskei tussen twee verskillende tipes vestiging, naamlik **eenheidstatus** (“unit status”) en **gekonvensionaliseerdheid** (“conventionality”). Eenheidstatus het betrekking op die individuele spreker: ’n Individu kon byvoorbeeld grootgeword het in ’n huis waar daar na die vroulike geslagsdeel as *moemfie* verwys is (met die gevolg dat *moemfie* vir hierdie spreker eenheidstatus besit), terwyl *koekie* moontlik meer gekonvensionaliseerd is in die wyer spraakgemeenskap.

Die stimulsvoorbereidingseffek is tipies ’n aanduiding van markantheid, maar het ook duidelike betrekking op vestiging, aangesien markante strukture tipies beter gevestig is in die respondent se mentale leksikon (Taylor 2008:41). ’n Moontlike metode om te toets of ’n spesifieke struktuur eenheidstatus vir ’n individu het, is om respondente aan ’n voorbereidende

stimulus (byvoorbeeld die kategorienaam) bloot te stel. Volgende word 'n gekontekstualiseerde stimulus (wat tipies vir taboewoorde emosioneel van aard sal wees; kyk Afdeling 2.2.3.3) vir die respondente aangebied, met die opdrag om te reageer met 'n respons wat in die voorgenoemde kategorie ressorteer (vergelyk Bailey en Timm 1976:439). Die kategorienaam berei die respondent dus voor om op 'n spesifieke manier te reageer op die gekontekstualiseerde stimulus (hierdie tipe ondersoek sal ook 'n produksieondersoek wees, aangesien lede van die kategorie teoreties as respons gegenerereer sal word). Volgens Taylor (2008:41) sal die response dan tipies 'n aanduiding wees van watter kategorielede die beste vestiging het vir die betrokke individu.

2.3.2.3 Vestiging: Gekonvensionaliseerdheid in 'n spraakgemeenskap

Waar eenheidstatus verwys na die vestiging van 'n woord in 'n individu se leksikon, verwys gekonvensionaliseerdheid na die vestiging van 'n leksikale item binne 'n spraakgemeenskap. Wanneer 'n struktuur deur middel van herhaling vir verskeie lede van 'n gemeenskap eenheidstatus bereik, word die struktuur konvensioneel in daardie gemeenskap. Tradisioneel word geïnstitusionaliseerdheid (of die woord in woordeboeke opgeneem is al dan nie) geneem as aanduiding van die gekonvensionaliseerdheid van 'n leksikale item, aangesien een van die kriteria wat leksikograwe vir die opneem van 'n woord stel, juis is hoe gekonvensionaliseerd die woord is (Van Huyssteen 2000:246).

Van Huyssteen (2000:246) dui op die verband tussen gekonvensionaliseerdheid en **gebruiksfrekwensie**. Aangesien herhaling lei tot vestiging, volg dit dat items wat meer gebruik word, ook meer konvensioneel is.¹⁹ Die ideale metode om gebruiksfrekwensie te ondersoek, is deur die gebruik van observasies van werklike gesproke taalgebruik (vergelyk Beers Fägersten 2012:23; en ook Jay en Janschewitz 2008:268). Aangesien sulke metodes verskeie etiese en praktiese implikasies het, kan 'n korpusondersoek op geskrewe teks

¹⁹ In ooreenstemming hiermee word prototipiese strukture (wat konvensioneel is, aangesien hulle herhaaldelik teëgekomp word) van 'n kategorie gewoonlik ook eerste aangeleer deur kinders (Daelemans *et al.* 2009:66). Daar bestaan egter nie genoegsame kindertaaldata vir Afrikaans nie, en hierdie eienskap van prototipisiteit word dus nie in hierdie studie gebruik nie.

uitgevoer word om die **voorkomsvrekwensies** van lede van 'n kategorie met mekaar te vergelyk. Hierdie metode is weereens 'n tipe produksieondersoek.

2.3.2.4 Ander

Outomatisering het verder tot gevolg dat die strukture wat die beste gevestig is, ook 'n korter **aktiveringstyd** nodig het, juis omdat die aksie outomaties, en sonder inspanning, plaasvind. **Verifikasiespoed** of die spoed wat dit neem vir 'n respondent om aan te dui dat *X* 'n lid van kategorie *Y* is, is 'n maatstaf van hierdie eienskap van prototipisiteit (Taylor 2008:41). In 'n Vroeë studie van Rosch (1975b:303) stel sy byvoorbeeld respondente bloot aan die naam van 'n kleurkategorie (soos **blou**), waarna die respondente die opdrag kry om pare kleure te klassifiseer as “dieselfde” of “anders”. Rosch (1975b:303) bevind dat identiese pare van prototipiese instansiërings van die spesifieke kleurkategorie makliker en vinniger as “dieselfde” gemerk word as twee identiese, minder prototipiese instansiërings van die kategorie (dus sou 'n paar koningsblou kleurkaarte waarskynlik 'n vinniger respons ontlok as 'n paar indigo kaarte). Verifikasiespoed en aktiveringstyd word beide tipies in die psigolinguistiek bestudeer, en val dus buite die skopus van hierdie studie.

Laastens is daar reeds (kyk Afdeling 2.3.1) verwys na die feit dat daar **familieverwantskappe** tussen verskillende lede van prototipisiteitskategorieë is. Volgens Hampton (2016:129) kan hierdie gedeelde familieverwantskappe ook 'n maatstaf wees vir prototipisiteitstoetsing. Hierdie maatstaf kan tipies gebruik word in ondersoeke waar respondente kenmerke vir 'n kategorie genereer, of waar respondente hierdie kenmerke gradeer in terme van belangrikheid ten opsigte van die aard van die kategorie (Hampton 2016:129; kyk “D” en “E”). Alternatiewelik kan respondente 'n tabel waarin die kategoriekenmerke en potensiële lede van die kategorie in kolomme en rye geplaas is, voltooi met die doel om telkens aan te dui of die kategorieelid die kenmerk besit of nie (Hampton 2016:129; vergelyk “F”).

2.4 Samevatting

In Hoofstuk 2 is daar eerstens verslag gelewer oor 'n literatuurondersoek oor taboewoorde (Afdeling 2.2) en prototipisiteit (Afdeling 2.3), met die doel om enersyds vas te stel watter talige taboes geïdentifiseer moet word in Hoofstuk 3, en om andersyds vas te stel hoe daar te werk gegaan moet word om dan die prototopiesste van hierdie taaltaboes te identifiseer. Uiteindelik is aangedui dat die taboewoorde wat geïdentifiseer moet word, as volg gedefinieer kan word:

'n Taboewoord is enige woord wat in sommige kontekste vir verskillende mense 'n taboewaarde sal hê.

Tweedens is daar in Afdeling 2.3 'n oorsig gegee oor die prototipeteorie as 'n beskrywende raamwerk (vir talige kategorieë) wat binne KL val. 'n Prototipe is omskryf as daardie sentrale lid van 'n kategorie wat die frekwentste gebruik word, en ook die hoogste grade van kategoriekenmerke besit. Daarbenewens is die tipiese eienskappe²⁰ wat 'n prototipe van 'n kategorie sal vertoon, bespreek in samehang met ooreenstemmende maatstawwe en die moontlike metodes waarmee daar vir sodanige eienskappe getoets kan word. In Hoofstuk 3 word drie van hierdie maatstawwe (gelys in volgorde van Onderzoek 1 tot Onderzoek 3), by name markantheid, eenheidstatus vir die individu ('n geval van vestiging) en gekonvensionaliseerdheid in die gemeenskap (nog 'n geval van vestiging) betrek by die identifisering van produksieprototipes. Markantheid word weereens as maatstaf in Onderzoek 4, die enigste persepsieondersoek, gebruik. Vergelyk Tabel 1 vir die gepaardgaande metodes en 'n opsomming van alternatiewe metodes wat nie in hierdie studie gebruik word nie. Voorts word die vier ondersoeke in Hoofstuk 3 volgens die uiteensetting in Tabel 1 bespreek.

²⁰ Aangesien hierdie studie beperk is wat skopus en omvang betref, sal daar nie aandag aan al die eienskappe van prototipisiteit gegee word nie. Dit is verder ook belangrik om daarop te let dat die eienskappe oorvleuel, en dat elke eksperiment nie noodwendig net een eienskap toets nie.

Tabel 1: Eienskappe van prototipisiteit

Eienskap (van woorde)	Maatstawwe	Moontlike metode(s)	Bronverwysings	Ondersoek in Hoofstuk 3
Prototipes word eerste as voorbeelde van 'n kategorie verskaf (produksie)	Markantheid	'n Opnoemopdrag ("exemplar elicitation"), byvoorbeeld deur respondente te vra om al die taboewoorde waaraan hulle kan dink in 2 minute op te noem	Bailey en Timm 1976:439 Daelemans <i>et al.</i> 2009:66 Hampton 2016:129 (stap A) Taylor 2008:41 Van Sterkenburg 2001:151	Ondersoek 1
Prototipes word eerste deur gebruikers gebruik (produksie) en/of herken (persepsie)	Vestiging: Eenheidstatus by individu	Stimulusvoorbereidingstoetse ("priming"), byvoorbeeld deur respondente bloot te stel aan 'n hipotetiese situasie en te vra vir 'n reaksie in die vorm van 'n taboewoord	Bailey en Timm 1976:439 Taylor 2008:41 Van Sterkenburg 2001:151	Ondersoek 2
Prototipes word as die belangrikste voorbeelde van 'n kategorie verskaf (produksie)	Vestiging: Gekonvensionaliseerdheid in spraakgemeenskap – belangrikheid	Literatuurondersoek, spesifiek ook woordeboekondersoek, byvoorbeeld deur te kyk watter woorde in 'n verskeidenheid Afrikaanse boeke bespreek word, of in woordeboeke opgeneem is	Daelemans <i>et al.</i> 2009:66 Langacker 2008:21 Taylor 2008:41	Ondersoek 3
Prototipes word die dikwelsste deur gebruikers gebruik (produksie)	Vestiging: Gekonvensionaliseerdheid in spraakgemeenskap – frekwensie	(a) Korpusondersoek na voorkomsvrekwensie (geskrewe data) (b) Observasie van gebruiksvrekwensie (gesproke data)	Daelemans <i>et al.</i> 2009:66 Beers Fägersten 2012:23 Taylor 2008:41	(a) Ondersoek 3 (b) –
Prototipes word as die beste voorbeelde van 'n kategorie beoordeel (persepsie)	Markantheid	(a) Goedheid-van-voorbeeld-beoordeling ("goodness-of-example rating"), byvoorbeeld om in 'n vraelys te vra dat elke taboewoord op 'n skaal beoordeel word in terme van hoe 'n tipiese voorbeeld dit is (b) Beoordeling van kategorieelidmaatskap ("category	(a) Hampton 2016:129 (stap B) (b) Hampton 2016:129 (stap C)	(a) Ondersoek 4 (b) –

		membership judgement”), byvoorbeeld om ’n lys met taboe- en nietaboewoorde te laat beoordeel om te bepaal watter woorde is deel van die kategorie van taboewoorde		
Prototipes word die vinnigste deur gebruikers gebruik (produksie) en/of herken (persepsie)	Aktivering	Reaksietydoets, byvoorbeeld tipies om verifikasiespoed te meet, of om fMRI- ondersoeke te doen	Daelemans <i>et al.</i> 2009:66 Evans en Green 2006:249 Taylor 2008:41	–
Prototipes het die prominentste eienskappe (“attributes”) van die kategorie (persepsie)	Familieooreenkomste (“family resemblance)	Ondersoeke na gedeelde eienskappe, waaronder opdragte om eienskappe te genereer of produseer, tussen kategorielede te onderskei op grond van die eienskappe, die belangrikheid van eienskappe te beoordeel, en passings tussen die eienskappe en kategorielede te maak	Hampton 2016:129 (stap D, E en F)	–
Prototipes word eerste deur gebruikers aangeleer (produksie)	Tydperk van verwerwing (kinders), of aanleer (volwassenes)	Bestudering van taalverwerwings- of aanleerdata	Daelemans <i>et al.</i> 2009:66 Van Huyssteen 2000:116	–

3. Prototipiese Afrikaanse taboewoorde

3.1 Inleiding

In Hoofstuk 2 is die konsepte “taboewoord” en “prototipies” met behulp van ’n literatuuroorsig van relevante literatuur omskryf om sodoende ’n bruikbare metodologie vir die identifisering van die prototipesste Afrikaanse taboewoorde te ontwerp. Daar is etlike potensiële maatstawwe bespreek wat relevant is vir die identifisering van prototipes (vergelyk Tabel 1). Drie (oorvleuelende) maatstawwe vir prototipisiteit, by name markantheid, eenheidstatus (’n geval van vestiging by die individu) en gekonvensionaliseerdheid (’n geval van vestiging in ’n gemeenskap) word in hierdie studie gebruik.

Twee oorhoofse tipes ondersoeke is uitgevoer, te wete drie produksieondersoeke en ’n persepsieondersoek. Die doel van die ondersoeke was om met elke ondersoek 50 prototipiese taboewoorde te identifiseer. Die produksieondersoeke (ondersoeke waarin taboewoorde op een of ander wyse deur respondente geproduseer is) kom eerste aan bod in Afdelings 3.2 tot 3.4. In Afdeling 3.5 word die resultate van die produksieondersoeke verenig om ’n ranglys van produksieprototipes op te stel. In Afdeling 3.6 kom die persepsieondersoek (’n ondersoek waar gebruikers hulle persepsie van taboewoorde ten opsigte van prototipisiteit moes aandui) aan die beurt. Ná afloop van die bespreking van die persepsieondersoek, word die resultate van al die ondersoeke met mekaar vergelyk. Etlike metodologiese insigte ten opsigte van ondersoeke soos dié word tydens die vergelykings bespreek. Die hoofstuk word afgesluit in Afdeling 3.8, waar daar uiteindelik ’n lys van die 50 prototipesste Afrikaanse taboewoorde (op grond van resultate in hierdie studie) aangebied word.

3.2 Onderzoek 1

Die eerste ondersoek ter identifikasie van prototipiese Afrikaanse taboewoorde gaan van die veronderstelling uit dat die markantste lede van ’n kategorie eerste deur respondente opgenoem sal word as voorbeelde van die kategorie wanneer hulle blootgestel word aan die kategorie naam (vergelyk Taylor 2008:41). Hierdie maatstaf van prototipisiteit hou ook nou

verband met 'n algemene kognitiewe proses, naamlik vestiging: Deur herhaalde blootstelling aan 'n spesifieke taboewoord, verbeter die mate van vestiging van die woord, wat gaandeweg lei tot die outomatiese oproep van daardie spesifieke taboewoord (kyk ook Afdeling 2.3). Taboewoorde wat outomaties opgeroep word, is goed gevestig, en kan dus beskou word as prototipiese taboewoorde.

3.2.1 Metode

'n Eenvoudige vraelys, getiteld *Hoeveel vloekwoorde ken jy?*, is op 30 September 2020 op vloek.co.za gepubliseer om vas te stel watter Afrikaanse taboewoorde die markantste lede van die taboewoordkategorie in Afrikaanssprekende respondente se leksikon is. Die inleiding van die vraelys dui vir die respondente aan dat hulle help met 'n studie om die prominentste Afrikaanse taboewoorde (in die vraelys is **vloekwoord** gebruik)²¹ te identifiseer. 'n Enkele opdrag is aan respondente (die geregistreerde gebruikers van die webtuiste) gegee, naamlik om in twee minute soveel taboewoorde neer te skryf as waaraan hulle kan dink, met die klem daarop dat hulle die items moet neerskryf in die volgorde waarin hulle daaraan dink en binne die tyd wat die outomatiese stophorlosie toelaat. Hierdie tipe vraag kom gereeld in die literatuur voor en kan, onder andere, ook ingespan word om vloekvlotheid te bestudeer (Stephens en Zile 2017:983). Die data, bestaande uit 266 response, is op 10 Mei 2021 onttrek, geanonimiseer (met behoud van slegs "User ID") en daarna in MS Excel verwerk.

Die rou data is eerstens gesorteer volgens die gebruikersidentifikasie of "User ID" om dubbelresponse te identifiseer. Die respondente kon die vraelys meer as een keer beantwoord, en daarom is die response van dieselfde respondente verenig. Response wat duidelik 'n fout is, byvoorbeeld wanneer 'n gebruiker 'n enkele item stuur in 'n eerste respons (of "submission"), gevolg deur 'n volgende respons wat begin met dieselfde item, is uitgehaal. Slegs die tweede respons is in sulke gevalle behou. In gevalle waar 'n respondent se eerste respons eindig met dieselfde item as waarmee die volgende respons begin, is die eerste item

²¹ Die definisie van **vloekwoord** wat aan die respondente verskaf is, is versoenbaar met die definisie vir **taboewoord** wat in hierdie studie gevolg word.

van die tweede respons buite rekening gelaat. Herhalende items wat duidelik nie 'n fout is nie, byvoorbeeld wanneer 'n respondent 'n item eerste opnoem, en weer later, word egter net so behou (omdat dit ook betekenisvol is dat sekere items herhaal word, en ander nie). Uit die 266 response (met dubbelresponse van dieselfde gebruikers en ander foute ingesluit) is die totale aantal bruikbare, verenigde response) 203.

In response waar die respondent nie konsekwent met begrenzers (“delimiters”) omgaan nie, en die vloekitems dus telkens op verskillende maniere van mekaar skei, is dit soms onduidelik of daar sprake is van verskeie enkelwoorditems of van frases. In hierdie gevalle is die navorser genoodsaak om self keuses te maak, wat uiteraard nie noodwendig die bedoeling van die respondent weerspieël nie.²² 'n Voorbeeld is die volgende (ongeredigeerde) respons: *Fok, fokker, fucked up, fokkit doos domdoom poes ma se poes kont morskont donner bliksem yanamou naaier*. Die respondent het aanvanklik kommas gebruik as begrenzers, maar later oorgeslaan na spasies. Die respons is (volgens die navorser se instink) gemanipuleer en genormaliseer, sodat die volgende items behou bly: *fok, fokker, fucked up, fokkit, doos, poes, ma se poes, kont, moerskont, donder, bliksem, naaier*.²³

Indien die respondente se response duidelik begrens is, is meerwoordresponse net so behou, en is taboewoorde nie volgens die navorser se instink geïsoleer nie, aangesien dit moontlik is dat die respondent 'n respons soos *O fok of Jou veretterende hoenderpoes* wel as enkele items beskou.

Om die dataverwerking te vergemaklik, is alle begrenzers met kommas vervang, en items is verdeel in verskillende kolomme (met ander woorde, elke afsonderlike item is in 'n aparte kolom geplaas). Die respons met die meeste items wat deur 'n respondent ingestuur is, bevat 130 items (dus is daar 130 verskillende kolomme). Hierdie kolomme stel verder ook die posisie voor wat die woord of uitdrukking in die respons beklee, aangesien die volgorde van die

²² Toekomstige vraelyste kan hierdie probleem vermy deur byvoorbeeld vir elke nuwe item 'n nuwe teksboks te genereer.

²³ Onduidelike en onbekende items soos *domdoom* en *yanamou* is nie behou nie.

kolomme 'n refleksie is van die volgorde waarin die respondente die items opgenoem het. Die items in die eerste kolom is dus telkens die items wat eerste deur die respondente opgenoem is, en die items in die tweede kolom is tweede opgenoem, ensovoorts.

Aangesien daar verskeie ortografiese wisselvorme van verskillende taboewoorde bestaan, is die data vir frekwensiedoeleindes genormaliseer.²⁴ Voor die hand liggende spelfoute is gekorrigeer en die data is genormaliseer na óf die item wat telkens die grootste frekwensie in die lys het (bv. *here* word *jirre*), óf na die standaardskryfwyse (*got* word *god*, *vok* word *fok*).²⁵ Eersgenoemde normalisering is toegepas wanneer beide items in die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal* (WAT 1961)²⁶ opgeneem is.

Die vier rassistiese woorde is onderskeidelik verander na *h-woord*, *k¹-woord*, *k²-woord* en *m-woord*.²⁷ Adjektiewe wat aan naamwoorde vas geskryf is, en bywoorde wat aan werkwoorde vas geskryf is, is los gemaak, tensy die vasgeskryfde vorm van die woord in die *WAT* of *HAT* voorkom, byvoorbeeld *natnaai* word *nat naai*, maar *stinkgat* is so behou. Geaffikseerde vorme van woorde is nie behou nie (byvoorbeeld, *fokker* en *fokkers* is saam getel – *fokkers* is dus gelemmatiseer na *fokker*). Enkele uitsonderings is wel gehou, soos byvoorbeeld *moerse*, wat 'n afsonderlike lemma in die *WAT* of die *HAT* is en/of wat moontlik 'n betekenisonderskeid kan inhou (en wat ook meer voorgekom het in die data as *moers*). Die frases *jou ma se poes* en *jou ma se moer* word genormaliseer na onderskeidelik, *ma se poes* en *ma se moer*, aangesien laasgenoemde telkens meer frekwent in die data voorkom.

In die rou data is daar aanduidings dat daar nie noodwendig konsensus bestaan oor wat 'n taboewoord is of nie, soos byvoorbeeld wanneer 'n respondent ná 'n respons (*naai*) tussen hakies byvoeg "Is dit een?" (en *naai* uiteindelik in die top 10 taboewoorde in hierdie ondersoek

²⁴ 'n Volledige dataset met al die verskillende wisselvorme wat in die data (uit al die ondersoeke vir hierdie studie) aangetref is, word op UPspace beskikbaar gestel (of op aanvraag deur middel van die vloekprojek).

²⁵ Items waaroor daar onsekerheid bestaan, soos byvoorbeeld *duck*, wat *dick* óf *fuck* kan wees, is nie genormaliseer nie en buite rekening gelaat.

²⁶ Die elektroniese weergawe van die WAT is deurgaans gebruik, tensy anders vermeld.

²⁷ Hierdie verandering is gedoen in navolging van WDV.

is). Persoonlike houdings teenoor verskillende woorde kan ook 'n rol speel in die insluiting of weglating van 'n woord. Een respons lees byvoorbeeld “En daai lelikke ‘p’ een wat ek niks van hou nie hehe”. Daar kan aangeneem word dat die woord waarna verwys word *poes* is, maar omdat dit nie 'n sekerheid is nie, word die inskrywing bloot weggelaat (soos wat ook gedoen is met ander inskrywings waar dit nie duidelik is na watter woord verwys word nie).

Ná afloop van die normalisering, is 'n lys van 673 unieke, genormaliseerde taboe-items opgestel uit 'n totaal van 3 742 items uit die 203 response. Voorts is die aantal kere wat 'n item in elke kolom voorkom, bereken deur die COUNTIF-funksie in MS Excel te gebruik. Tabel 2 se eerste drie kolomme stel die 51 woorde²⁸ met die hoogste voorkomsvrekwensietellings voor. Die rou data bevat egter bykomende inligting oor markantheid wat 'n tweede manier van dataontleding moontlik maak. Omdat daar van die standpunt uitgegaan word dat prototipes vóór nonprototipes geselekteer sal word (en dat die volgorde waarin die taboewoord verskaf is dus belangrik is), is daar 'n punt aan elke taboewoord toegeken op grond van die posisies wat die taboewoord in respondente se lys beklee. Derhalwe is daar vir elke item in die lys 'n prototipisiteitspunt bereken deur die item se frekwensie in elke kolom te vermenigvuldig met 'n omgekeerde rangorde: Aangesien daar 130 kolomme²⁹ is, is die eerste kolom, wat die meeste moet tel, met 130 vermenigvuldig, die tweede met 129, ensovoorts).³⁰ Die totaal van die item se ry is dan daardie item se prototipisiteitstelling; die eerste 50 items word in Tabel 2 se laaste drie kolomme aangetoon.

²⁸ 'n Lys van 51 woorde is gegee, aangesien die laaste vier items in die lys almal dieselfde frekwensie het.

²⁹ Aangesien prototipisiteitskategorieë nie vaste grense het nie (en dus nie 'n vaste eindpunt het nie) word al die kolomme gebruik in die berekening. Met die berekening wat hier gevolg word, word daar algaande minder waarde aan elke posisie toegeken, in lyn met die prototipeteorie.

³⁰ Die berekening lyk dus soos volg: Prototipisiteitstelling = (voorkomsvrekwensie in kolom 1 x 130) + (voorkomsvrekwensie in kolom 2 x 129) + (voorkomsvrekwensie in kolom 3 x 128), ensovoorts tot by (voorkomsvrekwensie in kolom 130 x 1). Ter illustrasie: Die woord *fok* kom 84 keer in die eerste posisie (dus die eerste Excel-kolom) voor, 21 keer in die tweede posisie (dus die tweede Excel-kolom), 20 keer in die derde posisie (dus die derde Excel-kolom), ensovoorts, voor. Die berekening vir *fok* begin dus só: (84 x 130) + (21 x 129) + (20 x 128), ensovoorts. Die volledige dataset kan aangevra word by WDV vir 'n volledige vergelyking van die berekening.

Tabel 2: Onderzoek 1 (voorkomingsfrekwensies en prototipisiteitstellings)

Rang	Taboewoord	Rou frekwensie	Rang	Taboewoord	Prototipisiteitstelling
1	<i>fok</i>	205	1	<i>fok</i>	25 590
2	<i>poes</i>	185	2	<i>poes</i>	22 619
3	<i>bliksem</i>	166	3	<i>bliksem</i>	20 370
4	<i>doos</i>	164	4	<i>doos</i>	19 884
5	<i>kak</i>	157	5	<i>kak</i>	19 167
6	<i>donder</i>	142	6	<i>donder</i>	17 175
7	<i>kont</i>	137	7	<i>kont</i>	16 410
8	<i>moer</i>	132	8	<i>moer</i>	15 981
9	<i>naai</i>	92	9	<i>naai</i>	10 671
10	<i>fokken</i>	82	10	<i>fokken</i>	9 701
11	<i>fokker</i>	68	11	<i>fokker</i>	7 968
12	<i>hoer</i>	68	12	<i>hoer</i>	7 968
13	<i>poephol</i>	65	13	<i>etter</i>	7 524
14	<i>etter</i>	64	14	<i>poephol</i>	7 458
15	<i>piel</i>	58	15	<i>piel</i>	6 561
16	<i>drol</i>	52	16	<i>drol</i>	6 004
17	<i>slet</i>	52	17	<i>slet</i>	5 955
18	<i>fokkit</i>	51	18	<i>fokkit</i>	5 837

19	<i>jissus</i>	40	19	<i>fokkof</i>	4 653
20	<i>moerskont</i>	40	20	<i>jissus</i>	4 641
21	<i>fokkof</i>	39	21	<i>moerskont</i>	4 476
22	<i>naaier</i>	38	22	<i>naaier</i>	4 316
23	<i>teef</i>	37	23	<i>teef</i>	4 268
24	<i>blerrie</i>	31	24	<i>blerrie</i>	3 568
25	<i>shit</i>	27	25	<i>shit</i>	3 246
26	<i>stront</i>	25	26	<i>stront</i>	2 807
27	<i>befok</i>	24	27	<i>ma se poes</i>	2 752
28	<i>ma se poes</i>	23	28	<i>befok</i>	2 572
29	<i>tos</i>	19	29	<i>tos</i>	2 076
30	<i>hol</i>	18	30	<i>k1-woord</i>	2 052
31	<i>k1-woord</i>	18	31	<i>hol</i>	2 004
32	<i>fokkol</i>	17	32	<i>fokkol</i>	1 979
33	<i>god</i>	16	33	<i>god</i>	1 879
34	<i>tril</i>	16	34	<i>jirre</i>	1 688
35	<i>gat</i>	15	35	<i>fok tog</i>	1 652
36	<i>jirre</i>	15	36	<i>gat</i>	1 624
37	<i>fok tog</i>	14	37	<i>pis</i>	1 599
38	<i>fokkop</i>	14	38	<i>wetter</i>	1 570

39	<i>pis</i>	14	39	<i>fuck</i>	1 532
40	<i>skyt</i>	14	40	<i>tril</i>	1 525
41	<i>wetter</i>	14	41	<i>dêmmit</i>	1 501
42	<i>dêmmit</i>	13	42	<i>fokkop</i>	1 489
43	<i>fuck</i>	13	43	<i>skyt</i>	1 471
44	<i>ballas</i>	12	44	<i>asshole</i>	1 337
45	<i>asshole</i>	11	45	<i>moerse</i>	1 292
46	<i>bekak</i>	11	46	<i>ballas</i>	1 277
47	<i>moerse</i>	11	47	<i>bitch</i>	1 187
48	<i>bitch</i>	10	48	<i>werfetter</i>	1 160
49	<i>poep</i>	10	49	<i>bekak</i>	1 159
50	<i>spyker</i>	10	50	<i>spyker</i>	1 122
51	<i>werfetter</i>	10			


Gegewe die feit dat die woord wat 'n respondente eerste oproep, teoreties die prototipiese woord vir daardie persoon is, word daar in Tabel 3 'n lys aangebied met al die woorde wat 'n eerste posisie in 'n respondente se respons beklee het. In die "Posisie 1"-kolom is daar dan die ooreenkomstige aantal kere wat die woord wel die eerste posisie in 'n respondente se respons beklee het. Aangesien die aantal respondente en die aantal response dieselfde is (203), lees die getal in "Posisie 1" ook as die aantal respondente wat die betrokke woord eerste geselekteer het.

Tabel 3: Eerste posisies

Taboewoord	Posisie 1
<i>fok</i>	84
<i>poes</i>	32
<i>kak</i>	15
<i>bliksem</i>	14
<i>doos</i>	11
<i>moer</i>	11
<i>donder</i>	8
<i>asshole</i>	3
<i>poephol</i>	3
<i>afkak</i>	2
<i>flip</i>	2
<i>fokken</i>	2
<i>naai</i>	2
<i>poep</i>	2
<i>anus</i>	1
<i>drol</i>	1
<i>fokker</i>	1
<i>fokkof</i>	1
<i>hoer</i>	1
<i>jou veretterende hoenderpoes</i>	1
<i>kont</i>	1
<i>morsjors</i>	1
<i>o my hel</i>	1
<i>teef</i>	1
<i>vervlaks</i>	1

<i>wetter</i>	1
---------------	---

Uiteindelik is dit ook relevant om die resultate visueel voor te stel deur middel van 'n grafiek, om sodoende verskille in die puntetellings duidelik uit te beeld. Figuur 1 toon die prototipisiteitstellings wat gegee is in Tabel 2.



Figuur 1: Ondersoek 1

3.2.2 Bespreking

Die resultate in kolom 1, 2 en 3 van Tabel 2 betrek dieselfde datastel as die resultate in kolom 4, 5 en 6, net effens anders geïnterpreteer in terme van die maatstawwe vir prototipisiteit. Enersyds volgens voorkomingsfrekwensie, en andersyds volgens markantheid. Dit is wel betekenisvol dat die twee tabelle nie veel van mekaar verskil nie, aangesien dit 'n aanduiding is van die verband tussen verskillende maatstawwe van prototipisiteit (in hierdie geval eenheidstatus en markantheid).

Die woord *fok* kom 205 keer in die datastel voor (kyk Tabel 2), en is ook die item wat die hoogste puntetelling het, aangesien *fok* ook die meeste kere (84 keer, kyk Tabel 3) eerste deur respondente opgenoem is. Vir 41% (84 uit 203) van die respondente is *fok* dus die eerste woord waaraan hulle dink wanneer hulle die opdrag kry om al die taboewoorde wat hulle ken, te lys. Daarteenoor is die tweede item in die lys, *poes*, deur slegs 17% van respondente eerste geselekteer.

Daar is 'n duideliker afname in die graad van prototipisiteit (volgens die prototipisiteitstellings in die laaste drie kolomme van Tabel 2) tussen die eerste 10 woorde en die laaste 10 woorde (kyk Figuur 1 vir 'n visuele voorstelling in die vorm van 'n grafiek). Die verskil tussen *fok* in die eerste posisie en *fokken* in die tiende posisie is 15 889 punte, terwyl die verskil tussen *dêmmit* in die een-en-veertigste posisie en *spyker* in die vyftigste posisie slegs 379 punte is. Dit dui daarop dat minder variasie in die kern van die respondente se taboewoordleksikon as op die periferie bestaan. Hierdie afleiding volg ook die bevindinge van die prototipeteorie, naamlik dat daar baie meer lede op die periferie van 'n kategorie is, terwyl slegs een of twee lede sterk as prototipes uitstaan.

Binne die konteks van die totale aantal items (3 742, waarvan 673 uniek is en met ander woorde as enkele inskrywings behou is) wat versamel is, is dit dan interessant om op te let dat *fok*, wat die hoogste voorkomsvrekwensie (205) het, en *poes*, wat die tweede hoogste voorkomsvrekwensie (185) het, onderskeidelik slegs 5,5% en 5% van die totale aantal response uitmaak. Dit beteken dat daar, ten spyte van die hoë resultate van die eerste aantal items, 'n groot verskeidenheid taboewoorde in die respondente se leksikons bestaan.

Met betrekking tot spesifieke leksikale items, is dit opmerklik dat die eerste item in die top 50, *fok*, die stam of kern van agt ander taboewoorde in dié lys is: *fokken*, *fokker*, *fokkit*, *fokkof*, *befok*, *fokkol*, *fok tog* en *fokkop*. Dit is natuurlik toe te skryf aan die invloed van Engels. Die tale van oorsprong vir *fok* word in die *Etimologiewoordeboek van Afrikaans* (EWA; Liebenberg *et al.* 2003) as Nederlands en Engels aangedui, maar woorde soos *fokken* (*fucking*), *fokker* (*fucker*), *fokkit* (*fuck it*), *fokkof* (*fuck off*), *fokkol* (*fuck all*) en *fokkop* (*fuck up*) toon duidelik 'n Engelse invloed.

Die woorde *blerie* en *dêmmit* is ook verafrikaans vanaf die Engelse *bloody* en *damn it* (vergelyk die EWA). Naas hierdie twee verafrikaanse vorme, is daar ook nog vier Engelse leenwoorde in die lys, te wete *shit*, *bitch*, *fuck* en *asshole*. Van dié vier is *shit* die hoogste in die ranglys (nr. 25 in die laaste drie kolomme van Tabel 2). Feinauer (1981:201) voer reeds in 1981 aan dat *shit* so gereeld deur Afrikaanssprekendes gebruik word dat dit "as 'n

Afrikaanse vloekwoord beskou moet word” (Feinauer 1981:201). ’n Vinnige korpusondersoek op 5 Oktober 2022 op VivA Korpusportaal: Omvattend (N = 278 554 355) en Korpusportaal: Eksklusief (N = 63 013 023) (VivA 2022a en VivA 2022b), bevestig dat *shit* gereeld deur Afrikaanssprekendes gebruik word. In Tabel 4 is genormaliseerde frekwensies per miljoen woorde vir *shit* aangedui. Vir vergelykingsdoeleindes is daar ook genormaliseerde frekwensies vir die eerste twee items in Tabel 3, *fok* en *poes*, aangedui.

Tabel 4: Korpusportaal (Omvattend) en Korpusportaal (Eksklusief)

Taboewoord	Korpusportaal: Omvattend (rou frekwensie)	Korpusportaal: Omvattend (frekwensie per miljoen woorde)	Korpusportaal: Eksklusief (rou frekwensie)	Korpusportaal: Eksklusief (frekwensie per miljoen woorde)
<i>shit</i>	958	3.44	768	12.19
<i>fok</i>	2361	8.48	5254	83.38
<i>poes</i>	806	2.89	3354	53.23

In Korpusportaal: Omvattend kom *shit*, wat hier vyf-en-twintigste op die ranglys (Tabel 2, kolom 4) is, meer keer per miljoen woorde voor as *poes*, wat hier tweede in die top 50 (Tabel 2, kolom 4) is. Alhoewel *shit* (N = 12.19) ’n laer frekwensie as *fok* en *poes* in Korpusportaal: Eksklusief het, is *shit* se voorkoms in hierdie Afrikaanse korpora steeds ’n aanduiding dat *shit* deur Afrikaanssprekendes gebruik word.

Ook is dit opmerklik dat drie van die vier Engelse leenwoorde monosillabiese woorde is, net soos in Afrikaans waar korter woordlengtes met taboewoorde geassosieer word. Feinauer (1981:16) voer aan dat monosillabiese Afrikaanse taboewoorde met drie of vier letters “die algemeenste, die kruuste, en die maklikste [is] om te sê”. Dit blyk ook waar te wees vir hierdie datastel, aangesien sewe uit die eerste 10 woorde monosillabiese woorde is (’n betekenisvolle gegewe aangesien die lys gerangskik is in volgorde van dalende prototipisiteit). In die top 50

is 23 van die items monosillabies, terwyl 25 items twee sillabes het. Slegs twee items, *werfetter* en *ma se poes*, het drie sillabes.

Daarbenewens bevat slegs twee items in die top 50 lang vokale, by name *naai* en *naaier*. Dit sluit aan by Van Huyssteen (1995:12) wat sê daar is 'n verband tussen vokaalverkorting en taboebetekenis (vergelyk ook Bergen 2016:35). Van Huyssteen (1995:12) noem spesifiek die voorbeeld van *naai* en voer aan dat die seksuele betekenis van die woord geaktiveer word wanneer die woord as [nai] uitgespreek word, eerder as [na:i]. Derhalwe kan die gevolgtrekking gemaak word dat korter klanke en minder sillabes tekenend is van prototipiese lede van die taboewoordkategorie.

3.3 Onderzoek 2

'n Prototipiese lid van 'n kategorie kan met behulp van stimulusvoorbereiding (“priming”) geïdentifiseer word in 'n proses waar 'n stimulus vooraf gebruik word om 'n respondent voor te berei (of te “lei”) om op 'n sekere manier op 'n volgende stimulus te reageer (Taylor 2008:41). In Onderzoek 1 is respondente byvoorbeeld blootgestel aan 'n definisie (eerste stimulus) en daarna gevra om al die woorde wat aan daardie stimulus voldoen, op te noem (tweede stimulus). Waar Onderzoek 1 se vraelys konteksry is, word in Onderzoek 2 gepoog om die emosionele aspek van taboewoorde te betrek deur middel van 'n konteksryke vraelys. Dit sluit aan by Bailey en Timm (1976:442) wat stel: “Obviously, sociolinguistic context is of great importance in conditioning the choice of expletive”. Die eerste (voorbereidende) stimulus by Onderzoek 2 is die kategorienaam, gevolg deur 'n tweede stimulus, 'n emosiestimulus (in die vorm van 'n hipotetiese situasie; kyk Tabel 1).

3.3.1 Metode

Die tweede ondersoek wat uitgevoer is om prototipiese Afrikaanse taboewoorde te identifiseer, is gebaseer op metodes wat deur Van Sterkenburg (2001:151) en Bailey en Timm (1976:439) gevolg is (nog 'n soortgelyke studie is uitgevoer deur Staley 1978). Van Sterkenburg (2001:151) skets 15 situasies “van frustrasie, ergernis en andere emoties” waarop

294 Nederlandse respondente 'n vloekreaksie gee. Bailey en Timm (1976:439) beskryf 20 tipiese, vertroude situasies wat tot 'n meerdere of mindere mate “irriterend” of “pynlik” is, en vra respondente met watter tussenwerpsel (“expletive”) hulle daarop sou reageer. Hulle sluit ook een aangename (“pleasant”) scenario in, wat lees: “You’re really impressed by someone or something” (Bailey en Timm 1976:449).

Emosionele situasies kan taboewoorde ontlok (vergelyk Afdeling 2.2.3.3), en daarom is daar vir die doel van hierdie ondersoek situasies geskets met die doel om verskillende emosies te ontlok as stimulus vir 'n vloekrespons. Daar is sewe emosies geselekteer uit die resultate van 'n ander vraelys op vloek.co.za; dié vraelys het ten doel gehad om te bepaal watter emosies volgens die respondente die waarskynlikste aanleiding sou gee tot 'n vloekreaksie. Hoewel daardie vraelys nie deel uitmaak van hierdie studie nie, kan die resultate vir die doeleindes van hierdie studie gebruik word. Emosies is in hierdie vraelys beoordeel ten opsigte van hoe gereeld, op 'n skaal van 1 (“glad nie”) tot 9 (“baie”), 'n respondent uitdrukking aan die afsonderlike emosies gee deur te vloek. Die sewe emosies wat gemiddeld die hoogste graderings gegee is, is die volgende (in dalende volgorde):

- woede (“anger”)
- afgryse (“disgust”)
- gruwel (“horror”)
- vrees (“fear”)
- verrassing (“surprise”)
- angs (“anxiety”)
- verwarring (“confusion”)

Daar is voorts 14 hipotetiese situasies geskets (kyk Bylaag A), twee vir elkeen van die voorgenoemde emosies. Vir elke emosie is daar een situasie geskets waarin die respondente moes aandui hoe hulle hardop sou vloek en een situasie waarin hulle saggies by hulleself moes vloek. Die luidheid van die vloekreaksie is ook 'n kontekstuele gegewe (te make met

intensiteit) wat 'n rol kan speel by die reaksie van die respondente. Hierdie data kan dus in die toekoms ook in 'n studie gebruik word om te bepaal of daar 'n verband tussen die luidheid van die respons en die keuse van vloekwoorde is.³¹

Dertien van die situasiesketse is negatief van aard, soos byvoorbeeld “Woede (2)”: “Dis elfuur in die aand. 'n Klant vererg haar, omdat sy nie nog 'n bottel wyn mag bestel nie. Sy snou jou 'n paar ongeskikte woorde toe en storm by die deur uit sonder om te betaal.” 'n Voorbeeld van 'n positiewe situasie is wel ingesluit waar die respondente se reaksie op 'n oorwinning van sy of haar gunstelingrugbyspan gevra is (kyk “Verrassing (1)” in Bylaag A; die tweede “Verrassing”-situasie is ook negatief).

Nadat elke situasie aangebied is, is die respondente telkens gevra om 'n vloekreaksie in 'n teksboks te tik. Hierdie vraelys is op 19 Maart 2021 gepubliseer, en die data, bestaande uit 95 bruikbare response, is op 12 Julie 2021 onttrek.³² Verwerking van die rou data is in MS Excel gedoen en volg dieselfde stappe as vir die vorige ondersoek: Identifisering van vloekitems, normalisering en frekwensietellings.³³ Aangesien respondente gevra is om te reageer met 'n vloekrespons (asof hulle dit self in daardie situasie sou sê) bestaan die rou data nie slegs uit taboewoorde nie, maar uit taboewoorde wat geïntegreer is in sinne. Derhalwe is daar, anders as by Ondersoek 1, met die hand deur die data ('n totaal van 1 330 antwoorde, 14 per respondente) gegaan om taboewoorde te identifiseer. Uit die 1 330 antwoorde het 1 252 taboewoorde bevat (sommige response het geen taboewoorde bevat nie, byvoorbeeld die volgende ongeredigeerde respons: “Nie seker watter reaskie of watter woorde ek sal uiter nie.”)

³¹ Die data is by navraag via WDV beskikbaar.

³² Die eerste eksperiment het deel uitgemaak van 'n advertensieveldtog vir die vloeknavorsingsprojek in samewerking met Afrikaans.com. Aangesien daar 'n gelukstrekking betrokke was vir deelname (aan verskeie vraelyste), het heelwat meer (as die 95 respondente in Ondersoek 2) respondente daardie vraelys ingevul.

³³ Die normalisering is weereens met behulp van woordeboeke, en ook die lemmalys van Ondersoek 3 (wat geaffiksseerde vorme soos *bliksems*, *bliksemse*, en *konte* as afsonderlike inskrywings het op grond van moontlike betekenisonderskeidings), gedoen.

In die lig hiervan, en omdat dit onmoontlik is om respondente se eie bedoelings werklik te kan agterhaal, is slegs taboewoorde geïdentifiseer en is frases en uitdrukkings soos *O fok* nie in hierdie ondersoek behou nie (uit daardie respons is slegs *fok* behou). Enkele uitsonderings geld in die geval van sekere meerwoordige items (soos byvoorbeeld *ma se poes* en *for fuck's sake*) wat as enkele inskrywings behou is.

Van Sterkenburg (2001:152) merk op dat daar baie “grillerigheid” in sy respondente se antwoorde voorkom, waarmee hy bedoel dat daar enersyds heelwat spelfoute voorkom, en andersyds dat baie streeksvariasie waargeneem kan word (vergelyk Van Sterkenburg 2001:152). Ook in hierdie ondersoek (waarvan die steekproefrespondente nie verteenwoordigend is van wye streeksvariasie nie) is dit noemenswaardig hoeveel variasie daar in die spelling en skryfwyses van taboewoorde is (asook in die kollokasies waarin die taboewoorde aangetref word).


Frekwensietellings is volgende gedoen deur weereens die COUNTIF-funksie te gebruik. Die COUNTIF-funksie is gebruik omdat heelwat response meer as een taboewoord bevat het (wat dan geskei moes word), soos byvoorbeeld die volgende (ongeredigeerde) respons: *Jirre! Dis net altyd 'n donderse strontspul*. Die taboewoorde uit hierdie respons is in MS Excel in drie kolomme soos volg geskei: *jirre*, *donderse*, *strontspul*. Die COUNTIF-funksie is vervolgens gebruik vir frekwensietellings van taboewoorde in verskillende kolomme.

Tellings is eers afsonderlik vir elke scenario gedoen, waarna al die scenario's se tellings bymekaar getel is. Vervolgens is 'n lys opgestel van 159 taboewoorde wat in die data geïdentifiseer is. Hierdie lys is aansienlik korter as die lys by Ondersoek 1, aangesien daar baie minder respondente deelgeneem het. In die lys word 'n aanduiding gegee van hoeveel keer elke woord in die totale datastel voorkom. Die eerste 50 taboewoorde se rou voorkomingsfrekwensietellings word in Tabel 5 aangebied.

Tabel 5: Onderzoek 2 (voorkomingsfrekwensies)

Rang	Taboewoord	Rou frekwensie
1	<i>fok</i>	309
2	<i>fokken</i>	87
3	<i>shit</i>	82
4	<i>kak</i>	56
5	<i>fokkit</i>	54
6	<i>bliksem</i>	51
7	<i>poes</i>	44
8	<i>fok tog</i>	40
9	<i>donder</i>	39
10	<i>doos</i>	30
11	<i>jissus</i>	29
12	<i>jirre</i>	28
13	<i>for fuck's sake</i>	26
14	<i>moer</i>	25
15	<i>fuck</i>	25
16	<i>hel</i>	22
17	<i>fokkof</i>	18
18	<i>god</i>	17
19	<i>bitch</i>	13
20	<i>teef</i>	11
21	<i>dêmmmit</i>	10
22	<i>kont</i>	7
23	<i>jirre jissus</i>	7
24	<i>donderse</i>	6
25	<i>stront</i>	5

26	<i>befok</i>	5
27	<i>fokkop</i>	5
28	<i>idiot</i>	5
29	<i>bliksems</i>	5
30	<i>motherfucker</i>	5
31	<i>fucking</i>	5
32	<i>fokkie</i>	5
33	<i>etter</i>	4
34	<i>poephol</i>	4
35	<i>asshole</i>	4
36	<i>flippit</i>	4
37	<i>shut the fuck up</i>	4
38	<i>sjarrap</i>	4
39	<i>fokker</i>	3
40	<i>blerrie</i>	3
41	<i>ma se poes</i>	3
42	<i>flippen</i>	3
43	<i>bliksemse</i>	3
44	<i>fucked up</i>	3
45	<i>dêm</i>	3
46	<i>konte</i>	3
47	<i>hell</i>	3
48	<i>kakhuis</i>	3
49	<i>krisis</i>	3
50	<i>sherbet</i>	3



Figuur 2: Ondersoek 2

Figuur 2 is 'n visuele voorstelling van die resultate in Tabel 5.

3.3.2 Bespreking

Dit is eerstens belangrik om te noem dat, alhoewel die emosies (wat gebruik is om die hipotetiese situasies te skets) in 'n vorige vraelys aangedui is as dié wat die waarskynlikste tot 'n vloekreaksie sal lei, en daar verder ook vir elke emosie twee hipotetiese situasies geskets is, daar steeds 'n gaping kan wees in die omvang wat hierdie hipotetiese situasies dek. Met ander woorde, sekere prototipiese taboewoorde mag moontlik bloot nie in die data voorkom nie omdat daar nie 'n situasie geskets is waarin die taboewoord geredelik sal voorkom nie. 'n Voorbeeld van 'n prototipiese taboewoord (op grond van Ondersoek 1 se top 50, kyk Tabel 2) wat nie as 'n respons op enige van die situasies gegee is nie, is *fokkol*.

'n Noemenswaardige getal van 22 taboewoorde in Ondersoek 1 se top 50, word nie in Ondersoek 2 se top 50 aangetref nie. Hierdie variasie tussen die resultate van die eerste twee ondersoekte beklemtoon die belang van konteks vir die seleksie van 'n taboewoord. Nietemin is daar wel belangrike ooreenkomste in die ranglyste, waarvan die duidelikste is dat *fok* weereens die hoogste rang in die lys bekleed.

Die voorkomingsfrekwensie van *fok* is in hierdie datastel amper drie keer hoër as dié van *fokken* (die tweede item op die ranglys), wat impliseer dat respondente *fok* in die meeste kontekste gebruik ten spyte van 'n groot aantal alternatiewe taboewoorde. Ter ondersteuning hiervan het *fok*, met slegs twee uitsonderings, in elke scenario wat geskets is die hoogste frekwensie. In

“Woede (2)” (kyk Bylaag A) het *fokken* die hoogste frekwensie (18), gevolg deur *fok* (frekwensie = 12). In “Verrassing (1)” (kyk Bylaag A) het beide *fok* en *fokken* dieselfde (hoogste) frekwensie (9).

Nog ’n belangrike ooreenkoms tussen Onderzoek 1 en Onderzoek 2 se ranglyste is dat al die taboewoorde (met die uitsondering van *naai*) wat in die top 10 van die eerste ondersoek voorkom, min of meer ook in die boonste helfte van die tweede ondersoek val (met *kont* as die laaste item in die 23e plek in die tweede lys). Die top 10 van die tweede ondersoek kom, alhoewel meer verspreid, ook almal in die eerste ondersoek se top 50 voor. Daar is ses taboewoorde wat in beide ondersoeke onder die eerste 10 is: *fok*, *poes*, *bliksem*, *kak*, *donder* en *fokken*.

Dit is verder interessant dat *shit*, ’n Engelse leenwoord, in hierdie ondersoek met die derde hoogste voorkomfrekwensie ’n veel hoër rang beklee as wat *shit* in die eerste ondersoek (25e) beklee. Enersyds is dit moontlik dat die respondente tydens Onderzoek 1 meer gefokus het op die opdrag om spesifiek Afrikaanse taboewoorde op te noem, terwyl hulle in Onderzoek 2 meer aandag aan die hipotetiese situasies gegee het (en dus meer outomaties gereageer het). Andersyds is dit ook moontlik dat die spesifieke situasies wat geskets is meer geredelik *shit*-response ontketen. Desnieteenstaande is hierdie resultate ’n aanduiding dat, soos reeds aangedui in Afdeling 3.2.2, *shit* waarskynlik lank reeds deel uitmaak van Afrikaanssprekendes se vloekleksikon (soos *dêmmit* en *blerrie*).

Die resultate van Onderzoek 1 toon ’n sterk aanvanklike daling in puntetellings (kyk Figuur 1), en insgelyks toon Onderzoek 2 se resultate ook ’n aanvanklike skerp daling in voorkomfrekwensies (kyk Figuur 2), waarna die frekwensies min of meer by *bitch* en *dêmmit* nader aan mekaar beweeg. Die sigbare verskil in voorkomfrekwensies van die eerste taboewoord, *fok*, en die laaste taboewoord, *sherbet*, dui op ’n relatiewe groot afstand in prototipisiteit tussen hierdie twee lede van die taboewoordkategorie. Die laaste 12 taboewoorde in die lys het, daarteenoor, dieselfde voorkomfrekwensie, wat weereens

bevestig dat lede op die rand van die taboewoordkategorie minder van mekaar verskil in terme van prototipisiteit.

Uiteraard kan daar nog heelwat oor hierdie ondersoek se resultate besin word, soos byvoorbeeld deur te kyk watter taboewoorde die meeste in elke afsonderlike situasie gebruik word. Daar kan verder ook gekyk word of daar enige verbande is tussen die emosies (wat telkens onderliggend is aan die verskillende situasies) en die taboewoorde wat gebruik word. Sodanige analyses val egter buite die skopus van hierdie studie, en hierdie datastel kan dus in verdere navorsingsprojekte gebruik word.

3.4 Ondersoek 3

Selfs in vloeknavorsing waar daar nie 'n eksplisiete gemoeidheid met prototipisiteit is nie, is daar duidelike raakpunte met die aspekte van prototipisiteit wat in hierdie studie van belang is. Daar word byvoorbeeld gereeld gefokus op gebruiksfrekwensies as 'n aanduiding van hoe algemeen bepaalde taboewoorde gebruik word (vergelyk Beers Fägersten 2012:4), aangesien 'n taboewoord wat meer gereeld voorkom as 'n ander een, deur meer mense geken en gebruik word. Insgelyks bekleë 'n taboewoord wat meer gereeld voorkom 'n sentraler posisie in die taboewoordleksikon, aangesien die taboewoord by implikasie in meer mense se leksikon voorkom as 'n ander, minder gebruiklike taboewoord. Derhalwe is die derde ondersoek geskoei op die idee dat gebruiksfrekwensie 'n aanduiding is van prototipisiteit (vergelyk ook Van Huyssteen 2000:222).

3.4.1 Metode

Korpuslinguistiek is 'n metodologie wat korpusse (groot versamelings van natuurlike taaldata) gebruik vir die beskrywing van taalverskynsels in verskeie linguistiese dissiplines (Van der Walt 2019:82). Sodanige taaldata is gerekenariseer, wat dit vir die linguïst moontlik (en maklik) maak om toegang tot groot hoeveelhede taaldata te verkry. 'n Korpus bestaan gewoonlik ook nie net uit 'n lukrake seleksie van tekste nie, maar “word saamgestel om 'n taal, of bepaalde gedeeltes van 'n taal te verteenwoordig” (Van der Walt 2019:83). Dit volg verder dat 'n linguïst

'n korpus moet selekteer wat taaldata bevat wat relevant is vir die doel van sy of haar spesifieke studie (Van der Walt 2019:84). 'n Korpus wat uit 'n versameling tekste uit resepteboeke bestaan, sal byvoorbeeld glad nie nuttig wees vir 'n linguïst wat op mediese terminologie fokus nie.

Van der Walt (2019:84-85) beklemtoon vyf vrae oor korpusontwerp wat in ag geneem moet word wanneer daar op 'n korpus vir 'n spesifieke studie besluit word: Bestaan die korpus uit data wat voortdurend bygewerk word ('n dinamiese korpus), of word die data afgesluit om 'n spesifieke tydstop te verteenwoordig? Toon die datastel 'n balans tussen verskillende tipes tekste? Watter spraakgemeenskap word in die korpus verteenwoordig? Hoe groot is die korpus? En laastens, is die korpus algemeen (met ander woorde, bestaan die korpus uit 'n groot hoeveelheid data uit verskeie genres en kontekste), of is die korpus gespesialiseerd (bestaan dit byvoorbeeld net uit tekste in 'n spesifieke taalvariëteit)?

Die aard van die navorsing sal bepaal watter tipe korpus 'n navorser moet gebruik, en vir doeleindes van hierdie studie is die insluiting van 'n korpus wat ongeredigeerde, informele taal bevat nodig, aangesien korpora met formele taaldata (byvoorbeeld regeringstekste) waarskynlik nie oor 'n groot aantal (of wye verskeidenheid) taboewoorde sal beskik nie. Culpeper (2012:66) noem byvoorbeeld dat korpusdata 'n skewe beeld van "onbeleefde" ("impolite") taalgebruik kan toon as gevolg van die feit dat korpora oor die algemeen (histories) baie akademiese tekste bevat. Die landskap is egter besig om te verander, deurdat korpora met informele taal ontwikkel word (wat dus ook gebruik kan word vir studies oor talige onbeleefdheid, of, in hierdie geval, taboewoorde).

Twee korpora wat beskikbaar is op VivA se Korpusportaal (VivA 2021a en VivA 2021b) word in hierdie studie gebruik, by name die NWU/Kommentaarkorpus 2.0 en die NWU/Lapa-korpus 1.5. Hierdie korpora is enersyds geselekteer omdat hulle die grootste twee Afrikaanse korpora van hulle soort is: As die grootste korpus met informele tekste, beslaan die NWU/Kommentaarkorpus 41 950 744 woorde, en as die grootste fiksiekorpus, beslaan die NWU/Lapa-korpus 19 990 705 woorde. Andersyds bied hierdie twee korpora diversiteit ten

opsigte van die mate van teksredigering: Die NWU/Kommentaarkorpus se tekste is ongeredigeer, terwyl die NWU/Lapa-korpus bestaan uit tekste wat deur professionele redakteurs geredigeer is.

Die feit dat die NWU/Lapa-korpus hoofsaaklik uit fiksietekste bestaan, beteken dat dit bepaalde insigte ten opsigte van wat skrywers as gepaste taboewoorde beskou, kan lewer. Die taboewoorde wat skrywers as gepaste keuses vir spesifieke situasies beskou, is 'n aanduiding van watter taboewoorde hulle as gebruiklik en natuurlik beskou.

Die NWU/Kommentaarkorpus se tekste is afkomstig van internetbronne waar gewone gebruikers kommentaar op nuusartikels, blogs, ensovoorts kan lewer. Dit beteken dat die gebruikers internettoegang het en tot 'n sekere mate rekenaargeletterd is. Crystal (2005:158) gebruik aanvanklik die term "Netspeak" vir hierdie tipe rekenaargebaseerde kommunikasie, maar voer later aan dat die term "Netspeak" verkeerdelik impliseer dat rekenaargebaseerde kommunikasie universele karakteristieke het (Crystal 2011:2). Volgens Crystal (2011:20) is rekenaargebaseerde kommunikasie 'n gemengde medium, met ooreenkomste en verskille met beide gesproke en geskrewe taal.

Dit is belangrik om ook te noem dat die korpora wat in hierdie ondersoek gebruik is, heelwat kleiner is as die "Oxford English Corpus" (ongeveer 2 miljard items) wat Culpeper (2012) vir sy studie oor onbeleefde taalgebruik raadpleeg. Om 'n vollediger beeld van Afrikaanse taboewoorde te skets, sal toekomstige studies beslis van groter korpora gebruik moet maak.

In die lig van die voorafgaande kan daar aanvaar word dat die spraakgemeenskap waarvan die tekste in die korpora verteenwoordigend is, ten minste drie parallelle toon met die spraakgemeenskap wat betrek word by die vraelyste op vloek.co.za: Aanlyn betrokkenheid, rekenaargeletterdheid en 'n gemeenskaplike taalmedium, naamlik Afrikaans. Alhoewel daar nie aanspraak gemaak kan word op perfekte oorvleueling tussen die spraakgemeenskappe van Onderzoek 1 en 2 teenoor Onderzoek 3 nie, kan daar wel veronderstel word dat 'n redelike mate van vergelykbaarheid sal voorkom.

'n Lemmalys van 3 877 woorde, wat in die *WAT* of die *HAT* (of beide) met enige etiket gemerk is wat kan dui op 'n potensiële taboewaarde, is gebruik as soekterme in die ondersoek. Alhoewel daar dus uiteraard woorde in die lys is wat nie oor die algemeen as taboe beskou sal word nie (byvoorbeeld *toe*³⁴ en *maak*³⁵), is daar op só 'n wye soektog besluit ter wille van volledigheid. Hierdie lys woorde is in die korpora gesoek, en daar is frekwensies vir elke soekterm onttrek.³⁶ In die meeste gevalle is fleksievorme van soekterme bymekaargetel (soos by die vorige ondersoek se normalisering), hoewel spesifieke fleksievorme uitgesonder is as items wat betekenisvolle semantiese verskille kan toon (soos wat daar telkens by die ander ondersoek ook uitsonderings gemaak is).³⁷ 'n Voorbeeld is die item *piele*, wat nie saam met *piel* gesoek is nie, aangesien *piele* enersyds die meervoudsvorm van *piel* is, en andersyds 'n heel ander betekenis kan hê, naamlik dat iets goed of lekker is (kyk Van Huyssteen 1995:19). Vervolgens is die lys gesorteer van die hoogste totale frekwensie tot die laagste en is die eerste 200 soekterme as datastel gebruik. Uit die datastel is meerduidige items waarvan ten minste een betekenis nie taboe is nie (soos byvoorbeeld *voël* en *god*) geïdentifiseer. Hierdie soekterme is vervolgens handmatig nagegaan om 'n aanduiding te kry van watter persentasie van elke soekterm werklik as 'n taboewoord funksioneer. Aangesien dit nie moontlik sou wees om derduisende voorbeeldsinne vir elke soekterm na te gaan nie, is 'n gerieflikheidsteekproef van 100 voorbeeldsinne per meerduidige soekterm gedoen.

'n Woord is as taboe gemerk as dit, volgens die navorser, in sommige kontekste deur verskillende mense as taboe ervaar sal word. Dit is ook nodig om te noem dat die navorser, as die enigste annoteerder in hierdie ondersoek, se eie vooroordele en opinies in hierdie

³⁴ In die *HAT* word *toe* geëtiketteer as onder andere “neerhalend” wanneer dit “swaar/stadig van begrip; dom” beteken.

³⁵ In die *WAT* word *maak* geëtiketteer as onder andere “enigsins plat” wanneer dit “verwek” (soos “kinders maak”) beteken.

³⁶ Die onttrekking van die data is as deel van 'n ander subprojek van WDV gedoen deur Jaco du Toit, 'n rekenaarlinguis verbonde aan die vloekprojek.

³⁷ Die woorde *verdomp* en *verdomde* is byvoorbeeld afsonderlik in die lemmalys wat as soekterme gebruik is as gevolg van lemma-inskrywings in die *WAT* en die *HAT*.

ondersoek (meer as by al die ander) 'n rol speel, aangesien daar intuïtief besluite geneem is oor of 'n bepaalde woord in 'n steekproefsin aanstoot kan gee (of 'n taboewaarde het).

In Tabel 6 word enkele ongeredigeerde voorbeelde uit die NWU/Kommentaarkorpus en die NWU/Lapa-korpus aangebied. Hierdie woorde word as **taboe** gemerk op grond van definisies uit die *HAT*, wat almal sinspeel op 'n diskriminerende houding teenoor andersheid.

Tabel 6: Steekproefvoorbeelde van rassistiese woorde

<i>blanke</i>	Daai ' <i>blanke</i> ' party.
<i>afrikaner</i>	Die <i>Afrikaner</i> volkie is so inhallig op sy eie mense die son mag net in sy eie hoekie skyn.
<i>swartes</i>	Laat ons nou ook maar reguit wees – meeste <i>swartes</i> is rassiste en ook nog leuenaars.
<i>blank</i>	want hy is nie <i>blank</i> nie...
<i>swartmense</i>	Dit blyk vir my asof die <i>swartmense</i> nie herrinner wil word dat hulle vel swart is nie.
<i>bediende</i>	Dis hoekom ek geen <i>bediende</i> of tuinier het nie – dis wel baie harde werk, eerstens word dit 100% beter gedoen en 2de – niks word gesteel nie.

Voorts word die top-50-woorde vir Onderzoek 3 in Tabel 7 weergegee. In die “Rou frekwensie”-kolom word die totale aantal trefslae in die NWU/Kommentaarkorpus en die NWU/Lapa-korpus vir elke taboewoord gegee (dus die rou frekwensie). In die “Aanduiding van taboebetekenis: Waarde”-kolom word vir elke taboewoord aangedui watter proporsie van die steekproef (telkens 100 sinne) met 'n taboebetekenis gebruik word. Vir die woord *doos* is daar byvoorbeeld gekyk na 100 sinne, wat lukraak uit die geselekteerde korpora onttrek is (resultate van die woord *dose* is ook by die steekproef ingesluit). Uit die 100 steekproefsinne, is die

woord in 87 sinne as 'n taboewoord gebruik en kry dit met ander woorde 'n waarde van 0.87.³⁸ Indien 'n betrokke woord in al 100 voorbeeldsinne as 'n taboewoord funksioneer, is dit met 'n "1.00" in die "Aanduiding van taboebetekenis"-kolom aangedui.³⁹ Indien 'n woord slegs as 'n taboewoord gebruik word (byvoorbeeld *fokken* en *kak*), is daar nie 'n steekproef geneem nie, en word dit met 'n "-" aangedui. Die getal in die "Berekende frekwensie"-kolom is telkens óf die geëkstrapoleerde voorkomsvrekwensie, óf die oorspronklike voorkomsvrekwensie. Vir *spul* is die berekening vir die laaste kolom dus as volg: Rou frekwensie (4 900) x Aanduiding van taboebetekenis: Waarde (0.74) = Berekende frekwensie (3 626)

Tabel 7: Ondersoek 3

Rang	Taboewoord	Rou frekwensie	Aanduiding van taboebetekenis: Waarde	Berekende frekwensie
1	<i>blanke</i>	6 354	1.00	6 354
2	<i>afrikaner</i>	17 598	0.30	5 279.40
3	<i>fokken</i>	3 836	–	3 836
4	<i>spul</i>	4 900	0.74	3 626
5	<i>swartes</i>	3 103	1.00	3 103
6	<i>kak</i>	2 890	–	2 890
7	<i>hel</i>	5 749	0.50	2 874.50
8	<i>fok</i>	2 500	–	2 500
9	<i>snert</i>	2 295	1.00	2 295
10	<i>poes</i>	1 699	–	1 699
11	<i>gatvol</i>	1 424	–	1 424
12	<i>dêm</i>	1 387	–	1 387


³⁸ Derhalwe word beaam wat Lubbe (1970:25) en Feinauer (1981:25) aanvoer: Die woord *doos* word "selde" gebruik om na 'n houër te verwys.

³⁹ Uiteraard is die navorser se eie subjektiewe mening sigbaar by items soos *blanke*, *swartes* en *snert*, aangesien al 100 voorbeeldsinne as **taboe** gemerk is (gevolglik het hierdie items 'n waarde van 1), terwyl 'n ander annoteerder miskien selfs geen van die items as **taboe** sou merk nie.

13	<i>mal</i>	4 110	0.32	1 315.20
14	<i>vrot</i>	2 722	0.40	1 088.80
15	<i>blank</i>	1 058	1.00	1 058
16	<i>flippen</i>	1 032	–	1 032
17	<i>bek</i>	1 588	0.62	984.56
18	<i>swartmense</i>	970	1.00	970
19	<i>verdomp</i>	958	–	958
20	<i>gek</i>	1 059	0.89	942.51
21	<i>magtig</i>	1 260	0.74	932.40
22	<i>bors</i>	5 114	0.18	920.52
23	<i>moerse</i>	833	–	833
24	<i>slapgat</i>	826	–	826
25	<i>bliksem</i>	762	–	762
26	<i>gat</i>	2 450	0.31	759.50
27	<i>verdomde</i>	752	–	752
28	<i>suip</i>	783	0.96	751.68
29	<i>blergie</i>	674	–	674
30	<i>doos</i>	774	0.87	673.38
31	<i>waaragtig</i>	632	–	632
32	<i>moer</i>	619	0.94	581.86
33	<i>jissus</i>	429	0.11	580.14
34	<i>stront</i>	552	–	552
35	<i>boud</i>	698	0.78	544.44
36	<i>jirre</i>	445	0.06	541.86
37	<i>lekker</i>	24 962	0.02	499.24
38	<i>befok</i>	472	–	472
39	<i>naai</i>	469	0.99	464.31

40	<i>kots</i>	453	–	453
41	<i>hoer</i>	433	–	433
42	<i>tiet</i>	432	–	432
43	<i>fokkol</i>	426	–	426
44	<i>jis</i>	488	0.87	424.56
45	<i>deksels</i>	463	0.91	421.33
46	<i>fokkit</i>	401	–	401
47	<i>bediende</i>	386	1.00	386
48	<i>dêmmit</i>	383	–	383
49	<i>fokker</i>	380	–	380
50	<i>neuk</i>	361	–	361

Figuur 3 is 'n visuele voorstelling van die resultate in Tabel 7. Slegs die “Beraamde frekwensie”-syfer is gebruik in die grafiek (op die y-as).



Figuur 3: Onderzoek 3

3.4.2 Bespreking

Met die eerste oogopslag is dit reeds duidelik dat die resultate van hierdie ondersoek heelwat diskrepancies toon in vergelyking met die ander twee ondersoekte wat bespreek is. Daar is 17 items, met ander woorde 34% van die lys, wat in geen van die ander ondersoekte se top 50

voorkom nie. Uit daardie 17, is vyf aanwesig in die eerste 10 items. Drie van die items in die top 10, te wete *blanke*, *afrikaner* en *swartes*, is as “rassisties” gemerk in die *HAT*; een, te wete *snert*, is as “afkeurend” gemerk, en een, te wete *spul*, is as “informeel” gemerk.

Die ranglyste in hierdie ondersoek is telkens gerangskik in dalende frekwensie, en die feit dat 50% van Onderzoek 3 se top 10 (teoreties die prototipiesste items in die lys) in die top 50 van nóg Onderzoek 1, nóg Onderzoek 2 voorkom, is insiggewend. Hierdeur word verder bevestig dat die gebruik van taboewoorde konteksgebonde is, en dat die taboewoorde wat in een konteks as die frekwentste voorkom, nie noodwendig in alle kontekste die frekwentste voorkom nie. Verder is dit dan ook duidelik dat daar nie noodwendig op woordeboeketikette alleen gesteun kan word vir die keuse van insluiting in die soeklys nie, aangesien woordeboeketikette nie noodwendig ‘n goeie aanduiding van die taboewaardes van die gekose soekitems is nie. Die implikasie is dat die metodologie om prototipes te identifiseer, só ontwerp moet word dat data vanuit diverse bronne versamel word om te voorkom dat die navorser slegs eensydige resultate kry.

Alhoewel die *k¹-woord*, *k²-woord*, *m-woord* of *h-woord* nie in hierdie resultate voorkom nie, is daar opvallend baie potensieel rassistiese woorde (*blanke*, *afrikaner*, *swartes*, *blank*, *swartmense* en *bediende*) in hierdie lys. Daarteenoor kom geen van die voorgenoemde taboewoorde in enige van die ander ondersoeke in hierdie studie voor nie.

Dit blyk dus dat hierdie data ‘n sekere ideologiese polariteit weerspieël. Ziegele *et al.* (2018:1430) toon aan dat hierdie verskynsel ‘n tendens is en voer byvoorbeeld aan dat gebruikers van sosiale media meer geneig is om op kontroversiële nuusplasinge kommentaar te lewer, en dat hierdie kommentaar sekere polêre ideologiese oortuigings kan weerspieël (wat dan ook in hierdie studie die geval is, soos wat dit uit die resultate blyk).

Die feit dat daar so min rassistiese woorde in die ander ondersoeke voorkom, kan moontlik toegeskryf word aan twee verklarings: Rassistiese woorde besit ‘n uiters hoë taboewaarde vir die waarskynlik oorwegend liberale respondente van die vraelyste (soos genoem in Afdeling

1.6 en wat moontlik ook verduidelik waarom die *k¹-woord*, *k²-woord*, *m-woord* of *h-woord* in byna al die data ontbreek). Die respondente se liberale ingesteldheid kan moontlik daartoe lei dat hulle nie die woorde wil opnoem nie (al dink hulle wel die woorde is taboewoorde). Alternatiewelik het die respondente moontlik hulle eie opvattinge van wat 'n **vloekwoord** is, gevolg en nie aan woorde soos *blanke* en *swartmens* gedink nie (aangesien hulle moontlik rassistiese terme en haatspraak as iets wesenslik anders as **vloekwoorde** beskou).

Uit die aard van die saak is 'n steekproef van 100 trefslae nie voldoende om aanspraak te maak op volledigheid (of ewekansigheid) nie, wat beteken 'n item se berekende frekwensie dui steeds nie aan presies hoe frekwent die item wel as 'n taboewoord funksioneer nie (en kan dus ook nie 'n finale aanduiding van die item se prototopiesheid wees nie). Verder is dit ook onvermydelik dat die data steeds skeefgetrek kan word, aangesien die woorde se totale voorkomsvrekwensies beslis 'n invloed het op die finale beraamde frekwensie. Vir *afrikaner*, byvoorbeeld, word slegs 30 uit die 100 voorbeeldsinne as **taboe** gemerk. Tog is die totale voorkomsvrekwensie (17 598) van *afrikaner* só hoog dat dit met 'n heelwat kleiner beraamde voorkomsvrekwensie (5 279,4) steeds in die tweede plek van die top 50 aangetref word.

Dieselfde geld ook vir *lekker*, 'n item wat opvallend vreemd is in hierdie lys. Slegs twee voorbeeldsinne is taboe gemerk (*lekker* het 'n waarde van 0.02, kyk Tabel 7), waarvan die een 'n *Lekker vrymeisie* is. *Lekker* is dus bloot aanwesig in die lys vanweë die hoë totale voorkomsvrekwensie en nie omdat dit enigsins 'n taboewoord is nie.

Ander items in die lys wat ook opval, is byvoorbeeld *mal*, *vrot*, *bek* en *suip*. Hierdie items is nie in enige van die ander produksieondersoeke aanwesig nie. Dit is egter wel nie moeilik om te sien waarom die werksdefinisie hierdie woorde insluit nie, aangesien hierdie woorde beslis in sekere kontekste taboe sal wees. 'n Steekproefsin soos *Hou net asseblief jou bek!!!* of *Mal in die kop dis wat* sal byvoorbeeld taboe kan wees in 'n gesprek tussen 'n student en 'n dosent. Verskillende annoteerders kan egter steekproefsinne van so 'n aard anders beskou, en daarom is dit nodig om hierdie resultate in 'n ander studie te verifieer (soos byvoorbeeld met 'n replikastudie met verskeie annoteerders).

Van der Walt (2019) se korpusondersoek is reeds vlugtig in Afdeling 2.2.2.6 bespreek. Alhoewel sy 'n ander korpus, naamlik die Watkykly.co.za-korpus, gebruik, is dit interessant dat vier van die taboewoorde wat sy uitsonder as woorde wat hoë gebruiksfrekwensies⁴⁰ het, ook in hierdie top 50 voorkom: *fokken*, *kak*, *gat* en *kots* (Van der Walt 2019:136).

3.5 Produksieondersoeke: Vereniging

In hierdie afdeling word daar, op grond van die drie produksieondersoeke wat in Afdelings 3.2 tot 3.4 bespreek is, 'n ranglys van die top-50-produksieprototipes opgestel. Elkeen van die produksieondersoeke se resultate is in MS Excel tot ranglyste verwerk deur elke taboewoord te bepunt op grond van die rang wat die item in 'n spesifieke ondersoek se lys bekle. Om te verseker dat woorde in dieselfde posisies in verskillende lyste (met verskillende lengtes) dieselfde waarde het, is die totale aantal items wat aan bod gekom het tydens hierdie studie as die verwysingslys gebruik, met 'n totaal van 4 440 woorde. So beteken die waarde vir *fok* in die "Ondersoek 1"-kolom dat die item die hoogste rang het, terwyl die waarde vir *fok* in die "Ondersoek 3"-kolom aandui dat *fok* daar nie die hoogste rang bekle nie. 'n Waarde van 1 dui telkens aan dat die item nie in die betrokke ondersoek aan bod kom nie.⁴¹ Die drie ondersoeke se punte is voorts bymekaar getel, en Tabel 8 toon die 50 taboewoorde wat die hoogste punte (in die "Totaal"-kolom) het.

Tabel 8: Produksieprototipes

Rang	Taboewoord	Totaal	Ondersoek 1	Ondersoek 2	Ondersoek 3
1	<i>fok</i>	13 313	4 440	4 440	4 433
2	<i>fokken</i>	13 308	4 431	4 439	4 438
3	<i>kak</i>	13 308	4 436	4 437	4 435
4	<i>poes</i>	13 304	4 439	4 434	4 431
5	<i>bliksem</i>	13 289	4 438	4 435	4 416

⁴⁰ Hierdie gebruiksfrekwensies word nie aangebied nie, aangesien Van der Walt (2019:131) haar data volgens leksikografiese etikette gesorteer het.

⁴¹ MS Excel se RANK.EQ-funksie ken outomaties 'n waarde van 1 toe aan al die items wat die laagste rang in 'n betrokke lys bekle.

6	<i>doos</i>	13 279	4 437	4 431	4 411
7	<i>moer</i>	13 268	4 433	4 426	4 409
8	<i>jissus</i>	13 259	4 421	4 430	4 408
9	<i>fokkit</i>	13 254	4 423	4 436	4 395
10	<i>jirre</i>	13 241	4 382	4 425	4 434
11	<i>hel</i>	13 241	4 407	4 429	4 405
12	<i>donder</i>	13 232	4 435	4 432	4 365
13	<i>stront</i>	13 231	4 415	4 409	4 407
14	<i>kont</i>	13 230	4 434	4 418	4 378
15	<i>befok</i>	13 225	4 413	4 409	4 403
16	<i>blerrie</i>	13 220	4 417	4 391	4 412
17	<i>fokkof</i>	13 214	4 422	4 424	4 368
18	<i>fokker</i>	13 213	4 400	4 420	4 393
19	<i>dêmmit</i>	13 213	4 430	4 391	4 392
20	<i>naai</i>	13 205	4 389	4 391	4 425
21	<i>flippen</i>	13 205	4 432	4 371	4 402
22	<i>fuck</i>	13 202	4 402	4 426	4 374
23	<i>hoer</i>	13 200	4 429	4 371	4 400
24	<i>verdomp</i>	13 153	4 360	4 371	4 422
25	<i>fokkop</i>	13 149	4 399	4 409	4 341
26	<i>kots</i>	13 145	4 373	4 371	4 401
27	<i>bliksems</i>	13 136	4 342	4 409	4 385
28	<i>dêm</i>	13 120	4 300	4 391	4 429
29	<i>gat</i>	13 115	4 405	4 295	4 415
30	<i>moerse</i>	13 109	4 318	4 371	4 420
31	<i>magtig</i>	13 109	4 396	4 295	4 418
32	<i>drol</i>	13 079	4 425	4 295	4 359

33	<i>wetter</i>	13 068	4 403	4 295	4 370
34	<i>koek</i>	13 011	4 374	4 295	4 342
35	<i>bedonderd</i>	13 002	4 387	4 295	4 320
36	<i>shit</i>	8 855	4 416	4 438	1
37	<i>fok tog</i>	8 840	4 406	4 433	1
38	<i>teef</i>	8 840	4 418	4 421	1
39	<i>etter</i>	8 832	4 428	4 403	1
40	<i>god</i>	8 832	4 408	4 423	1
41	<i>poephol</i>	8 831	4 427	4 403	1
42	<i>bitch</i>	8 817	4 394	4 422	1
43	<i>fokkol</i>	8 808	4 409	1	4 398
44	<i>ma se poes</i>	8 806	4 414	4 391	1
45	<i>piel</i>	8 802	4 426	1	4 375
46	<i>asshole</i>	8 801	4 397	4 403	1
47	<i>moerskont</i>	8 792	4 420	4 371	1
48	<i>hol</i>	8 790	4 410	1	4 379
49	<i>tos</i>	8 782	4 412	1	4 369
50	<i>idiot</i>	8 776	4 366	4 409	1

Uit die top 50 van Onderzoek 1 is daar slegs 10 taboewoorde wat ontbreek in die verenigde top 50 (produksieprototipes) soos in Tabel 8 uiteengesit (kyk Tabel 9), terwyl daar 16 taboewoorde ontbreek uit Onderzoek 2 se top 50, en 25 taboewoorde uit Onderzoek 3 se top 50. Dit kan derhalwe 'n aanduiding wees dat Onderzoek 1 'n baie bruikbare metode is om prototipes mee te identifiseer.

Tabel 9: Items wat ontbreek in die produksieprototipes

Ondersoek	Ontbrekende items
Ondersoek 1	<i>slet, naaier, k¹-woord, pis, tril, skyt, ballas, werfetter, bekak, spyker</i>
Ondersoek 2	<i>for fuck's sake, jirre jissus, donderse, motherfucker, fucking, fokkie, flippit, shut the fuck up, sjarrap, bliksemse, fucked up, konte, hell, kakhuis, krisis, sherbet</i>
Ondersoek 3	<i>blanke, afrikaner, spul, swartes, snert, gatvol, mal, vrot, blank, bek, swartmense, gek, bors, slagpat, verdomde, suip, waaragtig, boud, lekker, tiet, jis, deksels, bediende, neuk, vervlaks</i>

In die top 10 van die produksieprototipes is daar slegs vier items wat in al drie die produksieondersoeke se top 10 voorkom. Hierdie vier items is ook die eerste vier taboewoorde in die lys: *fok, fokken, kak* en *poes*. In die top 10 van beide Ondersoek 1 en Ondersoek 2 is daar in totaal 14 (sewe by elk) taboewoorde wat in die produksieprototipes se top 10 voorkom, wat weereens bevestig dat Ondersoek 3 se resultate heel anders lyk as dié van die ander twee produksieondersoeke. Daar is twee taboewoorde in die verenigde top 10 wat in geeneen van die produksieondersoeke se top 10 voorkom nie, by name *jissus* en *jirre*, alhoewel hulle onderskeidelik die elfde en twaalfde posisies in Ondersoek 2 beklee.

Daar is vier Engelse taboewoorde in die produksieprototipes, te wete *fuck, shit, bitch* en *asshole*. Slegs een van hulle, *fuck*, is teenwoordig in die top 50 van **al drie** produksieondersoeke. Die rede daarvoor is dat die soekterme wat in Ondersoek 3 se korpusondersoek gebruik is, hoofsaaklik uit die *WAT* en die *HAT* geneem is. Die ander drie Engelse taboewoorde, *shit, bitch* en *asshole*, is daarom nie ingesluit by Ondersoek 3 nie. Dit is daarom betekenisvol dat hierdie drie Engelse taboewoorde steeds die top 50 van die produksieprototipes gehaal het op grond van hulle posisies in Ondersoek 1 en Ondersoek 2. Die invloed van Engels op Afrikaanse taboewoorde wat reeds in Afdeling 3.2.2 bespreek is, is gevolglik ook hier beklemtoon.

Daar is etlike tekortkominge wat veroorsaak dat 'n vereniging van die resultate van voorgenoemde ondersoeke nie aangebied kan word as 'n perfekte, finale lys van prototipiese Afrikaanse taboewoorde nie. Eerstens verskil die aard van elke ondersoek. Tweedens is die steekproefgroottes van die eerste twee ondersoeke nie dieselfde nie. Alhoewel die respondente almal geregistreerde lede van vloek.co.za is en dus etlike ooreenkomste deel, verskil die aantal respondente wat aan die eerste twee ondersoeke deelgeneem het. Derdens betrek die korpusondersoek 'n totaal ander steekproef, aangesien die resultate afkomstig is van korpusdata en nie van dieselfde poel respondente as die vorige ondersoeke nie.

3.6 Onderzoek 4

Indien semantiese inligting werklik in mentale kategorieë gerangskik word, en indien sommige lede van hierdie kategorieë werklik beter gevestig en meer bekend is as ander, sou dit logies volg dat dit vir respondente moontlik moet wees om self lede van spesifieke kategorieë in terme van prototipisiteit te rangskik en te gradeer. Rosch (1975a:198) toon aan dat respondente dit inderdaad maklik vind om lede van 'n konseptuele kategorie te rangskik volgens die mate waartoe hulle goeie voorbeelde van daardie kategorie is. Die vierde ondersoek van hierdie studie is daarom 'n persepsiestudie wat geskoei is op die metode wat Rosch (1975a:198) gebruik het om die oordeel van respondente ten opsigte van interne kategoriestrukture te ondersoek. In Afdeling 3.6.1 word die ontwerp van die metode bespreek, waarna die resultate in Afdeling 3.6.2 aan bod kom.

3.6.1 Metode

In hierdie ondersoek is 'n lys van 60 taboewoorde vir die respondente aangebied. Die lys is opgestel uit voorlopige resultate van Onderzoek 1.⁴² Die lys bestaan uit 60 items (eerder as 50) om voorsiening te maak vir kontrole-items (waaroor later verder uitgebrei word).⁴³ Hierdie

⁴² Voorlopige resultate (onttrek op 21 Oktober 2020) is gebruik omdat Onderzoek 4 se vraelys ontplooi is voordat Onderzoek 1 se finale data onttrek is. Hierdie lys is dus nie die finale lys van Onderzoek 1 (soos aangebied in Afdeling 3.2.1) nie. Woorde soos bv. *bliksemse* en *gefok* (wat nie in die huidige top 50 van Onderzoek 1 is nie) was in die aanvanklike resultate, en is dus hier teenwoordig.

⁴³ Daar is ses kontrole-items, en vir praktiese doeleindes is 'n ronde getal van 60 woorde in die vraelys gebruik.

lys is voorts onderwerp aan wat Rosch (1975a:198) genoem het goedheid-van-voorbeeld-graderings (“goodness-of-example ratings”, voortaan GVV-graderings). Hierdie graderings behels dat respondente verskeie lede van ’n kategorie gradeer in terme van hoe verteenwoordigend elke individuele lid van die kategorie **taboewoord** is.

Aangesien hierdie ondersoek ’n graderingstaak behels, is ’n Likertskaal in die vraelys gebruik. Daar is nie in bestaande literatuur konsensus oor wat die optimale aantal reaksieopsies vir ’n Likertskaalvraag is nie (Jones en Loe 2013), aangesien die optimale aantal reaksieopsies afhanklik is van die spesifieke navorsing wat uitgevoer word (Maydeu-Olivares *et al.* 2009:307). Rosch (1975a:198) het ’n numeriese sewepuntskaal gebruik vir haar ondersoek na semantiese kategorieë, waar 1 beteken die item is hoogs verteenwoordigend van die kategorie en 7 beteken die item is nie baie verteenwoordigend van die kategorie nie.

In Rosch (1975a:197) se studie is die Likertskaalitems geselekteer uit ’n studie oor kategorieelidmaatskap wat Battig en Montague (1969) uitgevoer het. Battig en Montague (1969:2) se 442 respondente (almal universiteitstudente) het elkeen 56 skoon bladsye met ’n kategorieernaam boaan die bladsy ontvang, met die opdrag om in 30 sekondes (30 sekondes vir elke kategorie of bladsy) soveel lede van die kategorie op te noem as wat hulle kan. Die eerste 10 items wat Rosch (1975a) geselekteer het, is items wat 10 of meer van Battig en Montague (1969) se respondente aan ’n spesifieke kategorie toegeken het. Daarna is ’n lukrake seleksie van kategorielede gemaak (uit dié wat deur minder respondente gegee is) om nog 50 tot 60 Likertskaalitems te skep. Die implikasie hiervan is dat die items wat Rosch (1975a) vir haar respondente aangebied het, nie noodwendig almal goeie voorbeelde van die betrokke kategorieë is nie, en dus kan daar groot afstande wees tussen die vlakke van prototipisiteit van die verskillende Likertskaalitems.

Daarteenoor is die items wat in hierdie vraelys gebruik is (kyk Tabel 11), reeds ’n gesifte seleksie van waarskynlik prototipiese taboewoorde, aangesien voorlopige resultate van Onderzoek 1 gebruik is om die lys op te stel. Die afstand tussen die prototipisiteit van verskillende Likertskaalitems (elke taboewoord is ’n Likertskaalitem) is dus reeds relatief klein;

'n skaal met 'n groot verskeidenheid opsies kan daarom die gevolg hê dat respondente items op 'n arbitrêre, inkonsekwente wyse gradeer (omdat dit aansienlike kognitiewe inspanning verg om die afstand tussen verskillende Likertskaalitems op 'n ordinale skaal konsekwent te gradeer; vergelyk byvoorbeeld Jones en Loe 2013). Alhoewel Maydeu-Olivares *et al.* (2009:307) juis 'n groter skaal aanbeveel vir items wat nie baie van mekaar verskil nie ('n kleiner skaal kan in sulke gevalle tot 'n laer betroubaarheid van resultate lei), beveel hulle ook 'n kleiner skaal aan vir 'n groot getal items (volgens hulle is 20 items 'n "langer" toets).

Die onderwerp van die ondersoek moet ook in gedagte gehou word wanneer daar bepaal word wat die ideale getal reaksieopsies is. 'n Ongelyke getal reaksiekategorieë, soos in die geval van 'n sewepuntskaal, word ingespan wanneer 'n Likertskaal 'n neutrale opsie insluit (Lavrakas 2008). 'n Neutrale opsie maak dit egter vir respondente moontlik om 'n negatiewe of positiewe respons te vermy, en dit is veral problematies wanneer die onderwerp sensitief is (soos inderdaad hier die geval is), aangesien respondente se partydigheid ten opsigte van die onderwerp die resultate kan beïnvloed. Iemand wat, byvoorbeeld, 'n buitengewoon sterk afkeur in die woord *jirre* het (as gevolg van persoonlike of godsdienstige oortuigings), kan moontlik nie wil aandui dat die woord 'n goeie voorbeeld van 'n Afrikaanse taboewoord is nie (alhoewel hy of sy moontlik bewus is dat die woord gereeld as 'n taboewoord aangewend word), en eerder die neutrale opsie kies.

Vir voorgenoemde redes is 'n kleiner skaal met slegs vier reaksieopsies in hierdie ondersoek gebruik. In stede van 'n middeweg, is daar van respondente verwag om in hulle antwoorde te diskrimineer (met ander woorde, respondente kon nie 'n neutrale opsie kies nie). Aangesien die Likertskaalitems reeds relatief goeie voorbeelde van taboewoorde behoort te wees, is 'n skaal van *minder goed* tot *baie goed* gebruik (eerder as 'n bipolêre skaal met teenoorgestelde pole van *sleg* tot *goed*). Soos reeds genoem, het Rosch (1975a), in ooreenstemming met die idee dat kategoriegrense nie vas is nie, nie elke nommer op die skaal benoem nie.

Daarbenewens is die data nominaal (die afstande tussen die items op die skaal kan dus in elk geval nie numeries gemeet word nie), en derhalwe word die skaal se numeriese waardes in hierdie studie soos volg benoem:

- 1 – Die woord is 'n minder goeie voorbeeld van 'n Afrikaanse vloekwoord
- 2 –
- 3 –
- 4 – Die woord is 'n baie goeie voorbeeld van 'n Afrikaanse vloekwoord

Rosch (1975a:198) se resultate uit haar eksperiment vir GVV-tellings is, ter verifikasie, vergelyk met haar vorige studie (1973) omdat ses van die kategorieë wat sy getoets het, oorvleuel het met dié van die eerste eksperimente. Die graderings vir daardie ses kategorieë het telkens ooreengestem. 'n Ander gebruiklike metode om te kyk of respondente se response konsekwent is (“within-session response consistency”, kyk Wood *et al.* 2017:455), is om respondente meer as een keer vir dieselfde veranderlike te toets (Wood *et al.* 2017:455) deur byvoorbeeld dieselfde item twee keer vir gradering aan te bied. Ten einde die interne konsekwentheid van die respondente se graderings in hierdie vraelys te evalueer, is 'n aantal Likertskaalitems (soos *fok* en *befok*) herhaal of wisselvorme daarvan is ingesluit (te wete *donder* en *donner*, *blerrie* en *bleddie*, *jissus* en *jesus*, *fokkof* en *fokof*). Hierdie Likertskaalitems dien dus as kontrolevrae (kyk Tabel 10).

Tabel 10: Kontrole-items

Taboewoord	Totaal	4	3	2	1	Gem.	Σ	Med.	Modus
<i>fokof</i>	221	46	6	9	1	3.565	0.80	4	4
<i>fokkof</i>	220	44	10	6	2	3.548	0.80	4	4
<i>fok</i>	221	47	6	6	3	3.565	0.86	4	4
<i>fok_1</i>	216	45	8	3	6	3.484	0.97	4	4
<i>befok_2</i>	209	37	13	10	2	3.371	0.87	4	4

<i>befok</i>	204	34	15	10	3	3.290	0.91	4	4
<i>donner</i>	184	25	17	13	7	2.968	1.04	3	4
<i>donder</i>	179	24	17	11	10	2.887	1.10	3	4
<i>blerrie</i>	132	10	12	16	24	2.129	1.11	2	1
<i>bleddie</i>	123	9	9	16	28	1.984	1.09	2	1
<i>jissus</i>	111	13	4	2	43	1.790	1.26	1	1
<i>jesus</i>	100	8	3	8	43	1.613	1.06	1	1

Die aanlyn vraelys het bestaan uit agtergrondinligting wat die vroe kontekstualiseer, gevolg deur 'n uiteensetting van die Likertskaalwaardes en 'n opdrag wat uitgevoer moet word. 'n Prototipiese taboewoord is vir respondente gedefinieer as 'n kategorieelid wat 'n beter voorbeeld van die kategorie **taboewoorde** is as ander lede (soos wat *katte* beter voorbeelde van **troeteldiere** is as *slange*). Die agtergrondinligting en instruksies wat aangebied is, is ingesluit in Bylaag B.

Tabel 11 toon die resultate van Onderzoek 4. Die Likertskaalitems (die taboewoorde wat uit Onderzoek 1 geselekteer is, sowel as die kontrole-items vir vergelykingsdoeleindes) is gerangskik volgens die "Totaal" in die derde kolom. Hierdie totaal is die som van elke Likertskaalitem se response. In die daaropvolgende kolomme is elke Likertskaalitem se response uiteengesit volgens die aantal respondente wat onderskeidelik graderings van 4, 3, 2 of 1 vir die betrokke taboewoord gekies het. Die gemiddelde response (gem.) is aangetoon vir elke taboewoord, sowel as standaardafwyking (σ), die mediaan (med.) en die modus.

Tabel 11: Onderzoek 3 (rou GVV-tellings)

Rang	Taboewoord	Totaal	4	3	2	1	Gem. ⁴⁴	σ	Med.	Modus
1	<i>fokkop</i>	230	50	8	2	2	3.710	0.69	4	4
2	<i>fokkol</i>	221	45	8	8	1	3.565	0.78	4	4

⁴⁴ Hierdie resultate is tot die derde desimaal aangebied omdat daar baie woorde met dieselfde gemiddelde response is.

3	<i>fokof</i>	221	46	6	9	1	3.565	0.80	4	4
4	<i>fok</i>	221	47	6	6	3	3.565	0.86	4	4
5	<i>fokkit</i>	220	44	10	6	2	3.548	0.80	4	4
6	<i>fokkof</i>	220	44	10	6	2	3.548	0.80	4	4
7	<i>fok_1</i>	216	45	8	3	6	3.484	0.97	4	4
8	<i>bliksem</i>	210	36	16	8	2	3.387	0.84	4	4
9	<i>befok_2</i>	209	37	13	10	2	3.371	0.87	4	4
10	<i>fokken</i>	209	41	7	10	4	3.371	0.98	4	4
11	<i>befok</i>	204	34	15	10	3	3.290	0.91	4	4
12	<i>gefok</i>	204	36	12	10	4	3.290	0.96	4	4
13	<i>fok tog</i>	196	30	17	10	5	3.161	0.98	3	4
14	<i>moer</i>	190	31	15	5	11	3.065	1.14	3,5	4
15	<i>moerse</i>	190	34	8	10	10	3.065	1.17	4	4
16	<i>fokker</i>	188	27	18	9	8	3.032	1.06	3	4
17	<i>donner</i>	184	25	17	13	7	2.968	1.04	3	4
18	<i>bliksemse</i>	183	28	14	9	11	2.952	1.15	3	4
19	<i>doos</i>	180	27	14	9	12	2.903	1.17	3	4
20	<i>donder</i>	179	24	17	11	10	2.887	1.10	3	4
21	<i>kak</i>	177	28	10	11	13	2.855	1.21	3	4
22	<i>kakspul</i>	173	19	21	12	10	2.790	1.06	3	3
23	<i>poephol</i>	163	17	18	14	13	2.629	1.10	3	3
24	<i>stront</i>	160	15	19	15	13	2.581	1.08	3	3
25	<i>bekak</i>	157	16	16	15	15	2.532	1.13	3	4
26	<i>fuck</i>	156	22	7	14	19	2.516	1.26	2	4
27	<i>shit</i>	154	22	9	8	23	2.484	1.32	2,5	1
28	<i>poes</i>	154	25	7	3	27	2.484	1.40	3	1
29	<i>ma se poes</i>	145	23	6	2	31	2.339	1.41	1,5	1

30	<i>kont</i>	142	16	13	6	27	2.290	1.27	2	1
31	<i>drol</i>	136	11	12	17	22	2.194	1.11	2	1
32	<i>dêmmit</i>	136	13	9	17	23	2.194	1.16	2	1
33	<i>blerrie</i>	132	10	12	16	24	2.129	1.11	2	1
34	<i>moerskont</i>	130	14	8	10	30	2.097	1.24	2	1
35	<i>slet</i>	129	10	11	15	26	2.081	1.12	2	1
36	<i>naaier</i>	128	13	11	5	33	2.065	1.25	1	1
37	<i>hoer</i>	125	10	10	13	29	2.016	1.14	2	1
38	<i>poesgesig</i>	125	16	6	3	37	2.016	1.32	1	1
39	<i>gat</i>	124	10	7	18	27	2.000	1.10	2	1
40	<i>naai</i>	124	12	9	8	33	2.000	1.21	1	1
41	<i>teef</i>	123	8	11	15	28	1.984	1.08	2	1
42	<i>bleddie</i>	123	9	9	16	28	1.984	1.09	2	1
43	<i>piel</i>	119	10	8	11	33	1.919	1.15	1	1
44	<i>werfetter</i>	114	9	7	11	35	1.839	1.12	1	1
45	<i>poep</i>	114	11	5	9	37	1.839	1.18	1	1
46	<i>jirre</i>	114	13	3	7	39	1.839	1.23	1	1
47	<i>ballas</i>	113	8	7	13	34	1.823	1.08	1	1
48	<i>etter</i>	112	7	10	9	36	1.806	1.08	1	1
49	<i>poesie</i>	112	13	4	3	42	1.806	1.25	1	1
50	<i>jissus</i>	111	13	4	2	43	1.790	1.26	1	1
51	<i>hel</i>	109	7	7	12	36	1.758	1.05	1	1
52	<i>tril</i>	107	6	9	9	38	1.726	1.04	1	1
53	<i>wetter</i>	106	3	9	17	33	1.710	0.89	1	1
54	<i>tos</i>	105	5	7	14	36	1.694	0.97	1	1
55	<i>pis</i>	104	5	7	13	37	1.677	0.97	1	1
56	<i>hol</i>	103	3	8	16	35	1.661	0.89	1	1

57	<i>skyt</i>	103	3	9	14	36	1.661	0.90	1	1
58	<i>jesus</i>	100	8	3	8	43	1.613	1.06	1	1
59	<i>god</i>	96	8	1	8	45	1.548	1.04	1	1
60	<i>koek</i>	86	3	2	11	46	1.387	0.78	1	1

3.6.2 Bespreking

Dit blyk dat die respondente grootliks konsekwent was in die graderings van die taboewoorde, aangesien die kontrole-items se graderings nie onreëlmatig voorkom nie – die graderings vir die eerste *fok* en die tweede *fok_1* (in die vraelys slegs *fok*) verskil byvoorbeeld minimaal; 47 respondente het 'n 4 toegeken aan die eerste *fok*, teenoor 45 wat dieselfde gradering toegeken het aan die tweede een. Die ander kontrole-items toon ook slegs minimale variasie (kyk Tabel 10). Die grootste variasie in graderings kom dus by *jissus* en *jesus* voor, en moontlike redes hiervoor kom later in hierdie bespreking aan bod.

Dit is interessant om te let op hoe *fuck* en *fok* se resultate verskil. Vir beide Likertskaalitems is 4 die gradering wat die meeste gekies is (die moduswaarde vir albei items is 4). Daarteenoor is daar tog 'n verskil in die mediaanwaardes (4 vir *fok* en 2 vir *fuck*). Dit is waarskynlik as gevolg van die feit dat daar vir respondente gevra is hoe 'n goeie voorbeeld van 'n Afrikaanse taboewoord elke item is, en nie net hoe 'n goeie voorbeeld van 'n taboewoord dit is nie. Indien laasgenoemde bewoording gebruik is, sou die mediaanwaardes (en gemiddeldes) moontlik nader aan mekaar wees.

Indien daar na die verspreiding van die mediaanwaardes (Tabel 12) en moduswaardes (Tabel 13) gekyk word, is die resultate nie heeltemal na verwagting nie. Die feit dat 33 items 'n mediaanwaarde van kleiner as 2.5 het, beteken hulle graderings is telkens nader aan 1 (“'n minder goeie voorbeeld van 'n Afrikaanse vloekwoord”) as aan 4 (“'n baie goeie voorbeeld van 'n Afrikaanse vloekwoord”). Die moduswaardes (Tabel 13) toon dieselfde tendens: Daar is byvoorbeeld 34 items met 'n moduswaarde van 1. Die rede waarom hierdie lae graderings opvallend is, is omdat die vraelys se Likertskaalitems geneem is uit topresultate van

Ondersoek 1. Met ander woorde, teoreties is daar verwag dat meer items hoër gegradeer sou word, as laer. Enkele van die items waarvan die moduswaarde 1 is, is *poes*, *jissus*, *jirre* (al drie in die top 10 van die produksieprototipes, kyk Tabel 8); en ook *hel*, *kont*, *blerrie*, *naai* en *dêmmitt* (almal in die top 20 van die produksieprototipes, kyk Tabel 8).

Tabel 12: Mediaanwaardes

Med.	Aantal items
4	13
3.5	1
3	12
2.5	1
2	11
1.5	1
1	21

Tabel 13: Moduswaardes

Moduswaarde	Aantal items
4	23
3	3
2	0
1	34

Daar is verskeie moontlike redes vir hierdie resultate. Die respondente kon wel die opdrag verkeerd verstaan en die Likertskaal omgekeer het (sodat 1 beteken “Die woord is ’n baie goeie voorbeeld van ’n Afrikaanse taboewoord” en 4 beteken “Die woord is ’n minder goeie voorbeeld van ’n Afrikaanse taboewoord”). Tog het sewe Likertskaalitems wat aanwesig is in die top 10 van die produksieprototipes se top 50 wel moduswaardes van 4. Hierdie items is *fok*, *bliksem*, *doos*, *kak*, *fokkit*, *moer* en *fokken*. Die feit dat hulle deur die meeste respondente

as baie goeie voorbeelde van 'n Afrikaanse taboewoord beskou word, is versoenbaar met die resultate van die produksieondersoeke (en dus is dit onwaarskynlik dat 'n foutiewe interpretasie van die opdrag verklaar waarom so baie items moduswaardes van 1 het).

'n Ander potensiële rasionaal vir voorgenoemde (onverwagse) lae graderings is dat verskeie onderliggende opinies en oortuigings 'n rol speel by hierdie persepsietaak. Soos aangedui in Afdeling 2.2.2 word **vloek** geredelik deur konserwatiewe Afrikaanssprekendes gelykgestel aan laster. Dienooreenkomstig sou daar verwag kon word dat lasterlike taboewoorde telkens hoë graderings in hierdie ondersoek sou kry (aangesien **vloekwoord** gebruik is in die vraelys). Die teendeel is egter waar vir die resultate, aangesien daar konsekwent lae graderings aan die lasterlike Likertskaalitems toegeken is. Vir *god*, *jissus*, *jirre* en *jesus* is die moduswaarde telkens 1 (die mediaanwaardes vir hierdie Likertskaalitems is ook telkens 1).

Daarbenewens ken slegs 13 van die respondente 'n gradering van 4 toe aan *jissus* en *jirre*, wat beteken dat slegs 21% van die respondente hierdie woorde as baie goeie voorbeelde van 'n Afrikaanse taboewoorde beskou. Dit is vreemd, omdat *jissus* reeds as 'n vloekuitroep aangeteken word in Feinauer (1981:73), soos *jirre* ook (Feinauer 1981:181,192). Die gemiddelde graderings vir *jirre* (1.839), *jissus* (1.790), *jesus* (1.613) en *god* (1.548) is ook konsekwent laag. Die resultate vir die lasterlike woorde kan moontlik toegeskryf word aan 'n godsdienstig moralistiese gradering wat gegrond is in die idee dat hierdie woorde nie "goed" is nie (waar "goed" eerder gelees word op 'n moralistiese manier as in terme van voorbeeldagtheid).

Soortgelyk speel onderliggende houdings teenoor spesifieke taboewoorde 'n rol in die graderings, wat verduidelik hoekom so baie Likertskaalitems lae graderings het. Nog so 'n item is *poes*, aangesien die moduswaarde vir *poes* 1 is (terwyl *poes* in die top 10 van al die produksieondersoeke voorkom). Die hoogste standaardafwykings kom voor vir *ma se poes* ($\sigma = 1.41$), *poes* ($\sigma = 1.40$) en *poesgesig* ($\sigma = 1.32$). Alhoewel dit nie soveel hoër is as die laagste standaardafwyking ($\sigma = 0.67$) in die lys (vir *fokkop*) nie, is dit tog 'n aanduiding dat daar 'n effense groter verspreiding van response vir *poes*, *ma se poes* en *poesgesig* is (as vir 'n item

soos *fokkop*). Aangesien hierdie 'n persepsiestudie is, kan 'n (effens) groter variasie in die verspreiding van response vertaal word as 'n (effens) groter variasie in die persepsie van respondente teenoor die betrokke Likertskaalitem.

Die feit dat die wisselvorme *jirre* en *jissus* tog effens hoër in die lys is as die standaardvorme *jesus* en *god* kan wel 'n aanduiding wees dat die respondente onderskei tussen die betekenis en funksie van die verskillende variante. Met ander woorde, respondente beskou *jissus* moontlik as die wisselvorm wat gebruik word indien jy wil vloek, eerder as die standaardvorm *jesus* (vergeelyk ook Van der Walt 2019:135). Tog is dit onwaarskynlik dat die respondente die graderingstaak aangepak het met 'n spesifieke fokus op watter ortografiese realisering van die woord 'n beter vloekwoord sal wees. Die resultate vir *donner* en *donder* is byvoorbeeld baie naby aan mekaar: 25 respondente ken 'n gradering van 4 toe aan *donner* en 24 respondente ken dieselfde gradering toe aan *donder*. 'n Soortgelyke graderingstaak sou moontlik gebruik kon word om Afrikaanssprekendes se instinkte ten opsigte van verskillende wisselvorme te ondersoek.

Uiteindelik blyk dit dan uit die resultate dat twee faktore by die interpretasie van die opdrag in die GVV-vraelys 'n rol gespeel het by die gradering van die Likertskaalitems. Eerstens bepaal die interpretasie van die respondent van wat "goed" beteken (soos in die voorafgaande aangedui) of die respondent 'n Likertskaalitem gradeer in terme van "morele" goedheid of goeie voorbeeldagtigheid. Tweedens bepaal die respondent se interpretasie van die term **vloekwoord** hoe hoog (in terme van goeie voorbeeldagtigheid) die respondent 'n betrokke Likertskaalitem sal gradeer.

Alhoewel daar aanvanklik vir die respondente in Onderzoek 1 'n definisie verskaf is wat **vloekwoord** as 'n oorkoepelende term stel,⁴⁵ is daar in die data aanduidings dat respondente tog (selfs onbewustelik) onderskeid tref tussen verskillende subkategorieë van taboewoorde.⁴⁶

⁴⁵ In samehang met die omskrywing van **taboewoord** in Afdeling 2.2.4.

⁴⁶ In retrospeksie sou dit beter wees om by elke ondersoek van meet af aan 'n definisie te verskaf, aangesien dieselfde respondente nie noodwendig elke vraelys op vloek.co.za beantwoord het nie.

Daar is byvoorbeeld klusters sigbaar in die resultate wat dui op semantiese subkategorieë (kyk Afdeling 2.2.4) wat saamgegroeper is. In Tabel 14 word die groeperings uiteengesit. In die “Posisies”-kolom word aangedui waar hierdie groeperings min of meer sigbaar is (en waar daarop gelet moet word in Tabel 11). Die voorbeelde wat gegee word, dien bloot as illustrasie (en is nie ’n volledige lys van elke kluster nie).

Tabel 14: Betekenisklusters

Semantiese subkategorie	Posisies (by benadering)	Voorbeelde
Seks	1 tot 19	<i>fok, gefok, moer, doos</i>
Natuur	8 tot 20	<i>bliksem, donner, bliksemse, donder</i>
Skatologie	21 tot 45	<i>kak, stront, shit, drol</i>
Godsdiens	46 tot 59	<i>jirre, jissus, jesus, god</i>

Daar kan byvoorbeeld hieruit afgelei word dat die woorde wat volgens die respondente die beste voorbeelde van **vloekwoorde** is, se betekenis met die seksdomein verband hou. Die klusters wat sigbaar is, kan insiggewend gebruik word om meer te wete te kom oor hoe Afrikaanssprekendes taboewoorde op ’n natuurlike wyse (sonder uitdruklike instruksie om tussen byvoorbeeld **vloek** en **laster** te onderskei) kategoriseer. Hierdie resultate (of soortgelyke resultate van opvolgstudies) sal derhalwe nuttig gebruik kan word in navorsing oor die semantiese en funksionele kategorisering van Afrikaanse taboewoorde.

Met ander woorde, die term **vloekwoord** (en wat verskillende respondente daaronder begryp) kan met hierdie tipe vraelys ondersoek word omdat die klusters wat gevorm is, duidelik aantoon dat respondente taboewoorde in verskillende kategorieë verdeel. Daar kan byvoorbeeld afgelei word dat taboewoorde soos *fok* en *bliksem* as **vloekwoorde** beskou is deur die respondente (aangesien hulle onder die hoogste graderings val). Die volgende groepering (tussen posisies 21 en 45), wat taboewoorde soos *kak* en *poes* insluit, is dan moontlik eerder bloot as **vulgêr** of **obseen** beskou deur respondente (en nie as **vloekwoorde**

nie). Die laaste kluster kan dan impliseer dat respondente juis onderskei tussen **vloekwoorde** en **lasterwoorde**, en dat dit die rede is vir die konsekwente lae graderings van *jirre*, *jissus*, *jesus*, en *god*. Sodanige ondersoek kan dus veral nuttig wees om die term **vloekwoord** meer konsekwent (en op empiriese gronde) in die literatuur te omskryf.

Aangesien die doel van hierdie studie is om 50 prototipiese Afrikaanse taboewoorde vir elke ondersoek vas te stel, is die kontrole-items in hierdie ondersoek genormaliseer om 'n gekombineerde top 50 vir Onderzoek 4 voor te stel. Met ander woorde, *fokof* en *fokkol* se graderings is saamgetel en deur twee gedeel om 'n gemiddelde waarde vir *fokkol* te gee. Tabel 15 bevat die verenigde lys taboewoorde, saam met die gemiddelde graderings (van beide items se gemiddeldes) van elke taboewoord. Die gemiddelde graderings (die "Gem."-kolom in Tabel 11) is gebruik, eerder as die mediaan, aangesien hierdie resultate in die volgende afdeling gebruik sal word om die produksieondersoeke se resultate mee te vergelyk (en dus is dit nuttig om genuanseerde getalle te hê eerder as wat daar byvoorbeeld 13 taboewoorde met mediaanwaardes van 4 is).


Tabel 15: Onderzoek 4 (verenigde GVV-tellings)

Rang	Taboewoord	Gekombineerde gemiddelde
1	<i>fokkop</i>	3.710
2	<i>fokkol</i>	3.565
3	<i>fokkof</i>	3.558
4	<i>fokkit</i>	3.548
5	<i>fok</i>	3.523
6	<i>bliksem</i>	3.387
7	<i>fokken</i>	3.370
8	<i>befok</i>	3.331
9	<i>gefok</i>	3.290

10	<i>fok tog</i>	3.161
11	<i>moer</i>	3.065
12	<i>moerse</i>	3.065
13	<i>fokker</i>	3.030
14	<i>bliksemse</i>	2.950
15	<i>donder</i>	2.927
16	<i>doos</i>	2.903
17	<i>kak</i>	2.855
18	<i>kakspul</i>	2.790
19	<i>poephol</i>	2.629
20	<i>stront</i>	2.581
21	<i>bekak</i>	2.532
22	<i>fuck</i>	2.516
23	<i>shit</i>	2.484
24	<i>ma se poes</i>	2.339
25	<i>kont</i>	2.290
26	<i>dêmmit</i>	2.194
27	<i>drol</i>	2.194
28	<i>poes</i>	2.145
29	<i>moerskont</i>	2.097
30	<i>slet</i>	2.081
31	<i>naaier</i>	2.065
32	<i>blerrie</i>	2.057
33	<i>hoer</i>	2.016
34	<i>naai</i>	2.000
35	<i>gat</i>	2.000
36	<i>teef</i>	1.984

37	<i>piel</i>	1.919
38	<i>jirre</i>	1.839
39	<i>werfetter</i>	1.839
40	<i>poep</i>	1.839
41	<i>ballas</i>	1.823
42	<i>etter</i>	1.806
43	<i>hel</i>	1.758
44	<i>tril</i>	1.726
45	<i>wetter</i>	1.710
46	<i>jissus</i>	1.702
47	<i>tos</i>	1.694
48	<i>pis</i>	1.677
49	<i>hol</i>	1.661
50	<i>skyt</i>	1.661

Figuur 4 toon (in navolging van die vorige ondersoek) 'n visuele voorstelling van die resultate in Tabel 15.



Figuur 4: Ondersoek 4

Daar is reeds genoem dat 'n groot aantal modus- en mediaanwaardes laer is as wat verwag sou word. Dit is egter belangrik om steeds in ag te neem dat die Likertskaal wat gebruik is, nié

'n bipolarêre skaal is nie. 'n Lae gradering van 1 beteken dus nié dat die woord 'n "slegte" voorbeeld van 'n Afrikaanse taboewoord is nie, maar eerder net dat die respondent die woord as 'n minder goeie voorbeeld beskou (spesifiek in terme van die bewoording vir 1 op die Likertskaal).

3.7 Vergelykings

Daar is reeds in die voorafgaande afdelings telkens relevante raakpunte of verskille tussen die verskillende ondersoeke uitgewys. In hierdie afdeling word eerstens algemene vergelykings tussen die verskillende ondersoeke getref, waarna meer spesifiek op vergelykings van die metodes gefokus word (in Afdeling 3.7.2). In Afdeling 3.7.3 word 'n vergelyking van die ranglyste wat telkens in elke ondersoek opgestel is, in diepte bespreek.

3.7.1 Algemene vergelykings

Anders as in die eerste twee ondersoeke beklee *fok* nie, soos by die eerste twee ondersoeke, in Onderzoek 4 die eerste posisie in die gekombineerde ranglys nie, maar wel die vyfde posisie. Desnieteenstaande is daar nogtans duidelike merkers van *fok* se prototipisiteit in die resultate van die persepsieonderzoek. In die top 10 taboewoorde vir Onderzoek 4 (kyk Tabel 15) is daar slegs een item, te wete *bliksem*, wat nié *fok* as 'n basis bevat nie. Dit blyk dus dat *fok* en komplekse items wat *fok* as 'n basis bevat, geredelik deur die respondente as baie goeie voorbeelde van Afrikaanse vloekwoorde beskou is.

Daar is net drie woorde wat in Onderzoek 1, 2 en 4 se top 10 voorkom: *fok*, *fokken* en *bliksem*. Die sewe woorde wat in die top 10 van beide die eerste twee vraelyste aangetref is, te wete *fok*, *fokken*, *kak*, *poes*, *bliksem*, *donder* en *doos*, kom in Onderzoek 4 se resultate baie meer verspreid voor. Alhoewel *fok*, *bliksem* en *fokken* onderskeidelik die vyfde, sesde en sewende posisies in die lys beklee, is *donder*, *kak* en *poes* onderskeidelik vyftiende, sewentiende en agt-en-twintigste in die lys. Hierdie variasie is 'n aanduiding dat daar waarskynlik meer interpersoonlike variasie in die kern van die taboewoordkategorie voorkom as op die periferie.

In Afdeling 3.7.3.3 word hierdie spreiding verder bespreek wanneer daar gekyk word na die mate van oorvleueling tussen die verskillende ondersoekte se ranglyste.

Vir 'n vergelyking tussen die produksieondersoekte en die persepsieondersoek word die top-50-produksieprototipes, tesame met die gemiddelde GVV-tellings vir elke taboewoord soos dit blyk uit Onderzoek 4 se resultate (Tabel 15), in Tabel 16 aangebied. Die taboewoorde is alfabeties rangskik sodat die range ook makliker vergelyk kan word. Indien 'n spesifieke taboewoord nie in Onderzoek 4 se vraelys gevra is nie, word dit met 'n "–" aangedui.

Tabel 16: Produksieprototipes en GVV-tellings

Taboewoord	Produksieprototipe Rang	Produksieprototipe Waarde⁴⁷	GVV (Rang)	GVV (Gem. gradering)
<i>asshole</i>	46	8 801	–	–
<i>bedonderd</i>	35	13 002	–	–
<i>befok</i>	15	13 225	8	3.331
<i>bitch</i>	42	8 817	–	–
<i>blerrie</i>	16	13 220	32	2.057
<i>bliksem</i>	5	13 289	6	3.387
<i>bliksems</i>	27	13 136	–	–
<i>dêm</i>	28	13 120	–	–
<i>dêmmit</i>	19	13 213	26	2.194
<i>donder</i>	12	13 232	15	2.927
<i>doos</i>	6	13 279	16	2.903
<i>drol</i>	32	13 079	27	2.194
<i>etter</i>	39	8 832	42	1.806
<i>flippen</i>	21	13 205	–	–

⁴⁷ Die syfer in hierdie kolom toon die totaal van die drie produksieondersoekte (kyk Tabel 8).

<i>fok</i>	1	13 313	5	3.523
<i>fok tog</i>	37	8 840	10	3.161
<i>fokken</i>	2	13 308	7	3.370
<i>fokker</i>	18	13 213	13	3.030
<i>fokkit</i>	9	13 254	4	3.548
<i>fokkof</i>	17	13 214	3	3.558
<i>fokkol</i>	43	8 808	2	3.565
<i>fokkop</i>	25	13 149	1	3.710
<i>fuck</i>	22	13 202	22	2.516
<i>gat</i>	29	13 115	35	2.000
<i>god</i>	40	8 832	51	1.548
<i>hel</i>	11	13 241	43	1.758
<i>hoer</i>	23	13 200	33	2.016
<i>hol</i>	48	8 790	49	1.661
<i>idiot</i>	50	8 776	–	–
<i>jirre</i>	10	13 241	38	1.839
<i>jissus</i>	8	13 259	46	1.702
<i>ma se poes</i>	44	8 806	24	2.339
<i>kak</i>	3	13 308	17	2.855
<i>koek</i>	34	13 011	52	1.387
<i>kont</i>	14	13 230	25	2.290
<i>kots</i>	26	13 145	–	–
<i>magtig</i>	31	13 109	–	–
<i>moer</i>	7	13 268	11	3.065
<i>moerse</i>	30	13 109	12	3.065
<i>moerskont</i>	47	8 792	29	2.097
<i>naai</i>	20	13 205	34	2.000

<i>piel</i>	45	8 802	37	1.919
<i>poephol</i>	41	8 831	19	2.629
<i>poes</i>	4	13 304	28	2.145
<i>shit</i>	36	8 855	23	2.484
<i>stront</i>	13	13 231	20	2.581
<i>teef</i>	38	8 840	36	1.984
<i>tos</i>	49	8 782	47	1.694
<i>verdomp</i>	24	13 153	–	–
<i>wetter</i>	33	13 068	45	1.710

In Tabel 16 is daar 12 items in die top-50-produksieprototipes wat GVV-tellings van groter as 3 gekry het in Onderzoek 4 (die gekleurde selle in die laaste kolom dui hierdie items telkens aan): *befok, bliksem, fok, fok tog, fokken, fokker, fokkit, fokkof, fokkol, fokkop, moer, moerse*. Anders as wat 'n mens sou verwag, kom hierdie items (wat die respondente in Onderzoek 4 as die beste voorbeelde van Afrikaanse vloekwoorde beskou het) redelik verspreid in die top 50 van die produksieprototipes voor. Hierdie gegewens dui daarop dat daar nie op konvergerende resultate tussen al die ondersoeke staatgemaak kan word om die 50 prototipesste Afrikaanse taboewoorde te identifiseer nie. Verdere besinning hieroor volg in Afdeling 4.7.3.3.

3.7.2 Vergelykings van metodes

Aangesien hierdie studie ook ten doel het om 'n bruikbare metodologie vir die identifisering van prototipes (spesifiek in terme van taboewoorde) te ontwerp, is dit sinvol om bestek op te neem van die metodologiese voor- en nadele van elke ondersoek. By die metode van elke ondersoek is daar reeds telkens bespreek watter beperkings ter sprake is in terme van die betroubaarheid van die resultate (kyk Afdeling 3.2.1, 3.3.1, 3.4.1 en 3.6.1). Hierdie beperkings word voorts opsommenderwys aangebied, tesame met enkele voordelige (metodologiese) eienskappe (of sterk punte) van elke ondersoek.

Die tekortkominge by Onderzoek 1 is die volgende:

- Die steekproefgrootte (203 respondente) is nie verteenwoordigend van die breër Afrikaanse gemeenskap nie.
- Subjektiviteit speel 'n rol tydens data-analise by die isolasie van taboewoorde uit meerwoordresponse wat onduidelik afgebaken is.

Die sterk punte by Onderzoek 1 is die volgende:

- Die ondersoek is maklik uitvoerbaar, aangesien die vraelys baie eenvoudig is.
- Daar is min kans vir foutiewe interpretasie van die opdrag deur respondente.
- Hierdie ondersoek het die grootste aantal respondente betrek.

Onderzoek 2 se tekortkominge is die volgende:

- Die steekproefgrootte (95 respondente) is nie verteenwoordigend van die breër Afrikaanse gemeenskap nie.
- Die gekonstrueerde realiteit van hipotetiese situasies kan nie gelykgestel word aan die werklikheid nie.
- Subjektiviteit speel 'n rol tydens data-analise by die isolasie van taboewoorde uit meerwoordresponse.
- Die ondersoek het te veel veranderlikes (die verskillende interpretasies van hipotetiese situasies en emosies) wat gekontroleer moet word vir betroubaarheid.

Onderzoek 2 se sterk punt is die volgende:

- Die gekontekstualiseerde data kan nuttig wees vir kwalitatiewe interpretasies.

Onderzoek 3 se tekortkominge is die volgende:

- Die korpora is te klein om werklik tot klinkklare gevolgtrekkings te kom.⁴⁸
- 'n Gerieflikheidsteekproef is geneem.
- Slegs een annoteerder het besluite oor die taboebetekenisse van steekproefvoorbeelde geneem.
- Die data kan skeefgetrek word vanweë die insluiting in die lemmalys van woorde wat nie noodwendig taboebetekenisse het nie.

Ondersoek 3 se sterk punt is die volgende:

- Die korpora bestaan uit werklike taalgebruiksdata (en nie vraelysdata nie).

Ondersoek 4 se tekortkominge is die volgende:

- Die steekproefgrootte is nie verteenwoordigend van die breër Afrikaanse gemeenskap nie.
- Daar is 'n beperkte aantal taboewoorde getoets.

Ondersoek 4 se sterk punte is die volgende:

- Die persepsiedata kan dien as verifikasie vir produksiedata.
- Die ondersoek is maklik uitvoerbaar.

Uit die vergelykende uiteensetting is dit duidelik dat Ondersoek 1 en Ondersoek 4 die minste beperkings het, die minste deur die navorser beïnvloed word en die maklikste is om uit te voer. Van dié twee is Ondersoek 1 die eenvoudigste produksieondersoek om uit te voer, met min ruimte vir foutiewe interpretasie van die opdrag deur respondente. Ondersoek 1 het ook die meeste deelnemers gehad (203), en alhoewel dit steeds 'n klein steekproef is, is dit vir hierdie tipe (sensitiewe) taalondersoek 'n aansienlike aantal respondente (Beers Fägersten 2012:29

⁴⁸ Vergelyk die korpusgrootte wat Culpeper (2012) gebruik (2 biljoen items) teenoor die gekombineerde korpusgrootte (die NWU/Kommentaarkorpus en die NWU/Lapa-korpus) van 61 941 449 items wat in hierdie studie gebruik is.

het byvoorbeeld data van 269 respondente ingesamel vir 'n soortgelyke ondersoek). Onderzoek 1 word dus voorgehou as die effektiëste van hierdie vier metodes om prototipiese taboewoorde te identifiseer.

3.7.3 Vergelyking van ranglyste

3.7.3.1 Rangbevooroordeelde oorvleueling

Een van die maniere wat Carlini *et al.* (2018:6) voorstel vir die vereniging van resultate in prototipisiteitsondersoeke, is die gebruik van konvergerende resultate.⁴⁹ Dit is dus sinvol om 'n maatstaf te ondersoek wat kan aandui hoe konvergerend die resultate van die verskillende ondersoeke is. Rangbevooroordeelde oorvleueling ("Rank-biased overlap", voortaan RBO) is een so 'n maatstaf waarmee die mate van ooreenkoms (of oorvleueling) tussen twee ranglyste gemeet kan word (Webber *et al.* 2010:1).

Daar is drie redes waarom daar spesifiek op hierdie maatstaf besluit is. Eerstens is dit met RBO moontlik om onvolledige lyste (soos lyste met verskillende aantal range en items; kyk Tabel 17), sowel as lyste wat verskillende items bevat, te vergelyk. Aangesien al die items/tabooewoorde nie in al die ondersoeke teenwoordig is nie is RBO dus besonder geskik vir hierdie studie.

⁴⁹ Carlini *et al.* (2018:6) noem in hierdie verband: "[We] can simply consider the intersection of the sets of all the topmost prototypical examples in all of our metrics".

Tabel 17: Aantal items en range in onderskeie ondersoeke

	Aantal items in lys ⁵⁰	Aantal range in lys
Ondersoek 1	673	302
Ondersoek 2	146	27
Ondersoek 3⁵¹	157	155
Ondersoek 4	52	46

Die tweede rede het te make met die verband tussen prototipisiteit en die posisies van items in ranglyste. Aangesien van die veronderstelling uitgegaan word dat prototipiese lede van 'n kategorie struktureel meer gewig dra as periferiese lede, volg dit dan dat 'n sinvolle vergelyking van hierdie lyste in ag moet neem dat variasie hoër op in die lyste belangriker is as variasie onderaan die lyste (die boonste lede van die lyste is prototipieser as die onderste lede). Die RBO-berekening is spesifiek ontwerp om meer gewig toe te ken aan variasie boaan die lyste wat vergelyk word (Webber *et al.* 2010:2) en is daarom juis 'n gepaste maatstaf vir hierdie ondersoek.

Derdens laat die RBO-berekening toe dat lyste waarin daar verskeie items op dieselfde vlak is ("ties") ook hanteer kan word (Webber *et al.* 2010:23). Dit beteken dat elke ondersoek se totale aantal items, ongeag van die hoeveelheid vlakke en items wat op dieselfde vlak voorkom, voorts in hierdie RBO-berekeninge gebruik sal word.

⁵⁰ Om enige onduidelikheid te vermy, word die gebruik van "items" soos volg toegelig: Die eerste "item" in Ondersoek 1 se ranglys is die taboewoord *fok*.

⁵¹ Alhoewel daar na die boonste 200 soekterme in Ondersoek 3 gekyk is, is die getal in kolom 2 van Tabel 17 die aantal soekterme wat na afloop van die steekproewe wel taboebetekenisse bevat het. Van daardie 157 items is twee op dieselfde vlak/rang, en daarom is die aantal range in kolom 3, 155.

Tydens 'n RBO-berekening word daar van bo na onder aan elke rang gewigte toeken, wat bepaal hoe “belangrik” elke rang vir die berekening is. RBO is, soos reeds genoem, 'n maatstaf wat meer gewig aan die boonste range van die lys gee (i.e. dit is "top-weighted"), maar daar is 'n veranderlike “p” waarmee die posisionele konsentrasie van die gewigte beheer kan word. So byvoorbeeld word RBO gebruik om die trefslae van soektogte deur middel van verskillende soekenjins met mekaar te vergelyk (Webber *et al.* 2010:25; Roustant en Posse 2019:1). In só 'n geval gaan dit oor die resultate wat 'n soekenjin vertoon, en “p” kan dan aangepas word as 'n voorspelling vir wanneer die persoon wat soek, gaan ophou om na elke volgende resultaat te kyk (Roustant en Posse 2019:1). Die waarskynlikheid dat die soeker na die eerste opsie gaan kyk, is baie groot, en na die tweede een minder groot, tot op 'n punt waar daar bloot nie na die volgende resultate gekyk gaan word nie (vergeelyk Roustant en Posse 2019:1). Daarom is “p” se funksie om die boonste range meer te laat weeg as die onderste range, aangesien die oneindigende agterhoede (“infinite tail”) van die resultate eintlik byna weglaatbaar raak (Webber *et al.* 2010:16).

Om te bepaal wat “p” se waarde moet wees in hierdie ondersoek, is twee stappe gevolg. Eerstens is daar met behulp van grafieke (kyk Figuur 1, 2, 3 en 4) bepaal of en waar daar 'n duidelike afsnypunt in elke ondersoek se data is wat moontlik kan dui op die “kern” van die taboewoordkategorie (sodat die kern dan meer gewig kan dra as die perifere lede van die kategorie).

Figuur 1 toon 'n skerp afname ná die negende item in Onderzoek 1 se ranglys. In Onderzoek 2 is daar 'n baie groot verskil tussen die eerste en die tweede item, waarna die “helling” minder steil is en dit by die tiende item begin afplat (kyk Figuur 2). In Onderzoek 3 is daar 'n redelike groot verskil tussen die eerste drie items, waarna die verskille kleiner begin word en dan heelwat kleiner ná die dertiende item in die lys (kyk Figuur 3). Figuur 4 toon nêrens 'n baie duidelike afsnypunt nie (maar die waardes vir die resultate van die vierde ondersoek is almal tussen 1 en 4, wat die items dus reeds nader aan mekaar bring). Dit lyk dus nie of daar 'n presiese afsnypunt is wat vir almal dieselfde is nie, maar vir die eerste drie ondersoeke lê dit

min of meer by 10. Die kern van die taboewoordkategorie word dan vir praktiese doeleindes as 10 range voorgestel.⁵²

Die tweede stap is om te bepaal wat “p” se waarde moet wees, sodat variasie tussen die boonste 10 range van elke lys die meeste gewig moet dra. Gevolglik is “p” gelykgestel aan 0.9, aangesien Webber *et al.* (2010:21) aandui dat die eerste 10 range 85.6% van die gewig dra as $p = 0.9$.

Aangesien daar deurgaans in hierdie studie ’n top 50 vir elke ondersoek opgestel is, word “p” vir vergelykingsdoeleindes in ’n tweede stel berekeninge gelykgestel aan 0.97965. Hierdie waarde vir “p” hou in dat die eerste 50 range dan 85.6% van die gewig dra (dieselfde gewig as wat die eerste 10 range dra as $p = 0.9$). Die berekeninge vir die “p”-waardes is uitgevoer met ’n Pythonmodule wat in die openbare domein beskikbaar is.⁵³ Die volledige ranglyste van die onderskeie ondersoekte se resultate is voorberei in MS Excel deur elke ondersoek se resultate in ’n dalende rangorde (by implikasie dan in terme van dalende prototipisiteit) te plaas (met die funksie RANK.EQ). Hierdie lyse is toe as toevoer vir die genoemde Pythonmodule gebruik, wat die lyse met mekaar vergelyk het. In die volgende afdeling word die resultate kortliks bespreek.

3.7.3.2 Resultate

Die RBO-berekening gee ’n resultaat tussen 0 en 1. Indien twee lyse wat met mekaar vergelyk word heeltemal oorvleuel, sal die RBO-waarde gelyk wees aan 1. Indien die lyse heeltemal van mekaar verskil en geen ooreenkomste toon nie, sal die waarde 0 wees. Webber *et al.* (2010:26) toon aan dat ’n RBO-waarde van 0.25 rofweg vertaal as 25%-oorvleueling tussen die lyse wat met mekaar vergelyk word. Weens die feit dat RBO egter geskoei is op ’n waarskynlikheidsmodel is enige sodanige uitsprake wel slegs ’n aanduiding van die

⁵² Die “10” verwys dan spesifiek na range (eerder as items), en daar moet in ag geneem word dat baie items op dieselfde vlakke is vir van die ondersoekte (veral Onderzoek 2).

⁵³ Die Pythonmodule is beskikbaar by <https://github.com/dlukes/rbo>. Lukas van der Merwe, ’n rekenaarprogrammeerder, het die Pythonmodule geïmplementeer en ook die oorspronklike Pythonmodule aangepas om verskeie items op dieselfde rang te hanteer (volgens voorstelle in Webber *et al.* 2010:24).

waarskynlike mate van oorvleueling tussen lyste, indien die lyste oneindigend aangaan met dieselfde patroon van oorvleueling (Webber *et al.* 2010:17).

Die resultaat van 'n RBO-berekening gee drie waardes: 'n minimumwaarde, 'n geëkstrapoleerde waarde en 'n residuwaarde. Indien die minimumwaarde (resultaat) vir elke RBO-berekening gebruik word, is die waarde gebaseer slegs op inligting (die items in die lyste) wat beskikbaar is (Webber *et al.* 2010:21). Dit is egter nie sinvol om die minimum te bespreek nie, aangesien die minimumwaarde afhanklik is van die lengte van elke lys (Webber *et al.* 2010:18). Derhalwe meet die minimumwaarde die oorvleueling tot waar die kortste lys stop. Daarteenoor is die geëkstrapoleerde waarde 'n waarde wat 'n optimale oorvleueling vir die lyste voorspel (dus die beste moontlike oorvleueling gebaseer op die oorvleueling wat reeds in die lyste bestaan). Die residuwaarde is die verskil tussen die geëkstrapoleerde waarde en die minimumwaarde. Die waardes wat in Tabel 18 en Tabel 19 aangebied word, is die geëkstrapoleerde RBO-waardes (wat die eenvoudigste en nuttigste syfer is om vir 'n vergelyking tussen onvolledige lyste oor verslag te doen; vergelyk Webber *et al.* 2010:21).

Tabel 18: RBO-waardes ($p = 0.9$)

	Ondersoek 1	Ondersoek 2	Ondersoek 3	Ondersoek 4
Ondersoek 1				
Ondersoek 2	0.528			
Ondersoek 3	0.147	0.238		
Ondersoek 4	0.26	0.31	0.101	

Tabel 18 dui die mate van oorvleueling tussen die onderskeie ondersoeke aan met $p = 0.9$, wat beteken dat die **eerste 10 range** telkens 85.6% van die gewig van die range dra.

Tabel 19: RBO-waardes ($p = 0.979658$)

	Ondersoek 1	Ondersoek 2	Ondersoek 3	Ondersoek 4
Ondersoek 1				
Ondersoek 2	0.527			
Ondersoek 3	0.283	0.299		
Ondersoek 4	0.715	0.39	0.319	

Tabel 19 dui die mate van oorvleueling tussen die onderskeie ondersoeke aan met $p = 0.979658$ ⁵⁴, wat beteken dat die **eerste 50 range** telkens 85.6% van die gewig van die range dra.

3.7.3.3 Bespreking

Met die eerste oogopslag is dit opvallend dat die RBO-waardes vir al die vergelykings tussen die onderskeie ondersoeke hoër is wanneer $p = 0.979658$ as wanneer $p = 0.9$. Die enigste uitsondering is die resultate van die vergelykings tussen Ondersoek 1 en Ondersoek 2, waar die RBO-waarde byna dieselfde bly (0.528 as $p = 0.9$ en 0.527 as $p = 0.979658$). Daar is reeds 'n visuele aanduiding by Figuur 1 tot 3 dat die taboewoordkategorie (op grond van die resultate in hierdie studie) meer lede op die periferie van die top 50 het as in die kern (die top 10), aangesien die helling van die grafiek by al drie produksieondersoeke min of meer rondom die tiende posisie afplat. Daar is dan meer potensiaal vir oorvleueling tussen laer range. Die feit dat die RBO-waardes toeneem (en variasie tussen die ranglyste dus afneem) wanneer die evaluering verdiep (wanneer die gewig van die range meer eweredig oor die eerste 50 range versprei is), dui verder aan dat konvergerende resultate geredeliker sal voorkom by die metodes wat in hierdie studie gebruik is as daar na meer, eerder as na minder, lede van 'n kategorie gekyk word. Die gevolgtrekking is dat dit metodologies sinvol was om deurgaans in hierdie studie die top-50-woorde by elke ondersoek te identifiseer, eerder as net die top 10.

⁵⁴ Die presiese desimaal is gegee ter wille van akkuraatheid.

Die toename in RBO-waardes is veral opvallend by die vergelykings tussen Onderzoek 1 en Onderzoek 4. 'n Redelike mate van oorvleueling tussen hierdie twee ondersoeke is van meet af verwag, aangesien Onderzoek 4 se lysitems geselekteer is uit voorlopige topresultate van Onderzoek 1. Gevolglik is die items in die eerste 50 range min of meer dieselfde. Dit is egter baie interessant dat daar 'n opmerklike verskil tussen die mate van oorvleueling is wanneer die p-waarde verstel word. Wanneer die gewig van die range in die eerste 10 range gekonsentreer is ($p = 0.9$), is daar 'n RBO-waarde van 0.26. Indien dit dan rofweg vertaal word as 'n oorvleueling van 26% tussen die twee lysie, beteken dit dat daar heelwat variasie in die boonste 10 range voorkom (as gevolg van die feit dat die eerste 10 range 85.6% weeg). Daarteenoor is die RBO-waarde 0.715 as $p = 0.979658$, wat beteken daar is meer as drie keer meer oorvleueling tussen die lysie as die evaluering verdiep word en die gewig nie in die boonste range gekonsentreer is nie.

'n Eenvoudige interpretasie van hierdie verskil in die mate van oorvleueling tussen Onderzoek 1 ('n produksieonderzoek) en Onderzoek 4 ('n persepsieonderzoek) is dat daar 'n groter diskrepanse voorkom by die vergelyking van respondente se persepsie van taboewoorde met respondente se produksie daarvan as dit gaan oor die kern (eerder as die periferie) van die kategorie. Enersyds het dit te make met die feit dat die metodes wat gevolg is, heelwat van mekaar verskil (produksie teenoor persepsie). Andersyds was dit ook nie presies dieselfde groep respondente wat beide vraelyste ingevul het nie, wat ook 'n rol in hierdie variasie kan speel.

By die produksieonderseeke is Onderzoek 1 en Onderzoek 2 metodologies die naaste aan mekaar, aangesien beide data versamel deur middel van vraelyste, en aangesien beide die aanlyn respondente wat op vloek.co.za geregistreer is, betrek. Die oorvleueling ($RBO = 0.528$) tussen hierdie twee ondersoeke is inderdaad die hoogste as daar na Tabel 18 gekyk word, wat beteken dat die meeste oorvleueling in die boonste 10 range voorkom tussen Onderzoek 1 en Onderzoek 2. Dit is interessant dat hierdie oorvleueling nie toeneem wanneer die p-

waarde verstel word nie (die RBO-waarde bly in Tabel 19 basies onveranderd: 0.527) anders as by die ander drie ondersoeke se vergelykings met Onderzoek 1.

Hierdie gegewe beteken bloot dat die variasie tussen die boonste range van Onderzoek 1 en Onderzoek 2 dieselfde is as die variasie tussen die onderste range. Dit is in teenstelling met die tendens wat sigbaar is by die ander RBO-vergelykings, aangesien die RBO-waardes vir die vergelykings tussen onderskeidelik Onderzoek 1 en 3, en Onderzoek 1 en 4, groter is wanneer $p = 0.979658$ (as wat dit is wanneer $p = 0.9$).

Die feit dat die oorvleueling tussen Onderzoek 1 en Onderzoek 2 wel die beste is van al die vergelykings wanneer daar op die eerste 10 range gekonsentreer word, is tog belangrik. Dit kan aandui dat die metode van Onderzoek 2 gebruik kan word om meer te wete te kom oor die kern (of top 10) van die taboewoordkategorie (met ander woorde, as daar na minder, eerder as na meer, prototipes gesoek word).

Die RBO-waardes is telkens die kleinste wanneer dit om 'n vergelyking met Onderzoek 3 gaan. Onderzoek 3 is 'n korpusondersoek wat enersyds 'n beter weerspieëling van die werklikheid kan gee as die ander ondersoeke, aangesien die korpusdata informele taalgebruik insluit (en die data nie slegs response op vraelyste bevat nie). Andersyds is die aard van die korpora (en die interpretasie daarvan) ook sodanig dat dit tog, soos in Afdeling 4.4 genoem, skeefgetrekte data sal bevat. Dit is boonop nie vreemd dat vergelykings van die ander ondersoeke met Onderzoek 3 telkens in die laagste RBO-waardes resulteer nie, aangesien Onderzoek 3 die enigste ondersoek is wat nié met behulp van vraelyste uitgevoer is nie (en dus 'n heel ander steekproef en konteks betrek).

Uit die vergelykings van hierdie verskillende datastelle is dit nie moontlik om finale uitsprake te maak ten opsigte van die ideale metodes om navorsing oor prototipisiteit te doen nie (aangesien daar by al hierdie ondersoeke nie aanspraak gemaak kan word op statisties beduidende resultate nie). Daar is egter drie belangrike afleidings wat gemaak kan word:

- Eerstens neem al die RBO-waardes (met slegs een uitsondering) toe soos wat die evaluering minder gekonsentreerd raak in die boonste range (met ander woorde, daar vind meer oorvleueling plaas tussen die ranglyste as die gewig ewerediger verspreid is oor die eerste 50 range). Hierdie resultate is 'n duidelike aanduiding dat daar na meer (soos wat in hierdie studie gedoen is deur die fokus op die 50 prototipesste taboewoorde in te stel), eerder as na minder, kategorielede gekyk moet word om prototipes te identifiseer deur middel van konvergerende resultate.
- Tweedens kom die grootste mate van oorvleueling voor by die RBO-vergelyking tussen Onderzoek 1 en Onderzoek 4 wanneer die gewig van die range oor die eerste 50 range versprei is. Onderzoek 1 is dus die produksieonderzoek waarvan die resultate die beste ooreenstem met dié van die persepsieonderzoek. Dit bevestig dat hierdie twee ondersoeke waarskynlik die beste metodes (uit hierdie studie) is om te gebruik vir die identifisering (Onderzoek 1) en verifikasie (Onderzoek 4) van prototipes.
- Laastens is dit moontlik om, op grond van die RBO-waardes, te argumenteer dat 'n navorser bevestigingsvooroordeel moet probeer vermy deur nie slegs Onderzoek 1 en Onderzoek 4 (waar die meeste oorvleueling voorkom) uit te voer nie, juis omdat hierdie ondersoeke resultate oplewer wat baie met mekaar ooreenstem. Die praktiese keuse vir só 'n aanvullende ondersoek is 'n korpusonderzoek, aangesien groot hoeveelhede data – wat in korpora beskikbaar is – 'n breër konteks kan betrek. Onderzoek 3 ('n korpusonderzoek) is dus waardevol juis omdat dit 'n ander blik op die gebruik van taboewoorde bied. Toekomstige studies sal wel die korpusonderzoek wat in hierdie studie uitgevoer is, beter moet ontwerp, aangesien die lae ooreenkoms met Onderzoek 1 tog aandui dat die metode nie in hierdie studie goeie resultate oplewer het nie.

3.8 Samevatting

In hierdie hoofstuk is verslag gedoen oor vier ondersoeke wat uitgevoer is om prototipisiteit in die taboewoordkategorie te ondersoek. Die eerste drie ondersoeke is produksieondersoeke, met ander woorde, taboewoorde is op een of ander manier deur respondente geproduseer. In Afdeling 3.2 is Onderzoek 1 se metode en resultate bespreek. Hierdie ondersoek is uitgevoer deur middel van 'n vraelys op vloek.co.za waar respondente taboewoorde opgenoem het soos wat hulle aan die woorde gedink het. Die top 10 prototipiesste taboewoorde op grond van hierdie ondersoek se resultate is *fok*, *poes*, *bliksem*, *doos*, *kak*, *donder*, *kont*, *moer*, *naai* en *fokken* (kyk Tabel 2 se laaste drie kolomme en veral kolom 5 vir die res van die top 50).

'n Konteksryke vraelys wat hipotetiese situasies insluit, is ontwerp om Onderzoek 2 mee uit te voer (kyk Afdeling 3.3). In die resultate van hierdie ondersoek (kyk Tabel 5) is aangedui dat *fok* (in hierdie spesifieke steekproef) in die meeste situasies die maklikste geaktiveer word wanneer respondente om 'n vloekrespons gevra word. Die top 10 vir hierdie ondersoek is *fok*, *fokken*, *shit*, *kak*, *fokkit*, *bliksem*, *poes*, *fok tog*, *donder* en *doos*.

In Afdeling 3.4 is Onderzoek 3, 'n korpusondersoek, bespreek. Tydens hierdie ondersoek is daar op die NWU/Kommentaarkorpus en die NWU/Lapa-korpus se gerekenariseerde taaldata gesteun om te kyk watter Afrikaanse taboewoorde die hoogste voorkomingsfrekwensies in hierdie korpora het. Die aard van die korpora, en die feit dat slegs een persoon die steekproewe geannoteer het, het bepaald by hierdie resultate 'n rol gespeel, aangesien hierdie ondersoek se resultate (kyk Tabel 7) ooglopend verskil van die eerste twee ondersoeke. Reeds in die top 10 van hierdie ondersoek is daar ses taboewoorde wat nie in Onderzoek 1 of Onderzoek 2 se top 10 voorkom nie. Die top 10 taboewoorde vir Onderzoek 3 is *blanke*, *afrikaner*, *fokken*, *spul*, *swartes*, *kak*, *hel*, *fok*, *snert* en *poes*.

Slegs vier taboewoorde is in die top 10 van al drie die produksieondersoeke aangetref, naamlik *fok*, *poes*, *fokken* en *kak*. In Afdeling 3.5 is die resultate van die produksieondersoeke verenig. Hierdie vereniging (kyk Tabel 8) lewer 'n lys van 50 produksieprototipes, waarvan die

eerste 10 die volgende woorde is: *fok, fokken, kak, poes, bliksem, doos, moer, jissus, fokkit* en *jirre*.

Ondersoek 4, bespreek in Afdeling 3.6, is die enigste ondersoek in hierdie studie wat respondente se eie persepsie van die taboewoordkategorie ondersoek. Die resultate (kyk Tabel 15) dui aan dat taboewoorde wat *fok* as 'n basis bevat, beslis sentraal is in die taboewoordkategorie, aangesien daar in die top 10 taboewoorde slegs een taboewoord (*bliksem*) voorkom wat nie *fok* as 'n komponent bevat nie. Die top 10 prototipiese Afrikaanse taboewoorde op grond van die GVV-tellings is *fokkop, fokkol, fokkof, fokkit, fok, bliksem, fokken, befok, gefok* en *fok tog*.

In Afdeling 3.7 is verskeie sterk en swak punte van die onderskeie ondersoeke met mekaar vergelyk. RBO-berekeninge is gebruik om die resultate van die onderskeie ondersoeke met mekaar te vergelyk. Op grond van hierdie vergelykings is daar tot verskeie metodologiese insigte gekom. Eerstens is aangetoon dat metodes soos dié wat gevolg is in hierdie studie, inderdaad (soos in hierdie studie gedoen is) na meer, eerder as na minder lede van 'n kategorie moet kyk om prototipes te identifiseer. Tweedens is aangetoon dat Ondersoek 1 en Ondersoek 4 in hierdie ondersoek die betroubaarste resultate opgelewer het, enersyds vir die identifisering (Ondersoek 1), en andersyds vir die verifikasie (Ondersoek 4) van prototipiese Afrikaanse taboewoorde. Derdens is aangetoon dat Ondersoek 3 in hierdie studie die onbetroubaarste resultate gelewer het, maar dat 'n korpusondersoek soos Ondersoek 3 wel waardevol kan wees om 'n breër konteks by 'n soortgelyke studie te betrek.

Verder is daar uit die vergelykings bepaal dat al drie produksieondersoeke nie perfek met die persepsieondersoek ooreenstem nie, aangesien selfs die grootste ooreenstemming (tussen die top 50 van Ondersoek 1 en Ondersoek 4) nie naby aan die perfekte ooreenstemming (RBO-waarde van 1) is nie (vergelyk Tabel 19). Dit is enersyds 'n aanduiding dat daar 'n effense verskil tussen respondente se persepsie en hul produksie van taboewoorde is. Andersyds is dit ook 'n aanduiding dat daar beslis verskeie metodes gevolg moet word om prototipes te identifiseer, aangesien nie een van die ondersoeke in hierdie studie dieselfde resultate opgelewer het nie.

4. Slot

4.1 Samevatting

Ingevolge die Wet op Films en Publikasies (RSA 1996) is dit die Film- en Publikasieraad (FPR) se taak om publikasies in al die amptelike landstale op grond van onder andere taalgebruik te klassifiseer. In Hoofstuk 1 is geargumenteer dat hierdie klassifikasies problematies kan wees aangesien die klassifikasies nie wetenskaplik begrond is nie (anders as byvoorbeeld in die Britse uitsaaiwese; Ofcom 2016). 'n Oplossing hiervoor sou wees om alle Afrikaanse taboewoorde se taboewaardes empiries te meet, aangesien die taboewaarde van 'n woord tipies die impak van 'n woord op iemand (wat byvoorbeeld die woord in 'n film hoor) kan verteenwoordig. Só 'n omvattende taak is egter prakties onuitvoerbaar – nie net vanweë die omvang van so 'n ondersoek nie, maar veral vanweë die feit dat die vloekleksikon voortdurend verander. Derhalwe is die identifisering van die prototipiesste Afrikaanse taboewoorde as 'n nuttige wegspringplek in hierdie studie onderneem. Die ideaal sou wees dat verdere studies die resultate van hierdie studie komplementeer met empiries bewese taboewaardes.

Aangesien daar, tot op hede, geen metodologiese raamwerk vir die identifisering van prototipiese taboewoorde bestaan nie, is die oorhoofse navorsingsvraag in hierdie studie nie net wát die prototipiesste taboewoorde is nie, maar ook hóé om dit te bepaal. Ten einde hierdie oorhoofse vraag te beantwoord, is twee spesifieke navorsingsvrae vervolgens gevra:

1. Hoe moet die konsepte “taboewoord” en “prototipies” gedefinieer word om sodoende 'n operasionele metodologie te kan ontwerp vir die identifisering van die prototipiesste Afrikaanse taboewoorde?
2. Watter 50 Afrikaanse taboewoorde kan empiries geïdentifiseer word as die prototipiesste Afrikaanse taboewoorde?

Vier subvrae is onder (2) gevra:

- i. Watter 50 Afrikaanse taboewoorde word sonder kontekstualisering eerste en die frekwentste deur Afrikaanssprekende respondente skriftelik geproduseer?

- ii. Watter 50 Afrikaanse taboewoorde word met kontekstualisering die frekwentste deur Afrikaanssprekende respondente skriftelik geproduseer?
- iii. Watter 50 Afrikaanse taboewoorde kom die frekwentste in korpora voor?
- iv. Watter 50 Afrikaanse taboewoorde word in 'n goedheid-van-voorbeeld-vraelys deur Afrikaanssprekende respondente beoordeel as die beste voorbeelde van taboewoorde?

Die eerste navorsingsvraag is in Hoofstuk 2 aan die hand van 'n literatuurondersoek beantwoord. Ten einde vas te stel watter leksikale items geïdentifiseer moet word, is die konsep **taboewoord** soos volg geformuleer:

'n Taboewoord is enige woord wat in sommige kontekste vir verskillende mense 'n taboewaarde sal hê.

Daarbenewens is ses funksionele subkategorieë van die kategorie **taboewoord** ingesluit, naamlik **verswerings**, **swetse**, **skelwoorde**, **lasterings**, **vervloekings** (of **verwensings**), en **beledigings**. Die volgende semantiese domeine is ook ingesluit:

1. Die godsdienisdomein, byvoorbeeld *jirre*
2. Die seksuele domein (liggaamsdele en gedrag), byvoorbeeld *fok*
3. Die skatologiese domein, byvoorbeeld *kak*
4. Die natuurdomein, byvoorbeeld *bliksem*
5. Die dieredomein, byvoorbeeld *teef*
6. Die andersheidsdomein, byvoorbeeld die rassistiese *k¹-woord* en *moffie*
7. Die siektedomein, byvoorbeeld *pes*

In dieselfde hoofstuk is die konsep "prototipies" binne die raamwerk van Rosch (1975a) se prototipeteorie beskryf. 'n Prototipiese lid van 'n kategorie is gedefinieer as 'n sentrale lid van die kategorie wat verskeie (toetsbare en gradeerbare) eienskappe besit, soos onder andere dat die prototipiesste lede die frekwentste voorkom en die vinnigste geaktiveer word. Die volgende maatstawwe van prototipisiteit is geïdentifiseer om 'n operasionele raamwerk te skep vir die metodes wat uiteindelik in Hoofstuk 3 gevolg is:

- Markantheid
- Eenheidstatus vir die individu (’n geval van vestiging)
- Gekonvensionaliseerdheid in ’n gemeenskap (’n geval van vestiging)

Drie metodes om prototipes met behulp van produksietake te identifiseer, is vervolgens in Hoofstuk 3 beskryf:

- ’n Konteksvrye opnoem-opdrag (Ondersoek 1)
- ’n Gekontekstualiseerde vraelys met emosionele scenario’s as stimuli (Ondersoek 2)
- ’n Korpusondersoek (Ondersoek 3)

Daarbenewens is markantheid ook as ’n maatstaf vir ’n persepsieondersoek (Ondersoek 4) geïdentifiseer. Hierdie maatstawwe, in samehang met metodes wat reeds deur vloeknavorsers en/of kognitiewe wetenskaplikes gebruik is, is gebruik in die vier ondersoeke ter identifisering van die prototipesste Afrikaanse taboewoorde.

Ondersoek 1 is gebaseer op die feit dat prototipieser lede van ’n kategorie **markanter** is as minder prototipiese lede, en derhalwe eerste opgenoem sal word indien ’n respondent gevra word om lede uit ’n betrokke kategorie op te noem. Die tweede kolom in Tabel 20 toon die 50 prototipesste Afrikaanse taboewoorde (op grond van prototipisiteitstellings) soos dit voortgespruit het uit die response op die volgende vraag in ’n eenvoudige vraelys: “Tik in twee minute soveel Afrikaanse taboewoorde as wat jy kan”. Hierdie kolom dien dan as antwoord op die eerste subnavorsingsvraag.

Ondersoek 2 is geskoei op die uitgangspunt dat die stimulusvoorbereidingseffek van prototipes daartoe lei dat beter **gevestigde** lede van ’n kategorie geredeliker opgeroep word indien hulle kategoriernaam as voorbereidende stimulus gebruik word. In ’n vraelys is emosionele scenario’s (as konteks) geskets, en respondente is gevra om met ’n taboewoord (die voorbereidende stimulus in hierdie ondersoek) op die scenario te reageer. Die resulterende top-50-taboewoorde word gebied in kolom 3 van Tabel 20 en dien as die antwoord op die tweede subnavorsingsvraag.

Ondersoek 3 is uitgevoer as 'n korpusondersoek van die voorkomsvrekwensies van Afrikaanse taboewoorde. Die prototipisiteitsmaatstaf hier ter sprake is gekonvensionaliseerdheid in 'n spraakgemeenskap, wat 'n spesifieke geval van **vestiging** is. Frekwensies van 'n lemmalys van 3 877 taboewoorde is onttrek uit die NWU/Kommentaarkorpus 2.0 (VivA 2021b) en NWU/Lapa-korpus 1.5 (VivA 2021a). Die 50 taboewoorde met die hoogste voorkomsvrekwensies is in beide korpora geïdentifiseer. Vir meerduidige taboewoorde (soos byvoorbeeld *voë*) is gerieflikheidsteekproewe geneem om te beraam watter persentasie van die voorkomsvrekwensie werklik taboewoorde is. Die resultate van hierdie ondersoek word in kolom 4 van Tabel 20 aangebied, ook ter beantwoording van die derde subnavorsingsvraag.

Ondersoek 4 is die enigste ondersoek in hierdie studie wat die persepsies van respondente teenoor die prototipisiteit van taboewoorde toets. Hierdie ondersoek is ontwerp na die voorbeeld van Rosch (1975a) se aanvanklike goedheid-van-voorbeeld-eksperimente. Die uitgangspunt wat gevolg is, is dat prototipieser lede van 'n kategorie markanter as ander is, en derhalwe beter (tipieser) voorbeelde van daardie kategorie sal wees. Verder is daar ook van die veronderstelling dat volwassenes betroubare graderings aan kategorielede kan toeken op grond van voorbeeldagtigheid, uitgegaan. Vir dié doeleindes is 'n lys van taboewoorde saamgestel uit voorlopige resultate van Ondersoek 1. Hierdie lys is daarna vir respondente aangebied met die opdrag om telkens elke item op 'n skaal van 1 tot 4 te gradeer, waar 1 beteken "Hierdie woord is 'n minder goeie voorbeeld van 'n Afrikaanse taboewoord" en 4 beteken "Hierdie woord is 'n baie goeie voorbeeld van 'n Afrikaanse taboewoord". Die gemiddelde graderings van elke woord is gebruik om 'n top-50-taboewoorde saam te stel, soos te sien in kolom 5 van Tabel 20. Hierdie lys beantwoord ook die vierde subnavorsingsvraag.

In Afdeling 3.7 is vergelykings getref tussen die verskillende studies, enersyds ten opsigte van metodologiese suiwerheid, en andersyds ten opsigte van die resultate. Rangbevooroordeelde oorvleueling (RBO) is as 'n vergelykende maatstaf gebruik om telkens die mate van oorvleueling tussen die onderskeie ondersoeke se ranglyste te bereken. Eerstens is aangetoon dat die mate van oorvleueling tussen die ranglyste telkens beter is as die gewig

van die range meer eweredig versprei is oor die eerste 50 range, as wat die oorvleueling is wanneer die gewig van die range in die eerste 10 range gekonsentreer is. Hieruit is die afleiding gemaak dat 'n prototipisiteitsonderzoek soos hierdie meer, eerder as minder, lede van 'n kategorie moet oorweeg om konvergerende resultate te sien.

Tweedens is aangevoer dat Onderzoek 1 en Onderzoek 4 die beste konvergerende resultate vir hierdie studie gelewer het, aangesien die meeste oorvleueling in die ranglyste aangetref is wanneer die top 50 van Onderzoek 1 en die top 50 van Onderzoek 4 met mekaar vergelyk is. Die implikasie hiervan is dat hierdie twee ondersoekte se metodes voorgestel kan word vir toekomstige studies met soortgelyke navorsingsvrae.

Laastens is aangetoon dat die minste oorvleueling voorkom by 'n vergelyking waarvan Onderzoek 3 deel is. Daar is aangevoer dat 'n korpusonderzoek beter ontwerp sal moet word ten einde 'n optimale toevoeging tot hierdie tipe studie te wees.

As gevolg van die uiteenlopende aard van die ondersoekte, en omdat die RBO-vergelykings in Afdeling 3.7 nie op konvergerende resultate gedui het nie, kon die resultate nie bloot verenig word nie. Daar is aangevoer dat die ondersoek wat metodologies die suiwerste is en die grootste aantal deelnemers gehad het, naamlik Onderzoek 1, se top 50 die antwoord is op die hoofnavorsingsvraag. Die waarde van hierdie lys taboewoorde lê veral in die feit dat dit die eerste lys van prototipiese Afrikaanse taboewoorde is wat op grond van empiriese data geïdentifiseer is.

Tabel 20: Antwoorde op die navorsingsvrae

Rang	Onderzoek 1	Onderzoek 2	Onderzoek 3	Onderzoek 4
1.	<i>fok</i>	<i>fok</i>	<i>blanke</i>	<i>fokkop</i>
2.	<i>poes</i>	<i>fokken</i>	<i>afrikaner</i>	<i>fokkol</i>
3.	<i>bliksem</i>	<i>shit</i>	<i>fokken</i>	<i>fokkof</i>
4.	<i>doos</i>	<i>kak</i>	<i>spul</i>	<i>fokkit</i>
5.	<i>kak</i>	<i>fokkit</i>	<i>swartes</i>	<i>fok</i>

6.	<i>donder</i>	<i>bliksem</i>	<i>kak</i>	<i>bliksem</i>
7.	<i>kont</i>	<i>poes</i>	<i>hel</i>	<i>fokken</i>
8.	<i>moer</i>	<i>fok tog</i>	<i>fok</i>	<i>befok</i>
9.	<i>naai</i>	<i>donder</i>	<i>snert</i>	<i>gefok</i>
10.	<i>fokken</i>	<i>doos</i>	<i>poes</i>	<i>fok tog</i>
11.	<i>fokker</i>	<i>jissus</i>	<i>gatvol</i>	<i>moer</i>
12.	<i>hoer</i>	<i>jirre</i>	<i>dêm</i>	<i>moerse</i>
13.	<i>etter</i>	<i>for fuck's sake</i>	<i>mal</i>	<i>fokker</i>
14.	<i>poephol</i>	<i>moer</i>	<i>vrot</i>	<i>bliksemse</i>
15.	<i>piel</i>	<i>fuck</i>	<i>blank</i>	<i>donder</i>
16.	<i>drol</i>	<i>hel</i>	<i>flippen</i>	<i>doos</i>
17.	<i>slet</i>	<i>fokkof</i>	<i>bek</i>	<i>kak</i>
18.	<i>fokkit</i>	<i>god</i>	<i>swartmense</i>	<i>kakspul</i>
19.	<i>fokkof</i>	<i>bitch</i>	<i>verdomp</i>	<i>poephol</i>
20.	<i>jissus</i>	<i>teef</i>	<i>gek</i>	<i>stront</i>
21.	<i>moerskont</i>	<i>dêmmit</i>	<i>magtig</i>	<i>bekak</i>
22.	<i>naaier</i>	<i>kont</i>	<i>bors</i>	<i>fuck</i>
23.	<i>teef</i>	<i>jirre jissus</i>	<i>moerse</i>	<i>shit</i>
24.	<i>blerrie</i>	<i>donderse</i>	<i>slaggat</i>	<i>ma se poes</i>
25.	<i>shit</i>	<i>stront</i>	<i>bliksem</i>	<i>kont</i>
26.	<i>stront</i>	<i>befok</i>	<i>gat</i>	<i>dêmmit</i>
27.	<i>ma se poes</i>	<i>fokkop</i>	<i>verdomde</i>	<i>drol</i>
28.	<i>befok</i>	<i>idiot</i>	<i>suip</i>	<i>poes</i>
29.	<i>tos</i>	<i>bliksems</i>	<i>blerrie</i>	<i>moerskont</i>
30.	<i>k¹-woord</i>	<i>motherfucker</i>	<i>doos</i>	<i>slet</i>
31.	<i>hol</i>	<i>fucking</i>	<i>waaragtig</i>	<i>naaier</i>
32.	<i>fokkol</i>	<i>fokkie</i>	<i>moer</i>	<i>blerrie</i>

33.	<i>god</i>	<i>etter</i>	<i>jissus</i>	<i>hoer</i>
34.	<i>jirre</i>	<i>poephol</i>	<i>stront</i>	<i>naai</i>
35.	<i>fok tog</i>	<i>asshole</i>	<i>boud</i>	<i>gat</i>
36.	<i>gat</i>	<i>flippit</i>	<i>jirre</i>	<i>teef</i>
37.	<i>pis</i>	<i>shut the fuck up</i>	<i>lekker</i>	<i>piel</i>
38.	<i>wetter</i>	<i>sjarrap</i>	<i>befok</i>	<i>jirre</i>
39.	<i>fuck</i>	<i>fokker</i>	<i>naai</i>	<i>werfetter</i>
40.	<i>tril</i>	<i>blerrie</i>	<i>kots</i>	<i>poep</i>
41.	<i>dêmmmit</i>	<i>ma se poes</i>	<i>hoer</i>	<i>ballas</i>
42.	<i>fokkop</i>	<i>flippen</i>	<i>tiet</i>	<i>etter</i>
43.	<i>skyt</i>	<i>bliksemse</i>	<i>fokkol</i>	<i>hel</i>
44.	<i>asshole</i>	<i>fucked up</i>	<i>jis</i>	<i>tril</i>
45.	<i>moerse</i>	<i>dêm</i>	<i>deksels</i>	<i>wetter</i>
46.	<i>ballas</i>	<i>konte</i>	<i>fokkit</i>	<i>jissus</i>
47.	<i>bitch</i>	<i>hell</i>	<i>bediende</i>	<i>tos</i>
48.	<i>werfetter</i>	<i>kakhuis</i>	<i>dêmmmit</i>	<i>pis</i>
49.	<i>bekak</i>	<i>krisis</i>	<i>fokker</i>	<i>hol</i>
50.	<i>spyker</i>	<i>sherbet</i>	<i>neuk</i>	<i>skyt</i>

4.2 Toekomstige navorsing

In hierdie afdeling word aangedui watter toekomstige, verbandhoudende navorsing uitgevoer kan word. Eerstens word voorstelle in Afdeling 4.2.1 gemaak ter uitbreiding en aanvulling van hierdie studie se resultate en bevindings rakende prototipiese Afrikaanse taboewoorde. Daarna word daar in Afdeling 4.2.2 voorstelle gemaak hoe kennis oor spesifiek Afrikaanse taboewoorde uitgebrei kan word.

4.2.1 Prototipisiteit

Geen van die metodes in die studie is ontwerp om statisties betekenisvol te wees nie. 'n Waardevolle uitbreiding van hierdie studie sou dus wees om die metodes aan te pas en groter steekproewe te neem, ten einde 'n meer betroubare en vollediger beeld van 'n groter Afrikaanssprekende gemeenskap te kan bied.

Daar is ook in hierdie studie slegs drie maatstawwe van prototipisiteit ondersoek. Verskeie ander prototipisiteitsmaatstawwe kan ter verifikasie en aanvulling van die data getoets word:

- Verifikasiespoed (in terme van die herkenning van lede van 'n kategorie) word tipies in die psigolinguistiek bestudeer. 'n Ondersoek kan uitgevoer word wat die tyd meet wat 'n respondent neem om aan te toon dat 'n spesifieke woord aan die taboewoordkategorie behoort.
- Aktiveringstyd word ook tipies in die psigolinguistiek bestudeer. 'n Ondersoek kan uitgevoer word wat die tyd meet wat 'n respondent neem om telkens 'n lid van die taboewoordkategorie op te noem.⁵⁵
- Gemak van aanleer is 'n eienskap van prototipisiteit wat in terme van taboewoorde moeilik getoets sal kan word, aangesien ons enersyds nie toepaslike Afrikaanse aanleerders- of kindertaaldata het nie, en omdat daar andersyds ook etiese implikasies sal wees vir die insameling van sulke data wat taboewoorde bevat.

4.2.2 Afrikaanse taboewoorde

Alhoewel dit uit die literatuuroorsig duidelik is dat daar reeds deeglike linguistiese studies oor Afrikaanse taboewoorde uitgevoer is, is daar deur die loop van hierdie studie enkele leemtes opgemerk wat toekomstige navorsing kan vul:

- Die bestaande vakliteratuur oor die semantiese inhoud en die funksionele karakter van taboewoorde is grotendeels verouderd. 'n Bywerking van hierdie tipe navorsing met

⁵⁵ Dit is soortgelyk aan Ondersoek 1, maar deur spesifiek te fokus op tyd, eerder as op posisie in 'n geskrewe respons.

behulp van empiriese metodes sal nie net vir die beskrywende taalkunde waardevol wees nie, maar ook vir die konsekwente hantering van taboewoorde in woordeboeke.

- In die top-50-taboewoorde van Onderzoek 1 is vier Engelse taboewoorde aanwesig: *fuck, shit, bitch* en *asshole*. In die top 50 van Onderzoek 2, waar hipotetiese situasies as emosionele stimuli gebruik is om taboewoorde te ontlok, is 10 Engelse taboewoorde aanwesig. Verdere navorsing is nodig om te verklaar waarom daar so 'n relatief groot diskrepansie tussen twee produksieonderseoeke is.

Verder is daar demografiese inligting wat nie in hierdie studie gebruik is nie. Die demografiese inligting van die respondente kan maklik ontgin word om verskillende verbande te ondersoek, byvoorbeeld:

- Is daar 'n verband tussen genderidentiteit en die prototipisiteit van taboewoorde?
- Is daar 'n verband tussen geografiese ligging en die prototipisiteit van taboewoorde?
- Is daar 'n verband tussen ouderdom en die prototipisiteit van taboewoorde?
- Is daar 'n verband tussen geloofsoortuiging en die prototipisiteit van taboewoorde?
- Is daar 'n verband tussen opleidingsvlak en die prototipisiteit van taboewoorde?

In die probleemstelling (Afdeling 1.3) van hierdie ondersoek is aangedui dat 'n lys van prototipiese Afrikaanse taboewoorde ook liefs van taboewaardes wat empiries bepaal is, voorsien moet word. Só 'n lys sal uiteindelik 'n bruikbare bron vir die FPR kan wees om die konsekwente gradering van publikasies te ondersteun. Aangesien hierdie studie se skopus beperk is tot prototipisiteit, is die taboewaardes van taboewoorde nie gemeet nie. 'n Volledige ondersoek om die prototipiese taboewoorde in Afrikaans te gradeer in terme van taboewaardes sal 'n waardevolle komplement vir hierdie studie wees. Aangesien taboewaardes van taboewoorde met verloop van tyd kan verander, is dit belangrik dat sulke ondersoeke met gereelde tussenposes (byvoorbeeld elke vyf jaar) herhaal moet word.

Bronnelys

Allan, K. 2018. Taboo words and language: an overview. In: Allan, K. (ed.). *Oxford handbook of taboo words and language*. Oxford: Oxford University Press, pp. 1-27.

Allan, K. & Burridge, K. 2006. *Forbidden words: taboo and the censoring of language*. Cambridge, UK: Cambridge University Press.

Awasthi, A.K. & Kumar, V. 2022. Behavioural consequences of verbally expressed and unexpressed customer rage emotions. *Journal of Consumer Marketing* 39(1):133-144. DOI: <https://doi-org.uplib.idm.oclc.org/10.1108/JCM-08-2020-4024>.

Atkinson, A.P. & Adolphs, R. 2005. Visual emotion perception: mechanisms and processes. In: Barrett, L.F., Niedenthal, P.M. & Winkielman, P. (eds). *Emotion and Consciousness*. New York: Guilford Press, pp. 150-183.

Bailey, L.A. & Timm, L.A. 1976. More on women's – and men's – expletives. *Anthropological Linguistics* 18(9):438–449.

Battig, W.F. & Montague, W.E. 1969. Category norms of verbal items in 56 categories: a replication and extension of the Connecticut category norms. *Journal of Experimental Psychology* 80(3):1-46. <https://philpapers.org/rec/BATCNO>.

Bednarek, M. 2009. Emotion talk and emotional talk: cognitive and discursive perspectives. In: Pishwa, H. (ed.). *Language and social cognition: expression of the social mind*. Berlin: Mouton de Gruyter, pp. 395-432.

Beers Fägersten, K. 2000. *A descriptive analysis of the social functions of swearing in American English*. PhD thesis. University of Florida.

Beers Fägersten, K. 2007. Swear word offensiveness. *Saarland Working Papers in Linguistics (SWPL)* (1):14-37. <https://publikationen.sulb.uni-saarland.de/handle/20.500.11880/23550>.

Beers Fägersten, K. 2012. *Who's swearing now*. Newcastle: Cambridge Scholars Publishing.

Beers Fägersten, K. & Stapleton, K. 2017. Introduction: swearing research as variations on a theme. In: Beers Fägersten, K. & Stapleton, K. (eds). *Advances in swearing research: new languages and new contexts*. Amsterdam: John Benjamins Publishing Company, pp. 1-15.

Bergen, B.K. 2016. *What the f: what swearing reveals about our language, our brains, and ourselves*. New York, NY: Basic Books.

Buro van die WAT. 1961. *Woordeboek van die Afrikaanse taal (WAT)*. Stellenbosch: Buro van die WAT. <https://viva-afrikaans.org/>.

Byrne, E. 2017. Impolite society. *RSA Journal* 14(1):24-27.
<https://uplib.idm.oclc.org/login?url=https://www.jstor.org/stable/26798390>.

Calitz, F.C. 1979. *Spot, skel en verwante verskynsels in Afrikaans*. Doktorale proefskrif. Universiteit van Stellenbosch.

Carlini, N., Erlingsson, U. & Papernot, N. 2018. Prototypical examples in deep learning: metrics, characteristics, and utility. *International Conference on Learning Representations*. New Orleans, LA. <https://openreview.net/forum?id=r1xyx3R9tQ>.

Carstens, W.A.M. 2011 [1989]. *Norme vir Afrikaans: enkele riglyne by die gebruik van Afrikaans*. Vyfde uitgawe. Pretoria: Van Schaik.

Crystal, D. 2005. *How language works*. London: Penguin.

Crystal, D. 2011. *Internet linguistics: a student guide*. Abingdon, Oxon: Routledge.

Culpeper, J. 2012. The metalanguage of impoliteness: using sketch engine to explore the Oxford English Corpus. In: Baker, P. (ed.). *Contemporary Corpus Linguistics*. London: Bloomsbury Publishing Plc, pp. 64-86.

Daelemans, W., Groenewald, H.J. & Van Huyssteen, G.B. 2009. Prototype-based active learning for lemmatization. *International Conference of Recent Advances in Natural Language Processing (RANLP)*:65-70.

<https://gerhard.pro/publications/daelemansgroenewaldvanhuyssteen2009/>.

Dekker, L. 1991. Vloek, skel en vulgariteit: hantering van sosiolinguisties aanstootlike leksikale items. *Lexikos* 1(1):53-60.

<https://www.ajol.info/index.php/lex/article/view/146810>.

Dewaele, J. 2016. Thirty shades of offensiveness: L1 and Lx English users' understanding, perception and self-reported use of negative emotion-laden words. *Journal of Pragmatics* 94:112–127. <https://psycnet.apa.org/record/2016-12821-010>.

Donahoo, S.A., Pfeifer, V. & Lai, V.T. 2022. Cursed concepts: new insights on combinatorial processing from ERP correlates of swearing in context. *Brain and Language* 226, Article No. 105079:1-10.

<https://www.sciencedirect.com/science/article/abs/pii/S0093934X22000098>.

Eiselen, R. & Van Huyssteen, G.B. 2021. Using ordinal logistic regression to analyse self-reported usage of, and attitudes towards swearwords. *Proceedings of the International Conference of the Digital Humanities Association of Southern Africa 2021*. <https://upjournals.up.ac.za/index.php/dhasa/article/view/3861>.

Evans, V. & Green, M. 2006. *Cognitive linguistics: an introduction*. Edinburgh: Edinburgh University Press.

Feinauer, A.E. 1981. *Die taalkundige gedrag van vloekwoorde in Afrikaans*. Magisterverhandeling. Universiteit van Stellenbosch.

Film- en Publikasieraad (FPR). 2022. Classification guidelines for the classification of films, interactive computer games and certain publications. *Government gazette* (46649), No. 2281:15-54. Reviewed 1 July 2022.

Film- en Publikasieraad (FPR). 2021. *Annual report 2020/21*.

<https://www.fpb.org.za/about/annual-reports/>.

Film- en Publikasieraad (FPR). 2018. *Annual report 2017/18*.

<https://www.fpb.org.za/about/annual-reports/>.

Film- en Publikasieraad (FPR). s.a.a. Frequently asked questions. *Film and Publication Board*. <https://www.fpb.org.za/faqs/>.

Film- en Publikasieraad (FPR). s.a.b. Ratings. *Film and Publication Board*.

<https://www.fpb.org.za/ratings/>.

Geeraerts, D. 2006. *Words and other wonders: papers on lexical and semantic topics*. Berlin: Mouton de Gruyter.

Geeraerts, D. 2010. *Theories of lexical semantics: a cognitive perspective*. Oxford: Oxford University Press.

Hampton, J.A. 2016. Categories, prototypes, and exemplars. In: Reimer, N. (ed.). *Routledge handbook of semantics*. New York, NY: Routledge, pp. 125-141.

Jay, T. 1981. Comprehending dirty-word descriptions. *Language and Speech* 14(1):29-40. DOI:

<https://journals.sagepub.com/doi/abs/10.1177/002383098102400102?journalCode=asa>.

Jay, T. 1992. *Cursing in America: a psycholinguistic study of dirty language in the courts, in the movies, in the schoolyards and on the streets*. Philadelphia: John Benjamins Publishing Company.

Jay, T. 2000. *Why we curse: a neuro-psycho-social theory of speech*. Philadelphia: John Benjamins Publishing Company.

Jay, T. 2018. The psychology of expressing and interpreting linguistic taboos. In: Allan, K. (ed.). *The Oxford handbook of taboo words and language*. Online

publication: Oxford University Press. <https://academic.oup.com/edited-volume/27980/chapter/211656650>.

Jay, T. 2020. Ten issues facing taboo word scholars. In: Nassenstein, N & Storch, A. (eds). *Swearing and cursing: contexts and practices in a critical linguistic perspective*. Berlin, Boston: De Gruyter Mouton, pp. 37-52. <https://doi.org/10.1515/9781501511202-002>.

Jay, T. & Janschewitz, K. 2008. The pragmatics of swearing. *Journal of Politeness Research* 4:267-288. <https://www.semanticscholar.org/paper/The-pragmatics-of-swearing-Jay-Janschewitz/a5d6bf861794fcc0b8a6f82293bc502455570e44>.

Jones, W.P. & Loe, S.A. 2013. Optimal number of questionnaire response categories. *SAGE Open* 3(2). DOI: <https://journals.sagepub.com/doi/10.1177/2158244013489691>.

Labov, W. 1972. *Sociolinguistic patterns*. Philadelphia: University of Pennsylvania.

Langacker, R.W. 2008. *Cognitive grammar: a basic introduction*. New York, NY: Oxford.

Lavrakas, P.J. 2008. *Encyclopedia of survey research methods*. Thousand Oaks, CA: Sage Publications. Volumes 1-0. DOI: <https://dx.doi.org/10.4135/9781412963947>.

Liebenberg, H., Lubbe, J., Cloete, A., Jordaan, A. & Van Wyk, G. 2003. *Etimologiewoordeboek van Afrikaans (EWA)*. Stellenbosch: Buro van die Woordeboek van die Afrikaanse Taal.

Love, R. 2021. Swearing in informal spoken English: 1990s–2010s. *Text & Talk* 41(5-6):739-762. DOI: <https://www.degruyter.com/document/doi/10.1515/text-2020-0051/html?lang=en>.

Lubbe, H.J. 1970. *Die eufemisme in Afrikaans*. Doktorale proefskrif. Bloemfontein: Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

Luther, J., Pheiffer, F. & Gouws, R.H. 2015. *Handwoordeboek van die Afrikaanse taal (HAT)*. Sesde uitgawe. Kaapstad: Pearson.

Lyons, J. 1977. *Semantics: volume 1*. Cambridge: Cambridge University Press.

Maiese, M. 2011. *Embodiment, emotion, and cognition*. Hampshire: Palgrave Macmillan.

Maydeu-Olivares, A., Kramp, U., García-Forero, C., Gallardo-Pujol, D. & Coffman, D. 2009. The effect of varying the number of response alternatives in rating scales: experimental evidence from intra-individual effects. *Behavior Research Methods* 41(2):295-308. <https://link.springer.com/article/10.3758/BRM.41.2.295>.

Mohr, M. 2013. *Holy shit! A brief history of swearing*. New York, NY: Oxford University Press.

Montagu, A. 1967. *The anatomy of swearing*. Philadelphia, PA: University of Pennsylvania Press.

Mouton, J. & Marais, H.C. 1990 [1985]. *Basiese begrippe: metodologie van die geesteswetenskappe*. Pretoria: RGN-uitgewers.

Murphy, M.L. 2010. *Lexical meaning*. Cambridge: Cambridge University Press.

Odendal, F.F. & Gouws, R.H. 2000. *Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal (HAT)*. Vierde uitgawe. Perskor.

Odendal, F.F. & Gouws, R.H. 2009. *Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal (HAT)*. Vyfde uitgawe. Kaapstad: Pearson Education.

Ofcom. 2016. *Attitudes to potentially offensive language and gestures on TV and radio*. London: Ipsos MORI. <https://www.ipsos.com/en-uk/attitudes-potentially-offensive-language-tv-and-radio>.

- Otto, A. 2017. Sociolinguistiek. In: Carstens, W.A.M. & Bosman, N. (reds). *Kontemporêre Afrikaanse taalkunde*. Pretoria: Van Schaik.
- Park, A., Ickes, W. & Robinson, R.L. 2014. More f#!%ing rudeness: reliable personality predictors of verbal rudeness and other ugly confrontational behaviors. *Journal of Aggression, Conflict and Peace Research* 6(1):26-43. DOI: <https://www.emerald.com/insight/content/doi/10.1108/JACPR-04-2013-0009/full/html>.
- Pinker, S. 2007. *The language instinct*. New York, NY: Harper Perennial.
- Rathje, M. 2014. Attitudes to Danish swearwords and abusive terms in two generations. In: Rathje, M. (ed.). *Swearing in the Nordic countries*. Dansk Sprognævn, Sprognævnets konferenceserie, 2:37-61. <https://www.semanticscholar.org/paper/Attitudes-to-Danish-swearwords-and-abusive-terms-in-Rathje/bab66f96aa1be7ee87e82081ef6bd356757bcd45>.
- Republiek van Suid-Afrika (RSA). 1996. Film and publication act. *Government Gazette* 377(17560), No. 65 of 1996. Cape Town: Government Printers.
- Rosch, E. 1973. Natural categories. *Cognitive Psychology* 4:328-350. <https://www-sciencedirect-com.uplib.idm.oclc.org/science/article/pii/0010028573900170>.
- Rosch, E. 1975a. Cognitive representations of semantic categories. *Journal of Experimental Psychology: General* 104(3):192-233. <https://psycnet.apa.org/record/1976-00172-001>.
- Rosch, E. 1975b. The nature of mental codes for color categories. *Journal of Experimental Psychology: Human Perception and Performance* 1(4):303-322. <https://psycnet.apa.org/record/1976-06181-001>.
- Roustant, B. & Posse, C. 2019. *Asymmetric rank-biased overlap*. Patented: United States. Francisco, CA, US. Patent number: 20190361985. <https://www.freepatentsonline.com/y2019/0361985.html>.

Smith, E.R. & Mackie, D.M. 2016. Intergroup emotions. In: Barrett, L.F., Lewis, M. & Haviland-Jones, J.M. (eds). *Handbook of emotions*. Fourth edition. New York: Guilford Press, pp. 428-439.

Staley, C.M. 1978. Male-female use of expletives: a heck of a difference in expectations. *Anthropological Linguistics* 20(8):367-380.
<https://www.jstor.org/stable/30027419>.

Stephens, R. & Zile, A. 2017. Does emotional arousal influence swearing fluency? *Journal of Psycholinguistic Research* 46(4):983-995.
<https://link.springer.com/article/10.1007/s10936-016-9473-8#:~:text=It%20follows%20from%20this%20analysis,arousal%20may%20facilitate%20swearing%20fluency>.

Stone, T.E. & Hazelton, M. 2008. An overview of swearing and its impact on mental health nursing practice. *International Journal of Mental Health Nursing* 17:208-214.
<https://pubmed.ncbi.nlm.nih.gov/18460082/>.

Taylor, J.R. 2008. Prototypes in cognitive linguistics. In: Robinson, P. & Ellis, N.C. (eds). *Handbook of cognitive linguistics and second language acquisition*. New York/London: Routledge, pp. 39-65.

Van der Walt, A. 2019. *Linguistiese eienskappe en konvensionalisering in Zefrikaans op die WatKykJy?-blog: 'n korpuslinguistiese ondersoek*. Magisterverhandeling. Potchefstroom: NWU.

Van Huyssteen, G.B. 1995. *'n Kognitief-pragmatiese perspektief op seksuele uitdrukkings in Afrikaans*. Magisterverhandeling. Universiteit van Pretoria.

Van Huyssteen, G.B. 1996. The sexist nature of sexual expressions in Afrikaans. *Literator* 17(3):119-136. <https://literator.org.za/index.php/literator/article/view/625>.

Van Huyssteen, G.B. 1998. Leksikografiese hantering van seksuele uitdrukkings in Afrikaans. *South African Journal of Linguistics* 16(2):63-71. DOI:
<http://www.tandfonline.com/doi/pdf/10.1080/10118063.1998.9724137>.

Van Huyssteen, G.B. 2000. *Die reduplikasiekonstruksie in Afrikaans: enkele aspekte van 'n kognitiewe gebruiksgebaseerde beskrywingsmodel vir Afrikaans*. Doktorale proefskrif. PU vir CHO.

Van Huyssteen, G.B. 2021. Swearing in South Africa: multidisciplinary research on language taboos. *Proceedings of the International Conference of the Digital Humanities Association of Southern Africa 2021*.
<https://gerhard.pro/publications/vanhuyssteen2021a/>.

Van Huyssteen, G.B. & Eiselen, R. 2021. Oor feekse en helleveë. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 61(4-1):1129-1155. DOI:
<https://journals.co.za/doi/abs/10.17159/2224-7912/2021/v61n4-1a9>.

Van Niekerk, A. & Olivier, J. 2017. Pragmatiek. In: Carstens, W.A.M. & Bosman, N. (reds). *Kontemporêre Afrikaanse taalkunde*. Pretoria: Van Schaik.

Van Nierop, L. 2016. *Daar doer in die fliel*. Pretoria: Protea Boekhuis.

Van Sterkenburg, P.G.J. 2001 [1997]. *Vloeken: een cultuurbepaalde reaksie op woede, irritasie en frustrasie*. Tweede uitgawe. The Hague: Sdu Standaard.

Virtuele Instituut vir Afrikaans (VivA). 2021a. Korpusportaal: Omvattend 1.11.
<http://viva-afrikaans.org>.

Virtuele Instituut vir Afrikaans (VivA). 2021b. Korpusportaal: Eksklusief 1.12.
<http://viva-afrikaans.org>.

Virtuele Instituut vir Afrikaans (VivA). 2022a. Korpusportaal: Omvattend 1.11.
<http://viva-afrikaans.org>.

Virtuele Instituut vir Afrikaans (VivA). 2022b. Korpusportaal: Eksklusief 1.12.
<http://viva-afrikaans.org>.

Webber, W., Moffat, A. & Zobel, J. 2010. A similarity measure for indefinite rankings. *ACM transactions on information systems* 28(4), Article No. 20:1-38. DOI: <https://doi.org/10.1145/1852102.1852106>.

Wood, D., Harms, P.D., Lowman, G.H. & DeSimone, J.A. 2017. Response speed and response consistency as mutually validating indicators of data quality in online samples. *Social Psychological and Personality Science* 8(4):454-464. DOI: <https://journals.sagepub.com/doi/abs/10.1177/1948550617703168>.

Ziegele, M., Weber, M., Quiring, O. & Breiner, T. 2018. The dynamics of online news discussions: effects of news articles and reader comments on users' involvement, willingness to participate, and the civility of their contributions. *Information, Communication, & Society* 21(10):1419-1435. DOI: <https://www.tandfonline.com/doi/abs/10.1080/1369118X.2017.1324505>.

Bylaag A

Emosie	Luidheid	Hipotetiese situasie	Opdrag
Woede (1)	Hard	<p>Restaurantkelner:</p> <p>Dis elfuur in die aand. 'n Klant vererg haar, omdat sy nie nog 'n bottel wyn mag bestel nie. Sy snou jou 'n paar ongeskikte woorde toe en storm by die deur uit sonder om te betaal.</p>	<p>Jy roep hardop uit:</p>
Woede (2)	Sag	<p>Kantoorwerker:</p> <p>Dit is Maandag, en daar is alwéér drama op kantoor. Die gekerm en gekla van jou kollegas dryf jou tot raserny. Jy besluit om liever 'n koffie te gaan koop as om daarna te luister.</p>	<p>Jy sê saggies vir jouself:</p>
Afgryse (1)	Sag	<p>Kinderoppasser:</p> <p>Jy pas jou beste vriendin se eersteling op. Maar nou hang daar 'n grillerige reukie in die lug ... Jy begin sy vuil doek omruil, en net daar tref 'n warm straaltjie jou vierkantig in die gesig.</p>	<p>Jy sê saggies vir jouself:</p>
Afgryse (2)	Hard	<p>Partytjieganger:</p> <p>Jy is by 'n Meksikaanse partytjie vir 'n vriend se verjaarsdag. Hy moet kort-kort 'n tequila wegslaan, en jy kan sien hy is lankal verby sy kwota. Hy gryp skielik jou rugsak en raak ontslae van die nacho's wat hy 'n halfuur gelede geëet het.</p>	<p>Jy roep hardop uit:</p>

Gruwel (1)		<p>Netflix-kyker:</p> <p>Jy is nie 'n groot aanhanger van gruwelfilms nie, maar jy voel jy moet tog die nuwe film op Netflix kyk waaroor almal so gaande is. Jy klik op “Speel”, en binne minute is jou skerm gevul met die bloed en binnegoed van skreeulelike gedrogte.</p>	<p>Jy sê saggies vir jouself</p>
Gruwel (2)	Hard	<p>Wandelaar:</p> <p>Dis Sondagmiddag, en jy gaan stap in jou buurt se strate. Soos jy om die hoek van die straat kom, sien jy 'n afvlerkduifie oor die pad sukkel. 'n Kar kom aangejaag, en jy besef jy kan niks doen nie.</p>	<p>Jy roep hardop uit:</p>
Vrees (1)	Sag	<p>Vroegopstaner:</p> <p>Dit is 05:00, en almal in die huis slaap nog. Nog deur die slaap en sonder om die kombuislig aan te sit, skakel jy die koffiemasjien aan. Soos jy in die donker rondtas vir 'n koppie, raak jou hand skielik aan iets harigs ...</p>	<p>Jy sê saggies jouself:</p>
Vrees (2)	Hard	<p>Rekspringer:</p> <p>Jy en 'n groep vriende staan op die puntjie om van 'n brug af te rekspring (“bungee jump”). Jou bene raak al lammer en lammer.</p>	<p>Jy roep hardop uit:</p>
Verrassing (1)	Hard	<p>Sportentoesias:</p> <p>Jy kyk die rugby-eindstryd saam met jou vriende. Met tien sekondes speelyd oor, teken jou span die wenpunte aan.</p>	<p>Jy roep hardop uit:</p>

Verrassing (2)	Sag	Kantoorwerker: Jy sit in jou kantoor, verdiep in jou werk. Skielik praat 'n kollega agter jou.	Jy sê saggies vir jouself:
Angs (1)	Sag	Motorbestuurder: Jy ry teen 'n redelike hoë spoed in jou motor. Honderd meter van die robot af word die lig skielik oranje. Jy dink nie jy gaan vinnig genoeg kan stop nie.	Jy sê saggies vir jouself:
Angs (2)	Hard	Reisiger: Jy en twee kollegas is op pad lughawe toe. Jou kar gaan staan skielik langs die pad. Jy besef julle gaan waarskynlik julle internasionale vlug verpas.	Jy roep hardop uit:
Verwarring (1)	Hard	Toeris: Jy is deel van 'n informele groep toeriste in China. Julle probeer die naaste stasie vind. Een iemand sê julle moet dié kant toe loop, 'n ander ene sê daardie kant toe; almal het 'n eie mening.	Jy roep hardop uit:
Verwarring (2)	Sag	Paspoortaansoeker: Jy is op pad Departement van Binnelandse Sake toe om vir 'n paspoort aansoek te doen. Jy kry egter glad nie die ID-foto's wat jy net gister laat neem het nie.	Jy sê saggies vir jouself:

Bylaag B

Goedheid-van-voorbeeld-vraelys

Kom ons praat eers oor troeteldiere. **Wat is die beste voorbeeld van 'n troeteldier?**

As jy dié vraag vir baie mense gaan vra, gaan jy waarskynlik agterkom dat die meeste mense **katte** en **honde** sal sê, minder mense sal **hamsters** en **papegaaie** noem, terwyl baie min mense waarskynlik **koggelmander** en **spinnekop** sal kies. Al hierdie diere is wel voorbeelde van die kategorie TROETELDIER, maar sommige is prototipieser voorbeelde as ander.

As jy 'n Spanjaard Afrikaans leer praat, gaan jy dus waarskynlik eers vir haar die woorde **kat** en **hond** leer, en veel later eers **koggelmander** en **spinnekop**.

Ons is op soek na daardie **Afrikaanse vloekwoorde** wat jy eerste vir jou Spaanse vriend gaan leer. Ons wil dus bepaal:

Wat is goeie voorbeelde van Afrikaanse vloekwoorde?

- Nadat jy op VOLGENDE hier onder geklik het, verskyn 'n lys met 60 vloekwoorde op die skerm.
- By elke woord is vier leë sterre.



- Gebruik 'n oomblik om die woord te beoordeel: Hoe 'n goeie voorbeeld van 'n vloekwoord is die betrokke woord? Hoe nuttig sou dit vir 'n aanleerder van Afrikaans wees om hierdie vloekwoord aan te leer?
- Ken aan die woord 'n ster toe, waar:
 - een ster = minder goeie voorbeeld van 'n Afrikaanse vloekwoord; en
 - vier sterre = baie goeie voorbeeld van 'n Afrikaanse vloekwoord.

- Byvoorbeeld:



- Doen dieselfde vir elke woord. Jy móét vir elke woord 'n gradering toeken.
- Klik op STUUR.

Dis regtig maklik en behoort jou ongeveer 5 minute (indien so lank!) te neem om te voltooi. (Oorspronklike formatering is behou.)